## DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek 'n besondere woord van dank en waardering rig aan my studieleier, prof. J.L. van der Walt, verbonde aan die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde aan die Universiteit van Potchefstroom. Die leiding en aanmoediging wat hy my gegee het, sal altyd onthou word.

'n Woord van opregte dank aan my eggenoot en kinders vir hulle ondersteuning en samewerking.

# DIE OPVOEDINGSFILOSOFIE VAN DIE HALF-VERWESTERSTE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING

Verona Gazendam, B.A.Mus., B.Ed., T.H.O.D.

Verhandeling goedgekeur vir die graad Magister Educationis in Fundamentele Opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. J.L. van der Walt.

Potchefstroom.

1990

# OPSOMMING

Die navorsing in die verhandeling handel oor die opvoedkundige opvattinge van die half-verwesterste Tswana-ouer, en pogings om dit te omskep in 'n opvoedingsfilosofie.

Die doel van die ondersoek was eerstens om vas te stel hoe die opvoedingsgedagtes van die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing daar uitsien en tweedens om te poog om dit tot 'n opvoedingsfilosofie te formaliseer.

Die stappe wat gevolg is, was om die voor-teoretiese en teoretiese grondslae van die opvoedingsgedagtes van die Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing, tradisioneel en in die half-verwesterste situasie na te gaan. Ook is die half-verwesterste Tswana-ouer se gedagtes oor opvoeding, tradisioneel en in die half-verwesterste situasie ondersoek.

Daar is vasgestel wat die half-verwesterste Tswana-ouer se godbeskouing, werklikheidsbeskouing, mensbeskouing, samelewingsbeskouing, kennisleer en doelleer behels. Na aanleiding van inligting wat hieroor ingewin is, is bevind dat die Tswana-ouer in die Potchefstroom-ondersoek wel in 'n toestand van half-verwestering verkeer. Daar is 'n vermenging van tradisionele en Westerse idees ten opsigte van hul lewensopvatting. Wat hul opvoedingsfilosofie betref, is bevind dat die ouers, hoewel hulle nie graag sou wou hê dat hul kinders moet vergeet van die tradisionele nie, terselfdertyd probeer om aan die Westerse standaarde van opvoeding te voldoen. Kinders moet op die hoogte gebring word van vereistes wat vir 'n latere beroepslewe gestel sou word.

Hoe meer verwesters 'n ouer in sy alledaagse voorkoms en lewenswyse is, hoe belangriker is dit vir hom dat sy kind hom moet voorberei vir sy lewe as volwassene en wel deur middel van die skool en naskoolse opleiding. Hulle hoop en vertrou dat hul kinders se lewenstandaard hoër as dié van die ouers sal wees - gemeet aan Westerse standaarde.

Aanbevelings wat uitgespreek is ten opsigte van die ouer se opvoedingsfilosofie is dat ouers meer op die hoogte gebring moet word rakende eise wat aan hul kinders gestel word sodat hulle hul kinders meer positief ten opsigte hiervan kan stimuleer en begelei. Ook is aanbeveel dat, aangesien betreklik min navorsing gedoen is oor opvoedingsfilosofieë van ander swart etniese groepe in die algemeen, en van die Tswana in die besonder, dit 'n terrein is waarop navorsers hulle goedskiks kan begewe.

# SUMMARY

This study investigates the educational ideas of semi-westernised Tswana parents and attempts to translate this educational trail of thought into an educational philosophy.

The purpose of this research was, firstly, to determine what the educational beliefs of the semi-westernised Tswana parent in the Potchefstroom area actually are, and secondly, to formulate these beliefs into a coherent educational philosophy.

The steps that were followed, were to investigate the pre-theoretical and theoretical foundation of the educational principles of the Tswana parents in the Potchefstroom area, both in their traditional and semi-westernised situations. Their general ideas with regard to education, in both traditional and in semi-westernised situations, were also researched.

The semi-westernised Tswana's viewpoints on religion, reality, people, society, epistemology (theory of knowledge) and teleology were firstly determined. From the data that was gathered it was concluded that the Tswana parent in die Potchefstroom study indeed showed a mixture of traditional and westernised beliefs with regard to their outlook on life. With regard to their educational philosophy, it was found that even though parents hoped that their children would not forget traditional beliefs, these parents attempted to conform to Western standards of education. These parents' argument was that children must be well-informed about requirements they might have to meet in their future vocations.

The more westernised a parent was in daily appearance and way of living, the more important it was for the child to be prepared for his/her life as an adult by means of formal schooling and post-school training. In addition, these parents hope and trust that their children will be able to maintain a higher standard of living - measured in terms of Western standards - than their parents.

Recommendations made with regard to the parents's educational philosophy were that parents should be better informed of the demands placed on children today, so that they may be able to provide improved leadership and create a more positive motivational climate for their children. In addition, the researcher recommends that this field of research is begging to be explored further,

especially since there has been relatively little research conducted to date on the educational philosophies of other black ethnical groups in general - and that of the Tswana in particular.

# INHOUDSOPGAWE

1. PROBLEEM- EN DOELSTELLING VAN DIE NAVORSING EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 INLEIDING 1

1.2 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE PROBLEEM 1

1.3 PROBLEEMSTELLING 4

1.4 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING 4

1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK 5

1.6. METODE VAN ONDERSOEK 5

1.6.1. Empiriese ondersoek 5
1.6.2. Literatuurstudie 8
1.6.3 Prinsipieel-besinnende en Prinsipieel-beskrywende metode 9
1.6.4. Die probleem-historiese metode 9
1.6.5. Transendentaal-kritiese metode 9

1.7 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSTERREIN 10

1.7.1 Afbakening in terme van wetensgebied 10
1.7.2 Afbakening van die navorsingsterrein ten opsigte van enkele kernbegrippe 10

1.8 PROGRAM VAN ONDERSOEK 13

1.9 HOOFSTUKINDELING VAN HIERDIE NAVORSINGSVERSLAG (VERHANDELING) 13

1.10 SAMEVATTING 14

**2. DIE VOOR-TEORETIESE EN TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE TSWANA-OUER SE OPVOEDING IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING, TRADISIONEEL EN IN DIE OORGANG NA VERWESTERING** 15

2.1 INLEIDING 15

2.1.2 Wat is voor-teoretiese en teoretiese grondslae van opvoeding? 15

2.2 DIE VOOR-TEORETIESE EN TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE TSWANA-OUER SE OPVOEDINGSFILOSOFIE IN MEER BESONDERHEDE 17

2.2.1 Godbeskouing 17
2.2.1.1 Tradisioneel 17
2.2.1.2 In die half-verwesterste toestand 21
2.2.1.3 Samevatting 28

2.2.2 Werklikheidsbeskouing (ontologie, kosmologie, realogie) 28
2.2.2.1 Tradisioneel 28
2.2.2.2 In die half-verwesterste toestand 30
2.2.2.3 Samevatting 35

2.2.3 Mensbeskouing (antropologie) 36
2.2.3.1 Tradisioneel 36
2.2.3.2 In die half-verwesterste toestand 39
2.2.3.3 Samevatting 43

2.2.4 Samelewingsbeskouing 43
2.2.4.1 Tradisioneel 43
2.2.4.1.1 Algemeen 43
2.2.4.1.2 Tradisionele groepering 43
2.2.4.1.3 Tradisionele behuising 46
2.2.4.1.4 Tradisionele eetgewoontes 46
2.2.4.1.5 Tradisionele huwelik 46
2.2.4.1.6 Tradisionele egskeiding 47
2.2.4.1.7 Tradisionele lobola 47
2.2.4.1.8 Tradisionele gesagsiening 48

2.2.4.2 In die half-verwesterste toestand 49
2.2.4.2.1 Nuwe groepvorming 49
2.2.4.2.2 Behuising 52
2.2.4.2.3 Eetgewoontes 54
2.2.4.2.4 Huwelik 56
2.2.4.2.5 Egskeiding 57
2.2.4.2.6 Lobola 57
2.2.4.2.7 Nuwe werksgeleenthede 58
2.2.4.2.8 Gesag 59
2.2.4.2.9 Samevatting 59

2.2.5 Kennisleer 60
2.2.5.1 Tradisioneel 60
2.2.5.2 In die half-verwesterste toestand 61
2.2.5.3 Samevatting 62

2.2.6 Doelleer 63
2.2.6.1 Tradisioneel 63
2.2.6.2 In die half-verwesterste toestand 63
2.2.6.3 Samevatting 64

2.2.7 Samevattende oorsig 64

**3. DIE OPVOEDINGSFILOSOFIESE BESKOUINGE VAN DIE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING, TRADISIONEEL EN IN DIE OORGANG NA VERWESTERING** 65

3.1 INLEIDING 65

3.2 DIE WESE VAN OPVOEDING 65

3.2.1 Tradisioneel 65

3.2.2 In die half-verwesterste toestand 66

3.2.3 Samevatting 67

3.3 DOEL VAN OPVOEDING 67

3.3.1 Tradisioneel 67

3.3.2 In die half-verwesterste toestand 68

3.3.3 Samevatting 72

3.4 INHOUD VAN OPVOEDING 72

3.4.1 Tradisioneel 72

3.4.2 In die half-verwesterste toestand 74

3.4.3 Samevatting 75

3.5 METODE VAN OPVOEDING 75

3.5.1 Tradisioneel 75

3.5.2 In die half-verwesterste toestand 77

3.5.3 Samevatting 80

3.6 DIE OPVOEDELING 81

3.6.1 Tradisioneel 81

3.6.2 In die half-verwesterste toestand 82

3.6.3 Samevatting 85

3.7 DIE OPVOEDERS 86

3.7.1 Inleiding 86

3.7.2 Tradisionele opvoeders 87

3.7.2.1 Die moeder as opvoeder 87

3.7.2.2 Die vader as opvoeder 88

3.7.2.3 Ouer-kindverhouding 88

3.7.3 In die half-verwesterste toestand 88

3.7.3.1 Algemeen 88

3.7.3.2 Die moeder as opvoeder 89

3.7.3.3 Die vader as opvoeder 92

3.7.3.4 Ouer-kindverhouding 93

3.7.4 Samevatting 95

3.8 DIE SKOOL 95

3.8.1 Tradisioneel 95

3.8.2 In die half-verwesterste toestand 97

3.8.3 Samevatting 102

3.9 DISSIPLINE EN GESAGSUITOEFENING 102

3.9.1 Tradisioneel 102

3.9.2 In die half-verwesterste toestand 104

3.9.3 Samevatting 106

3.10 SAMEVATTENDE OORSIG 107

**4. WAARDERENDE BESKOUING OOR DIE GRONDSLAE VAN DIE OPVOEDINGSFILOSOFIE EN DIE OPVOEDINGSFILOSOFIE VAN DIE HALF-VERWESTERSTE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING** 108

4.1 INLEIDING 108

4.2 DIE GRONDSLAE VAN DIE OPVOEDINGSGEDAGTES VAN DIE HALF-VERWESTERSTE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING 108

4.2.1 Godbeskouing 108

4.2.2 Werklikheidsbeskouing 109

4.2.3 Mensbeskouing 110

4.2.4 Samelewingsbeskouing 111

4.2.5 Kennisleer 111

4.2.6 Doelleer 112

4.3 OPVOEDINGSFILOSOFIE 112

4.3.1 Doel van opvoeding 112

4.3.2 Inhoud 113

4.3.3 Metode 113

4.3.4 Opvoedeling 114

4.3.5 Opvoeder 114

4.3.6 Gesag 115

4.4 SAMEVATTING 116

**5. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 118**

5.1 INLEIDING 118

5.2 BEVINDINGS 118

5.2.1 Die voor-teoretiese en teoretiese grondslae 118
5.2.1.1 Godbeskouing 118
5.2.1.2 Werklikheidsbeskouing 119
5.2.1.3 Mensbeskouing 120
5.2.1.4 Samelewingsbeskouing 122
5.2.1.5 Kennisleer 124
5.2.1.6 Doelleer 124

5.2.2 Opvoedingsfilosofie 124

5.2.2.1 Wese en doel 124
5.2.2.2 Inhoud 125
5.2.2.3 Metode 125
5.2.2.4 Opvoedeling 126
5.2.2.5 Opvoeders 127
5.2.2.6 Skool 128
5.2.2.7 Gesag 128

5.3 GEVOLGTREKKINGS 129

5.4 AANBEVELINGS 130

5.4.1 Aanbevelings oor die opvoeding deur half-verwesterste Tswana-ouer 130

5.4.2 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing 130

5.5 SAMEVATTING 131

**BIBLIOGRAFIE** 132

**BYLAE A** 141

# 1. PROBLEEM- EN DOELSTELLING VAN DIE NAVORSING EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

## 1.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om aan te toon waarom navorsing op die terrein wat in die volgende paragraaf aangedui word, noodsaaklik geword het, en watter metodes aangewend is om die probleem wat vir die doeleindes van die navorsing gestel is, te ondersoek en tot bevredigende resultate te kom.

## 1.2 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE PROBLEEM

Daar bestaan reeds baie literatuur oor die kultuur, lewensfilosofie, gewoontes, gebruike, ensovoorts van die tradisionele Tswana. Setiloane (1976:9-79) wy byvoorbeeld in sy boek 'n hele afdeling aan "The Sotho-Tswana in the traditional setting". Die Tswana-lewe en -kultuur word ook deur Schapera (1971b:9-66) breedvoerig beskrywe onder opskrifte soos: Geskiedenis, Taal en Literatuur, Ekonomie, Sosiale organisasie, Wette en Godsdiens. Schapera skryf hieroor 'n boek met die naam TRIBAL INNOVATORS: TSWANA CHIEFS AND SOCIAL CHANGE 1795-1940 (1970:2-265). Ten opsigte van die seremonies en gebruike van die Tswana bestaan daar 'n boek getitel RAINMAKING RITES OF TSWANA TRIBES (Schapera, 1971a:2-141). Ashton (1937) wy op sy beurt 'n boek aan die politieke en juridiese organisasie van die Tswana. Wat betref die tradisionele Tswanawette word verwys na Simon Roberts se RESTATEMENT OF AFRICAN LAW (1972). Die maatskaplike gewoontes en lewe van die Tswana word deur John Comaroff en Simon Roberts (1981) beskrywe.

Die tradisionele Tswana se opvoedingsfilosofie is egter, sover vasgestel kon word, nog nie as sodanig volledig beskrywe nie. 'n Vraag wat in dié verband na vore kom, is of die Tswana al ooit 'n bewuste opvoedingsfilosofie gehad het. Volgens Luthuli (1981:5) bestaan daar nie by die swartman so iets as 'n opvoedingsfilosofie nie. Met verwysing na swart volke in die algemeen, meen hy die groot swakheid in opvoeding onder swartes is die "lack of an underlying philosophical conviction regarding the nature, purpose and aims of education" (Luthuli, 1981:5).

'n Verdere vraag is of die Tswana se opvoedingsfilosofie op een lyn staan met sy lewens- en wêreldbeskouing. Nel (1978:19) verwys na swartes in die algemeen wanneer hy sê dat, ten opsigte van die doel wat die swartman met sy kinders nastreef, dit blyk dat sy tradisionele lewens- en wêreldbeskouing

moeilik, indien enigsins, vereenselwig kan word met opvoedkundige beginsels.

Die swartman se geloof in toorkrag (onder andere) is byvoorbeeld volgens hom onversoenbaar met opvoedkundige norme (Nel, 1978:17).

As gevolg van aanraking met die Westerse kultuur en godsdiens bestaan daar vandag in werklikheid nie meer 'n tradisionele Tswanakultuur en -opvoedingsfilosofie nie, behalwe miskien onder die ou mense op die platteland en in dele van die nasionale state, soos Bophuthatswana. "On the other hand the rural Black home has also advanced, but the whole homestead still bears a strong resemblance to a dwelling of a pre-contact period. Black people in these areas still carry traditional objects such as shields, spears and knopkieries and they still use open fires for cooking and heating food." (Luthuli, 1981:37).

As gevolg van die kontak met die blankes, nie net in stede en dorpe nie, het daar oor 'n lang tydperk grootskaalse akkulturasie plaasgevind (Van der Walt, 1984:8). Volgens Luthuli (1981:37) het kolonisasie, industrialisasie en uiteindelike verstedeliking 'n verskeidenheid materiële kulture na die swartman gebring wat die opvoedingsdoel van die mense beïnvloed het. Hy beweer ook (Luthuli, 1981:54) dat "When Blacks settled in urban areas and on White-owned farms their traditional behaviour patterns were further transformed, which in turn affected the education of the young generation". Die Tswanas is ook sterk beïnvloed deur die Afrikaanse kultuur en taal (Motsueyana, 1979:4).

Volke bestaan nie in isolasie nie maar verkeer in 'n kontakverhouding met ander volke. Nou vind daar gewoonlik kultuurbeïnvloeding en -verandering plaas as gevolg van sodanige kontakverhouding (Maritz, 1976:71). Taal, gedragspatrone, ensovoorts, vorm alles deel van die kultuur van 'n volk en aangesien opvoeding 'n noodsaaklike medium vir kultuuroordrag is, is dit logies dat wanneer 'n kultuurverandering plaasvind, "education, as its vehicle, also changes" (Luthuli, 1981:28).

Dat alle Tswanamense volkome verwesters het, is op hierdie stadium nog onwaarskynlik, met ander woorde, die grootste getal Tswanamense verkeer in 'n half-verwesterste stadium "... the Tswana culture has greatly been influenced by the Western culture of the whites", maar dit beteken nie dat "...the Tswana culture has been eroded" (Malao, 1983:3).

Setiloane (1976:12) verwys na die Sotho-Tswana wanneer hy sê dat "Culturally,

the people to-day live at various stages between the poles, on the one hand of African tribalism - in a traditional setting, under a tribal chief, and following Mekgwa (the customs) of the fathers and, - on the other, of Western civilization".

Nel (1978:8) beweer dat daar genoegsame aanduidings is dat die swartman as mens binne die Westerse samelewing op gelyke voet met die Westerling wil verkeer maar dat hy as swartmens streef om sy eie tradisionele kultuur te behou en selfs uit te brei.

Die afleiding kan uit hierdie beweringe gemaak word dat Tswanamense soms regresseer (terugval) in die tradisionele kultuur en lewenshouding. "In krisisoomblikke gryp die Tswana terug na sy tradisionele denke en optrede." (Woudstra, 1973:33). Dieselfde skrywer beweer ook dat die Tswana in beduidende getalle nie bereid is om homself te onttrek aan die tradisionele bestaansbedryf nie, al word 'n Westers-georiënteerde betrekking of beroep gevolg.

Rhenoster (1971:160) het 'n opname gemaak in Wes-Transvaal en Noord-Kaapland, wat hoofsaaklik deur die Tswana-volkseenheid bewoon word. Hy vind die volgende in 'n opname oor die skool-gemeenskapsverhouding in die Tswana-volkseenheid: Die ouer-gemeenskap het oor die algemeen nog nie hulle tradisionele, maatskaplike en sosiale geaardheid verloor nie. Hulle begeer onder andere die behoud van Letsema (groepwerkmetode) en ander tradisies, en voel dat die skool hulle hierin moet bystaan. Nog bevindinge is dat hulle nog waarde heg aan tradisionele opvoeding en kultuur, asook aan stam- en formele skole.

Dit is moeilik om te bepaal presies in watter mate die Tswana verwesters het. Volgens Erasmus (1970:219) het inisiasie-seremonies by die Tswanas te Dithakong feitlik geheel en al verdwyn en het omgewingsinvloede wat op die mense inwerk, van groter belang geword. Onderwysinvloede, geleerdheid, tegniese vaardigheid, kennis, ensovoorts, het die tradisionele statuspatroon laat vervaag.

Volgens Schapera (1971b:20) was die Tswana voorheen selfonderhoudend ten opsigte van huisvesting, klere, kos en huishoudelike ware. Kontak met die Westerling het meegebring dat geld die primêre medium van uitruiling geword het. Om in sy behoeftes te voorsien, het die Tswana ander beroepe begin volg, "including especially wage-labour in European areas". Dit is dus moeilik om te bepaal in watter mate die Tswanabevolking verwesters het, maar dat 'n groot

persentasie van hulle in 'n half-verwesterste stadium verkeer, is nie te betwyfel nie.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

In die lig van die voorafgaande agtergrondskets is die volgende probleemvrae vir die doeleindes van hierdie navorsing gestel:

1.3.1 Hoe sien die opvoedingsgedagtes van die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing daar uit?

1.3.2. Sou 'n mens hierdie opvoedingsgedagtes tot 'n opvoedingsfilosofie kon formaliseer?

## 1.4 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

Suid-Afrikaners woon in 'n multi-kulturele land en wedersydse kennis behoort van die onderskeie opvoedingsfilosofieë geneem te word. Kennis van grondmotiewe, oortuigings, lewensvisie of die denkpatroon wat ten grondslag van 'n ander persoon of groep se dade lê, kan lei tot wedersydse begrip vir mekaar (Van der Walt, 1976:2). Hierdie stelling word deur Van der Walt (1978b:1) beklemtoon: "Because every person adheres to one or other life and world view, and because a life and world view is typically human, our scientific (philosophical) knowledge about it could be valuable to us all."

Die swartmense woon en werk tussen die blankes, en aangesien hulle die grootste rassegroep in die land vorm, kan dit net tot die algemene voordeel strek as daar meer lig gewerp kan word op hulle opvoedingsgedagtes in die algemeen en op dié van die half-verwesterste Tswana in die besonder.

"Aandag moet gegee word aan dit wat waardevol is in die lewe van die Bantoe. Slegs as sodanige toestande heers, kan van so 'n kind 'n nuttige burger van sy gemeenskap gemaak word." (Rhenoster, 1971:176). Daar word soms vergeet dat mense verskillend optree omdat hulle verskillend dink (Van der Walt, 1978b:20).

'n Studie soos hierdie is as noodsaaklik beskou aangesien daar geen resente ondersoeke oor die onderwerp bestaan nie. RGN- en INEG-rekenaarsoektogte wat uitgevoer is, het aan die lig gebring dat daar nog geen navorsing na die opvoedingsfilosofie van die half-verwesterste Tswana-ouer gedoen is nie.

Rhenoster (1971:1) beklemtoon dat 'n nuwe benadering in die opvoeding wat rekening hou met die mens as indiwidu, wat onderlinge respek beklemtoon en wat 'n gesindheid van verantwoordelikheid vir sy naaste se welsyn by die opvoeder aanwakker, 'n vereiste geword het. Malao (1983:6) brei hierop uit deur te beweer dat opvoedkundige probleme uitgesorteer kan word, "if philosophy is clarified".

In die lig van die voorafgaande is die navorsing wat in hierdie verhandeling gerapporteer word, dus nie slegs noodsaaklik nie, maar ook uiters aktueel.

## 1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek was:

1.5.1. om vas te stel hoe die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing se opvoedingsgedagtes daar uitsien, en

1.5.2. om te poog om hierdie opvoedingsgedagtes tot 'n opvoedingsfilosofie te formaliseer.

## 1.6. METODE VAN ONDERSOEK

### 1.6.1. Empiriese ondersoek

Vir die bereiking van doelstelling 1.5.1. is onder andere 'n empiriese ondersoek geloods wat soos volg ingerig is:

Weens die noodtoestand (1985-1990) en gevare daaraan verbonde vir 'n vrou om in swart woonbuurte navorsing te doen, kon die moontlikheid van 'n empiriese ondersoek in sulke woongebiede self nie oorweeg word nie.

Om die probleem te oorbrug, is die empiriese ondersoek gedoen onder die Tswanamense wat òf in die swart woongebiede van Potchefstroom òf in genoemde munisipale gebied woon, maar bedags in blanke woonbuurte werk.

Vir die doel hiervan is die dorp Potchefstroom en die direk aanliggende dele (volgens 'n amptelike kaart van die dorp) in nagenoeg twintig gelyke dele verdeel.

Om die twintig gelyke dele te verkry, is 'n indeling gemaak volgens die werkersbevolkingsdigtheid. Die volgende persone is met die oog op hulp met die indeling genader:

| | |
|---|---|
| Mnr. R.A. van Zyl | Adjunk-Stadsingenieur, Potchefstroom. |
| Mev. R. de Beer | Stadsbeplanningsassistente, Potchefstroom. Sy het 'n kaart verskaf waarop slegs gegewens van die blankes in Potchefstroom verskyn. |
| Mnr. B.J. Scheepers | Assistent-direkteur, Transvaalse Provinsiale Administrasie. Gemeenskapsdienste Potchefstroom. |
| Mnr. I.G. Theron | Assistent-Direkteur, Transvaalse Provinsiale Administrasie. Volgens hom word daar sedert instromingsbeheer afgeskaf is (d.w.s. sedert Mei 1986), nie meer rekord gehou van die bewegings en bevolkingsgetalle van swartmense nie. |
| Mnr. E.N. Conradie | Administratiewe beampte, Departement van Mannekrag, Potchefstroom. Aangesien dit slegs 'n distrikskantoor is, kon die beampte geen inligting verskaf nie. |
| Mnr. J.F. Celliers | Toesighoudende Beroepsvoorligter, Departement Mannekrag, Johannesburg. Hy gee inligting deur aan mnr. E.N. Conradie van Potchefstroom: slegs die getal swart persone wat gedurende Julie/Augustus kom herregistreer en kom aansoek doen het vir werkersvoordele, is beskikbaar. |
| Mnr. J. van der Merwe | Volgens hom kan daar moontlike ou |

rekords bestaan maar hy dra geen kennis daarvan nie.

| | |
|---|---|
| Mnr. B. Wandrag | Personeelbestuurder, Boskopopleidingsentrum, Potchefstroom. Hy dra hoofsaaklik kennis van werkers op plase. |
| Prof. P.C. Schutte, | Departement Bedryfsadministrasie, PU vir CHO. Hy het nie onlangse navorsing in die verband gedoen nie. |
| Prof. J.L. Schutte, | Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling, PU vir CHO. Hy verskaf die 1985-sensusopnamedistrikte. |

Op grond van die inligting wat verkry kon word, is besluit om die getalle van die 1985-sensusopname as uitgangspunt te neem vir die indeling van die nagenoeg twintig gelyke dele. Slegs die getalle ten opsigte van die dorpsgebied en die aanliggende gebiede is uit die 1985-sensusopnamedistrikte gebruik.

Al die manlike en vroulike persone (insluitende kinders) wat volgens die sensus op persele was in die betrokke gebiede, is bymekaar getel. Die totaal, naamlik 2908, is deur twintig gedeel met die oog op die seleksie van twintig mense met wie onderhoude gevoer moes word. 'n Gemiddelde getal van 145 (2908/20) is verkry. Vervolgens is die dorpsgebied en die aanliggende dele opgedeel in twintig blokke, saamgestel op grond van veelvoude van 145.

Vir elke 145 mense in 'n blok is een respondent op ewekansige wyse gekies. Dit is soos volg gedoen:

'n Vierjarige kind is versoek om met haar vinger op 'n groot kaart te druk, en die plekke waar sy gedruk het, is dan beskou as die adresse waar respondente gevind kon word.

By die betrokke adres moes daar 'n persoon wees wat aan die volgende vereistes voldoen het:

'n Volwasse Tswana-man/-vrou wat

a) minstens 3 jaar tussen of vir blankes gewerk het;
b) eie kinders het;
c) die Afrikaanse/Engelse taal kan praat.

Indien so 'n respondent nie by die betrokke adres beskikbaar was nie, is na die huis direk links of regs langsaan of regoor gegaan totdat een gevind is.

Professor H.S. Steyn, Departement Statistiese Konsultasiediens, PU vir CHO, het sy goedkeuring geheg aan die wyse waarop die steekproef geneem is.

'n Aantal onderhoude, soveel as wat in elke geval nodig was, is met elkeen van die mense gevoer. 'n Skedule (kyk bylaag A) is ontwerp om as basis vir die gesprekke te dien.

Die gegewens wat deur die onderhoud versamel is, is tot samehangende tekste verwerk en saam met die gegewens uit die literatuurstudie verwerk tot die samehangende geheel wat in hoofstukke 2 en 3 hierna aangebied word.

Vir die bereiking van doelstelling 1.5.2. en gedeeltelik 1.5.1. is die volgende navorsingsmetodes aangewend.

1.6.2 <u>Literatuurstudie</u>

'n Literatuurstudie wat goed beplan is gee perspektief op die nuutste navorsingsresultate rondom 'n betrokke onderwerp, op die beste metodes en op die aktualiteite van die navorsing (De Wet et al., 1981:39-74).

Fox (1969:114) gee vyf funksies vir die "review of literature": die verwysingraamwerk van die voorgestelde ondersoek, duidelikheid oor die status van die navorsing in die probleemarea, opvattinge oor die benadering tot die navorsing, 'n skatting van die moontlikheid van sukses van die voorgenome navorsing, die belangrikheid of bruikbaarheid van die bevindings, en spesiale inligting wat nodig is om definisies, aannames, ensovoorts te stel.

Vir hierdie navorsing is die volgende literatuurstudie uitgevoer:

Ensiklopedieë en woordeboeke is geraadpleeg om die trefwoorde in die titel te

ontleed, byvoorbeeld "verwesters".

Vervolgens is katalogusse in biblioteke geraadpleeg om boektitels onder die verskillende trefwoorde in die titel van die navorsingsprojek te soek.

Ook is onder sekere skrywers se name na verwysingsbronne gesoek, en bronnelyste van werke is geraadpleeg.

Sekondêre bronne is geraadpleeg in gevalle waar die oorspronklike bron nie opgespoor kon word nie, en in gevalle waar byvoorbeeld kultuur-historiese agtergrond verkry moes word.

Rekenaarsoektogte is gedoen (Van der Walt, 1982:34-36).

Empiriese gegewens is geïntegreer met gegewens oor die half-verwesterste Tswana-ouer se opvoedingsfilosofie uit die literatuur.

### 1.6.3 Prinsipieel-besinnende en prinsipieel-beskrywende metode

Die metode is nie-empiries. Dit is 'n metode waarvolgens deur prosesse van besinning en herbedinking tot sekere fundamenteel-opvoedkundige oortuigings gekom word (Van der Walt, 1982:37-38).

### 1.6.4 Die probleem-historiese metode

Deur middel van hierdie metode gee die fundamenteel-opvoedkundige kortliks aandag aan die historiese verloop van die gebeurtenisse en omstandighede wat tot die probleem waarmee hy in die hedendaagse opvoedkunde te doen het, aanleiding gegee het (Van der Walt, 1982:39-40). "Furthermore in applying this method, we are provided with a general insight into the place of a thinker in the history of philosophy as well as his relation to others." (Van der Walt, 1978a:6). Hierdie metode is 'n poging om insig te verkry "into a philosophical conception" deur te konsentreer op die basiese vrae en antwoorde betreffende die kosmos sowel as die bewegings en/of strominge in die ontwikkeling van filosofiese denke (Van der Walt, 1978a:27).

### 1.6.5 Transendentaal-kritiese metode

Volgens Schoeman (1983:81) beteken om transendentale kritiek op 'n anders-

denkende eksponent van 'n bepaalde wetenskap te lewer, letterlik om jouself in sy posisie te stel en te probeer aandui hoedat sy denke deur besondere voor-teoretiese en teoretiese voorwaardes bepaal en gelei word.

Strauss (1971:69) beweer dat die denke van elke wetenskaplike berus op die teoretiese grondslag van 'n grondidee, wat self bepaal word deur die sentrale stellingname van die menslike hart onder die beslaglegging deur een of ander grondmotief, "... waarvan de denker zich in zijn wijsgeerige grondidee allereerst heeft rekenschap te geven" (Dooyeweerd, 1935:53).

Die voorafgaande word deur Van der Walt (1980:77) beklemtoon wanneer hy sê dat die persoon wat 'n opvoedkundige denker se denke transendentaal-krities ontleed, nie alleen probeer aantoon wat die religieuse grondmotief van sy denke is nie, maar ook probeer om sy transendentaal-teoretiese grondidee uit te lig. "Met die transendentaal-kritiese metode kan dus bepaal word watter spesifieke grondmotief in 'n bepaalde teorie werksaam is." (Van der Walt, 1982:41).

## 1.7 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSTERREIN

### 1.7.1 Afbakening in terme van wetensgebied

Hierdie navorsing is 'n fundamenteel-opvoedkundige studie aangesien dit handel oor die grondslae van opvoeding, naamlik die ontologie, antropologie, kenteorie en die samelewingsleer. Verder handel dit oor die doel van opvoeding, oor die samestelling, aard en struktuur van die opvoeding, en in hierdie geval spesifiek dié van die half-verwesterste Tswana. Die fundamentele opvoedkunde beantwoord die mees fundamentele vrae oor opvoeding soos dit deur ouer en onderwyser verlang word (Van der Walt et al., 1977:4).

### 1.7.2 Afbakening van die navorsingsterrein ten opsigte van enkele kernbegrippe, naamlik:

Opvoedingsfilosofie, Westers, half-verwesters, tradisioneel, Tswana, ouer, Potchefstroom-omgewing, Bantoe/swartman.

#### Opvoedingsfilosofie

Voordat bogenoemde term beskryf word, word net kortliks gelet op die term

opvoeding. Van der Walt en Dekker (1982-1983:25,26) beskryf opvoeding as 'n "iets", 'n "gebeure", 'n "handeling", wat plaasvind waar een mens (gewoonlik 'n volwassene met gesag) hom opsetlik bemoei met 'n ander mens (gewoonlik 'n opvoedingsbehoeftige) wat gedurende hierdie gebeure nie passief kan wees nie maar die aangebode hulp moet aanvaar en verwerk. Opvoeding beteken letterlik "voeding na bo" waardeur die opvoedeling doelbewus tot "volwassenheid" gelei sal kan word.

Opvoedingsfilosofie word deur Van der Walt (1987:5) soos volg beskrywe. Wanneer die fenomeen opvoeding in filosofiese opsig bestudeer word vanuit die opvoedkundige hoek gebeur dit op die terrein van die fundamentele opvoedkunde. Wanneer dit egter vanuit die hoek van die filosofie-spesialis bestudeer word, in 'n poging om die plek van opvoeding in die opstel van dinge in die realiteit te bepaal, is dit die terrein van die filosofie van die opvoeding, 'n spesiale afdeling van die filosofie. Die eerste is dus 'n dissipline van die opvoedkunde en die tweede 'n dissipline van die filosofie.

Volgens Gunter (1964:21) kan met reg gesê word dat elke opvoedkundige of opvoeder se opvoedingsfilosofie niks anders is as sy vertolking van die opvoeding in die lig van sy bepaalde lewens- en wêreldbeskouing nie. Die gehalte en waarde van elke opvoedingfilosofie sal dus afhang van die waarde en gehalte van die lewens- en wêreldbeskouing, maar veral van die mensbeskouing waarin dit verwortel lê. Omdat mense van mekaar verskil ten opsigte van hul lewens- en wêreldbeskouing sal daar dus nie net een opvoedingsfilosofie bestaan nie, maar word gepraat van opvoedingsfilosofieë.

In die huidige ondersoek hou die term "opvoedingsfilosofie" verband met die Tswana-ouer se opvattinge oor die opvoeding.

<u>Westers</u>

Hier verwys Van der Walt (1984:13) na Parrinder (1969:237) wat sê dat die term Westers gebruik word vir die Europees-Amerikaanse kultuurinhoude wat nie spesifiek nie, maar by implikasie ook Christelik is.

Die <u>Reader's Digest Great Illustrated Dictionary</u> (1984:1869) verklaar "Westernise" soos volg: " ... to influence with, or cause to adopt, customs and styles of living characteristic of the industrially developed countries of the west."

Half-verwesters

Dit is 'n toestand êrens halfpad tussen tradisioneel en Westers.

Tradisioneel

Die HAT (1985:1163) gee die volgende definisie vir "tradisie". Die oordrag van geslag aan geslag, mondelings of in geskrif, van geestelike besittings, kultuurgoedere. Tradisioneel is dit wat volgens tradisie is.

Die Oxford Dictionary (1989:353) se definisie van die woord is: "The action of transmitting or 'handing down' or fact of being handed down, from one to another, or from generation to generation; transmission of statements, beliefs, rules, customs, or the like, esp. by word of mouth or by practice without writing."

Tswana

Dit is al beweer dat die kollektiewe naam Tswana "vermeerdering of onderverdeling" beteken (Bruwer, 1963:22).

Die Tswana (Schapera, 1971b:9) is een van die drie hoofgroepe waarin etnoloë en linguiste gewoonlik die Sothogroep van die swarttaalsprekers van Sentraal Suid-Afrika indeel.

Daar is nie sekerheid omtrent die oorsprong van die Sothogroep waaraan die Tswana behoort nie. Die konvensionele siening is dat hulle van die hoofliggaam van die swarttaalsprekende bevolking geskei is iewers in die omgewing van die groot mere van Oos-Afrika, en hulle het Suid-Afrika binnegekom, moontlik deur die westelike gedeeltes van die destydse Suid-Rhodesië in drie opeenvolgende volksverhuisings. Die derde en grootste volkverhuising word gereken as die voorouers van alle Sothostamme (Schapera, 1971b:15).

Ouer

In hierdie geval die vader/moeder/voog van 'n Tswana-kind.

Potchefstroom-omgewing

Die dorp Potchefstroom en die direk aangrensende gebiede. Die gebied is gekies

omdat dit vir die ondersoeker prakties bereikbaar sou wees.

Bantoe/swartman

Bantoe:
Die naam beteken letterlik volgens Rosenthal (1965:37) "The people", en verwys na die "aboriginal inhabitants of South Africa, other than the Hottentots and Bushmen".
Swartman:
Volgens die HAT (1985:1119) verwys swartman na die "Bantoe". Die skrywer van die verhandeling maak deurgaans gebruik van die term swartman behalwe wanneer direk uit 'n bron aangehaal word.

## 1.8 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Die volgende ondersoekprogram is uitgevoer:

1. Literatuurstudie oor opvoeding, filosofie, Tswanabevolking, invloed van die Westerse beskawing op die swart bevolking.

2. Empiriese ondersoek ter verkryging van inligting betreffende die Tswana-ouer se opvoedingsfilosofie in die praktyk.

3. Formalisering van gegewens uit 1 en 2 tot 'n opvoedingsfilosofie; kritiese evaluering.

## 1.9 HOOFSTUKINDELING VAN HIERDIE NAVORSINGSVERSLAG (VERHANDELING)

1. Probleem-, doelstelling van die navorsing en metodologiese verantwoording.

2. Die voor-teoretiese en teoretiese grondslae van die half-verwesterste Tswana-ouer se opvoeding, tradisioneel en in die oorgang na verwestering.

3. Opvoedingsfilosofiese aspekte.

4. Waarderende beskouing oor die opvoedingsfilosofie van die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing en oor die grondslae daarvan.

5. Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleem- en doelstelling van die navorsing aangedui, die metodologie beskryf en die terrein afgebaken. Teen hierdie agtergrond kan nou oorgegaan word tot 'n beskrywing van die grondslae van die Tswana-ouer se opvoeding.

# 2. DIE VOOR-TEORETIESE EN TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE TSWANA-OUER SE OPVOEDING IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING, TRADISIONEEL EN IN DIE OORGANG NA VERWESTERING

## 2.1 INLEIDING

"Omdat 'n persoon se siening van die mens en die heelal ook sy visie op die essensie van die opvoeding, naamlik die opvoedeling, opvoedingsdoelstellings en die realisering van daardie doelstellings omspan, is die hegte verbintenis tussen wysbegeerte en wysgerige pedagogiek sondermeer duidelik, en is dit geregverdig om die stelling neer te lê dat 'n mens se siening van die lewe ook sy siening van die opvoeding sal bepaal. 'n Opvoedingsfilosofie ontplooi derhalwe teen 'n bepaalde filosofiese agtergrond en vertoon essensieel die ooreenstemmende kosmologiese en antropologiese onderbou daarvan." (Schoeman, 1975a:1).

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die voor-teoretiese en teoretiese grondslae aan te toon voordat oorgegaan word na die opvoedingsfilosofie van die Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing.

### 2.1.2 Wat is voor-teoretiese en teoretiese grondslae van opvoeding?

"Voor-teoretiese" is dit wat nie wetenskaplik verantwoordbaar is nie (Schoeman, 1975a:4).

In die selfheid van die mens, dit wil sê in die worteleenheid of religieuse sentrum van sy bestaan, bestaan 'n bepaalde opvatting of kennis van sy Oorsprong (oorsprong), met as noodwendige korrelaat daarvan, selfkennis. Hierdie kennis is uiteraard van voor-wetenskaplike en voor-teoretiese aard, en vanuit hierdie oord dring hierdie vóór-kennis as 'n religieuse vóóronderstelling tot die mens se temporele bewussynsfeer deur. Dit is die bewys dat voor-teoretiese kennis (vooronderstellinge) nie van die teoretiese denke isoleerbaar is nie (Schoeman, 1975a:12).

Schoeman (1975a:11) meen verder dat religie van voor-teoretiese en voor-wetenskaplike karakter is en as die wesenlike van die mens beskou moet word, want daarsonder kan geen mens bestaan nie. Dit verklaar waarom die mens sekere dinge doen soos hy dit doen.

Teoretiese denke is soos alle kosmiese dinge, slegs deel van hierdie tydelike werklikheid en kan derhalwe nooit aan sy beperkinge ontkom in die sin dat dit die kosmiese kan transendeer nie (Schoeman, 1975a:16).

Vir Van der Walt (1990:12) is die essensiële dat die mens 'n geestelike eenheid (gewortel in die religieuse konsentrasiepunt van sy hart) is, en dat hy 'n verskeidenheid (liggaamlike) funksies openbaar.

Die voor-teoretiese en teoretiese grondslae van menslike denke ('n opvoedingsfilosofie, in hierdie geval) word (onder andere) soos volg onderskei:

* <u>Godbeskouing</u>

  Aan die kern van die mens se persoonlikheid lê sy betrokkenheid by die bonatuurlike, by 'n oormag, by God wat sy lotgevalle beheer en sonder wie se leiding hy self geen rigting sou hê nie en sy wêreld sinloos sou wees. Pistorius (1978:160) sê verder dat die Godbeskouing wat deur verskillende mense gehuldig word, diepgaande verskille vertoon.

* <u>Werklikheidsbekouing</u>

  "Die werklikheid word ervaar as 'n eenheid, iets wat bestaan op geordende wyse." (Van der Walt & Dekker, 1982-83:44). Dit is vanselfsprekend dat daar byna 'n ontelbare aantal beskouinge oor die werklikheid is: elke mens het 'n bepaalde werklikheids- of wêreldbeskouing wat hy om die een of ander rede aanvaar en huldig. Die werklikheidsbeskouing wat 'n wetenskaplike huldig ter wille van die beoefening van die wetenskap, is 'n beskouing van die werklikheid wat opgebou is uit noukeurige, wetenskaplike bestudering van die werklikheid self, en daarom word verkies om van 'n kosmologie te praat (Van der Walt & Dekker, 1982-83:76).

* <u>Mensbeskouing</u>

  'n "Lewensbeskouing sluit die mensbeskouing in en behels daarbenewens opvattinge oor ander aspekte van die mens se gerigtheid op sy werklikheid" (Pistorius, 1978:159).

  Omdat ons nie met 'n blote alledaagse intuïtiewe beskouing van die mens te doen het nie, word verkies om te praat van 'n antropologie, wat dui op die

wetenskaplike aard van die beskouing van die mens (Van der Walt & Dekker, 1982-83:77).

Volgens Pistorius (1978:140) lê die antropologie aan die wortel van alle opvoeding. Die opvoeder moet weet wat 'n mens is sodat hy die kind kan help.

* <u>Samelewingsbeskouing</u>

Die opvoeding wat in elke samelewingsverband plaasvind, word gekwalifiseer deur die kwalifiserende funksie van die betrokke samelewingsvorm (Van der Walt & Dekker, 1982-83:87).

* <u>Kennisleer</u>

Die mens word bewus van die andersheid tussen hom en die vanselfsprekende bestaan van natuurdinge en dit dwing hom om wetend standpunt in te neem ten opsigte van sy wêreld. Om verantwoordelik en doeltreffend te handel moet die mens sy wêreld ken (Pistorius, 1978:162).

* <u>Doelleer</u>

Dit verwys na die leer of opvattinge van die doel wat 'n mens probeer bereik, dit waarna 'n mens strewe (HAT, 1985:161).

## 2.2 DIE VOOR-TEORETIESE EN TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE TSWANA-OUER SE OPVOEDINGSFILOSOFIE IN MEER BESONDERHEDE

### 2.2.1 Godbeskouing

#### 2.2.1.1 Tradisioneel

Volgens Van der Wateren (1976:42) word daar doelbewus nie van 'n godsbegrip by die swartman gepraat nie, omdat dit by die swartman nie 'n enkelvoudige begrip is nie. Daar kan hoofsaaklik vier verbandhoudende maar duidelik onderskeibare elemente van die godsbegrip afgesonder word, naamlik 'n opperwesefiguur, goddelike wesens (ook bekend as demigode of halfgode), voorouers en magie. Van der Walt en Postma (1987:93) beskryf die godbeeld van die swartman as veelfasettig. Die godbeeld neem ook in elke area 'n bepaalde vorm aan vanweë die

sosiale struktuur en omstandighede. Dit is omdat "in each locality, the concept of God usually takes its emphasis and complexion from the sociological structure and climate" (Idowu, 1973:148).

God (Modimo)

Elkeen van die swart volksgroepe in Suid-Afrika het 'n hoogste wese of opperwese met 'n min of meer ooreenstemmende posisie maar onder verskillende name (Van der Wateren, 1976:42).

Hy word in die algemeen as 'n kragfiguur beskou en Hy toon sy krag in die daarstelling van alles (natuur en kultuur), en verder deur besondere verskynsels soos weerlig, reën, droogtes en storms. Hy is egter te ver buite bereik van die alledaagse om Hom met onbenullighede te bemoei. Dit is ondenkbaar dat iemand sy hulp sal soek "in solving the troubles of the living" (Tyrell, 1968:Inleiding).

Parrinder (1969:40) beskryf Hom as "invisible, infinite and unchangeable". Hy sê ook dat aangesien Hy groter as enige ander gees of mens is, God geheimsinnig is en niemand Hom kan verstaan nie. Hy skep en vernietig, Hy gee en neem. Hy is die vriend "of men who helps them in their trouble" (Idowu, 1973:150). Die meeste Afrikavolke het geglo dat die mens 'n afstammeling van die opperwese is en dat skakeling met Hom slegs deur die voorvaders wat nader aan Hom staan, kon geskied (Van der Walt, 1990:14). Die geesteswêreld van die swartman sluit wel 'n hoogste godheid in, wat ook die skepper is. Dis egter 'n skepper wat Hom nie juis met hierdie wêreld bemoei nie, nie regstreeks benader of gedien kan word nie, en ook nie regstreekse verantwoordelikheid eis nie (Van der Walt, 1990:26).

Vir die Sothovolke is hierdie opperwese Modimo, die skepper en onderhouer van alle dinge, die hemelgod wat sy misnoeë te kenne gee deur windstorms, hael, hitte, ensovoorts (Bruwer, 1963:122).

Wanneer daar spesifiek na die Tswana verwys word, word gevind dat Modimo ook hier die hoogste krag of opperwese is. Modimo is 'n vae, dofomlynde begrip van 'n krag of persoon wat senior is bo alles (Erasmus, 1970:69). Setiloane (1976:80-81) beskryf Modimo onder andere as "Supreme, intangible, in the sky, tender, source, root". Daar word soms van Hom gepraat as die "Supreme god, the god of gods (Modimo oa medimo), the god of very god" (Brown, 1969:113).

Medimo

Onder feitlik alle swartmense bestaan 'n geloof in geeste wat aan bepaalde lokaliteite verbonde is. Sulke plekke word gewoonlik vermy uit vrees vir hierdie geesteswesens. "The Bantu finally believe in local spirits of various kinds, whose sinister presence is generally greatly feared." (Eiselen & Schapera, 1956:269).

Dikwels word hulle geassosieer met onbekende opperhoofde of inwoners van die gryse verlede. Daar bestaan feitlik geen ritueel verbonde aan die wesens nie. Hulle is grootliks wesens van die verbeelding met mistieke gedagtes en kenmerke wat dikwels weerspieël word in legendes wat verbonde is aan hulle (Bruwer, 1963:124-125).

Die demigode (medimo) by die Tswana staan in rang onder Modimo, hoewel die afstand tussen Modimo en medimo geen besliste en heldere onderskeiding is nie, maar veelal vervaag tot 'n stippellyn (Erasmus, 1970:114). Die demigode verskil onderling baie ten opsigte van posisie, rang en eienskappe. Sommige is meer vreesinboesemend, terwyl ander weer eienskappe bevat wat as goed en positief beskryf kan word (Erasmus, 1970:119). "The medimo are not gods equal in being, position and power with the one God, but manifestations of Him." (Brown, 1969:103).

Onder die Tswanavolke bestaan daar ook die geloof in mistieke wesens, soos "Cosa" en "nape". Eersgenoemde bepaal die lotsbestemming van die mens en laasgenoemde word in verband gebring met die inisiasieplegtighede van vrouens. Ook glo hulle in wesens soos "Loowe, Tintibane, Matsieng, Thobega" (Bruwer, 1963:124). Thobega staan in verband met natuurrampe, reën en donderweer (Erasmus, 1970:119).

Badimo

Waar die medimo as onpersoonlik geklassifiseer word, is die badimo "personal spirits, or so closely connected with human life as to share in it" (Brown, 1969:103). "Die voorouerverering is die lewende en aktiewe deel van die Bantoe se godsdienstige lewe. Hulle is vir die nog-lewendes die bekende anker, 'n religieuse assuransie wat ook kragtige dade kan verrig en wat in noue assosiasie met die nog-lewendes (hulle kinders) saamleef." (Van der Wateren, 1976:43).

Aangesien die swartman glo dat die dood nie die lewe finaal beëindig nie, maar

dat die familie- of groeplewe voortgesit word in die lewe "anderkant", bestaan daar vir die swartman kommunikasie tussen dié wat nog lewe en dié wat al gegaan het om in die wêreld van die voorvaders te lewe (Van der Walt & Postma, 1987:94). Volgens Van der Walt (1990:14) woon daar 'n onsigbare gees wat die liggaam tydelik deur drome en permanent by die dood verlaat.

Volgens Parrinder (1954:58-59) word geglo dat die voorouers die dood oorleef het en in 'n geestelike wêreld lewe, maar hulle het steeds 'n lewendige belangstelling in die aangeleenthede van hulle families. Hulle hou wag oor hulle familie soos 'n "cloud of witnesses": hulle is geïnteresseerd in dinge soos gesondheid en vrugbaarheid aangesien hulle die oudstes is en hulle graag weer in die familie wil herleef.

Die woord badimo dui vir die Tswana almal aan wat in die dodewêreld kollektief vergader is, terwyl die Tswana se eie individuele voorouers hiervan onderskei word. Die tradisionele Tswana verwys na sy eie voorouers deur hulle bloot op die naam te noem net soos voor hulle dood (Erasmus, 1970:134).

'n Groot vrees by die Tswana is dat hy vergeet sal word; dat hy nie in die herinnering van sy nasate sal voortleef nie. Daar vind dan 'n oorgangstadium plaas wanneer die laaste persoon sterf in wie se lewe op aarde 'n betrokke oorledene kon voortleef en met wie daar dus skakeling was. "Dan is iemand eers volledig dood." (Erasmus, 1970:131).

Die oorledenes verloor nie hulle belangstelling in die nog lewendes op aarde nie. Die dooies besit die vermoë om in te gryp en op te tree wanneer stamtradisies en eiendom geskaad word (Erasmus, 1970:133). "As long as the moral code is strictly followed, they confer blessings and abundance; but if offended by any breach of custom, they also can send drought, cattle plague, tribal or personal disaster, sickness or death." (Eiselen & Schapera, 1956:250).

Volgens Erasmus (1970:133) is die gestorwenes dus geïnteresseerd in die welstand en voortbestaan van hulle naasbestaandes (onderhoriges) op aarde en hulle wil geskakel wees om onthou te word. "Die graf delg nie uit nie, maar vorm slegs 'n brug tussen die lewende en gestorwe lede van die samelewing." (Bruwer, 1963:138).

Ten opsigte van die badimo moet gestel word dat hulle maar net gevrees word en

dat hulle niks positief kan of wil doen nie (Erasmus, 1970:132).

Magie

Die swartman se religie is ten nouste saamgeweef met sy magiese geloofbeskouinge (Bruwer, 1963:151). Hierdie magiese faktor beliggaam vir hom 'n nie-spesifieke, gestaltelose krag wat in toormiddels aanwesig is (Bruwer, 1963:139). Magie hou ook verband met die religieuse grondmotief van lewenskrag: dit het te doen met die onderlinge werking en beïnvloeding van die verskillende kragte op mekaar. Deur middel van magiese praktyke kan die vermeerdering of vermindering van lewenskrag bewerkstellig word (Van der Walt & Postma, 1987:95). "Die magie funksioneer hoofsaaklik volgens die polarisering van goeie en slegte kragte wat die hele lewe kan omvat." (Van der Wateren, 1976:43). Die krag is 'n krag wat ten goede of ten kwade aangewend kan word en is hanteerbaar deur diegene wat die toorkuns magtig is (Bruwer, 1963:139).

Die thikoloshe staan in nou verband met die toordokter: hy self tree soms as 'n terggees op, maar kan ook deur sy metgesel, die towenaar, gebruik word om mense siek of dood te maak (Bruwer, 1936:150).

2.2.1.2 In die half-verwesterste toestand

Christelike kerk

Met die koms van die Westerse beskawing en aanraking daarmee deur die swartman het verskeie nuwe vorme van sosiale groepering ontwikkel en by verre die mees uitgebreide is die een van die Christelike kerk. Schapera (1956:370) sê: "One consequence of this new attitude towards Christianity has been the growth of native separatist Churches." Van hierdie kerke bestaan daar in 1956 al byna 400 in Suid-Afrika, meestal in stedelike gebiede, maar is ook goed verteenwoordig in die selfregerende en onafhanklike state (Schapera, 1956:371).

In die Potchefstroom-ondersoek wat met die oog op die navorsing uitgevoer is, is egter gevind dat drie respondente behoort aan die Anglikaanse Kerk, een aan die Church of England, een aan die Apostoliese Kerk, een aan die Afrikaanse Metodistekerk, twee aan die Lutherse Kerk, een aan die Hervormde Kerk, een aan die Roomse Kerk, een aan die Metodistekerk, een aan die Wesleyaanse Kerk, en vier aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die sogenaamde separatistiese bewegings onder die swartman is hoofsaaklik afsplinterings van Christelike kerke met 'n magies-rituele inslag van die ou "Bantoe-religie" (Bruwer, 1963:192). Een van die bewegings is die Zion Christian Church, wat 'n pinkstertipe godsdiens is waarvan die aanhangers glo aan die geloofgenesing, onderdompeling, vreemde tale, rituele reiniging, ensovoorts. Twee van die respondente in die ondersoek behoort aan die Zion Christian Church.

Sendelinge het kerke gebou, die beroepe van prediker en kategeet bekendgestel, plaaslike kerkrade ingestel, en nuwe seremonies soos die Doop, aanneming en Nagmaal ingevoer (Schapera, 1971b:58). Eerbied vir die Sabbat en ander religieuse vakansiedae, nuwe vorme van huweliks- en doodsrituele is ontwikkel. Daar is gepoog om 'n nuwe stelsel van moraliteit in ooreenstemming met Christelike ideale aan te neem.

Wilson (1969:266) beskryf die invloed van die sendelinge as volg: "... but they expected their converts to wear a Western style of clothing; to build square houses rather than round ones; to settle in a village round the church and school rather than in scattered homesteads; to change the division of labour between men and women; and to abandon ancient festivals ..."

In aanvulling by hulle politieke aktiwiteite het die sendelinge ook 'n ekonomiese bydrae gelewer, onder andere het hulle nuwe metodes ten opsigte van boerdery, en nuwe gesaaides bekendgestel (Lye, 1980b:69). Lye vervolg deur te sê dat die sendelinge die kulturele waardes van die swartman verwerp en dit probeer vervang het: "They sometimes destroyed more effectively than they built. In any event, they changed the Tswana and Southern societies fundamentally."

Volgens Ray (1976:193) mag "Christian missionaries ... believe that they were merely converting Africans to the Gospel of Christ, but in fact they were converting them to a whole range of Western values - including literacy, medicine, town life, ... as well as installing in them a distaste for traditional African values".

Volgens Schapera (1971b:61) is al die groot seremonies onder leiding van die hoofman verban: "The early missionaries condemned various common Tswana practices, and forbade them to converts." (Schapera, 1970:124). 'n Paar stamme

maak egter nog steeds gebruik van die inisiasieseremonies en die reënmaak-seremonie word ook nog deur sommiges beoefen in tye van droogte (Schapera, 1971b:61).

Gelowe ten opsigte van die dooies varieer baie. Invloedryke lede word af en toe begrawe in hulle beeskrale maar alle ander persone, behalwe kinders, word in begraafplase aan die buitewyke van die dorpies, waar moontlik in houtkiste, begrawe (Schapera, 1971b:61).

Al die persone wat in hierdie ondersoek ondervra is, verkies om uit 'n Christelike kerk begrawe te word. In die Potchefstroom-ondersoek is ook gevind dat alle kinders, behalwe twee, in die kerk gedoop is. Die meeste woon ook die Sondagskool by. Een respondent se kind woon by haar ouers en dié woon nie Sondagskool by nie, maar dit is nie vir haar ontstellend nie. Een van die vroue wat ondervra is, is 'n diaken in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Aansluitend by die voorafgaande is die gebruik van die Bybel. Sewe van die respondente in die Potchefstroom-ondersoek het 'n Bybel en lees daaruit. Vyf van hulle het nie 'n Bybel nie maar een van hulle sou graag een wou hê. Twee het 'n Bybel, maar kan nie lees nie. Twee het 'n Bybel waaruit die kinders vir hulle lees. Daar is een wat lees en ook vir haar kinders lesse gee daarvolgens. Een het 'n Bybel, maar lees nie juis daaruit nie.

As 'n groep word die Christene in die swart gemeenskappe onderskei, nie alleen deur hulle manier van aanbidding nie, "they must also conform to the social and moral ideas preached by their Church, dress in a 'respectable' manner, and abstain from certain tribal customs regarded as incompatible with true Christianity..." (Schapera, 1971b:47). Omtrent die helfte van die respondente in die Potchefstroom- ondersoek kon nie 'n Christen beskryf nie of het nie geweet wat dit is nie.

Drie het gesê dat Christene goeie mense is en 'n ander het weer gesê dat daar nie so iets soos 'n goeie mens is nie: alle mense op aarde is sleg. Nog een wat ondervra is, het nie geweet of dit net Christene is wat goeie mense is nie, want vir haar is alle mense goed.

<u>Modimo</u>

Wat betref die hedendaagse Tswana, het die ondersoek van Erasmus (1970:109-110)

in Dithakong die volgende aan die lig gebring. In die gemeenskap is dit duidelik dat Modimo as hoogste krag, omsluitende mag, veraf opperwese, nog op dieselfde wyse beskou is, maar Hy is nou in hulle gemoed verder weg en het meer vervaag as in die ou tyd. In verband met die persoon en werk van die Here Jesus kon hulle weinig sê en 'n gesprek in dié verband het weinig belangstelling uitgelok. Daar is diegene wat getuig dat hulle die naam al gehoor het in verband met godsdiens, maar verder niks weet nie. Dan is daar diegene met die formele belydenis dat Jesus Christus die Seun van Modimo is en die Verlosser van mense.

Dieselfde is in die ondersoek in Potchefstroom gevind. Een van die persone het verwys na Jesus Christus as die Persoon wat die mense op aarde kom red. Schapera (1956:369) bevestig hierdie bevindings deur te sê dat "The Christian conception of God has so effectively displaced the old Native conception of a supreme being that no clear account can be obtained of the latter and his attributes".

Booysens (1984:116) maak die afleiding na 'n ondersoek in Ikageng (naby Potchefstroom), dat Modimo onder Tswana-sprekendes in hierdie dorpsgebied, waarskynlik meer as wat tradisioneel die geval was, eksplisiet erkenning geniet as "wese" wat direk by die menslike welsyn betrokke is.

Hy verwys na Möller se bevindings wanneer hy sê dat dit te betwyfel is of daar werklik 'n belewing van die betrokkenheid van God tydens krisismomente is (Booysens, 1984:117).

Wat betref die siening van God, bevestig die Potchefstroom-ondersoek in verskeie gevalle Parrinder (1954:36) se woorde: "Finally there are some people who have only a very vague idea of God." In hierdie ondersoek is gevind dat almal 'n vae idee het van hoe God lyk, wat Hy doen, ensovoorts. Elf van die respondente is bang vir die Here, want hulle weet nie hoe Hy lyk nie of hulle kan Hom nie sien nie. Onder die invloed van die Christene het die idee van 'n "Creator-God" na vore gekom (Van Rooy, 1978:6).

Een respondent noem in hierdie verband dat hy bang is vir die Here omdat Hy die een is wat die hemel en die aarde gemaak het. 'n Ander een is bang vir Hom omdat dit vir haar voel Hy gaan haar iets aandoen as sy verkeerd optree. Nog een is bang want Hy doen wonderlike dinge. 'n Volgende een is bang want Hy kan enigiets met jou laat gebeur. In die gemeenskap van Dithakong was dit slegs

sommige van die ouer Tswanas en die toordokter wat nog iets van die "medimo" weet (Erasmus, 1970:126). Geen rites van enige aard is ook meer ten opsigte van die "medimo" uitgevoer nie (Erasmus, 1970:127). In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat twee persone kennis dra van die medimo maar verder niks daarmee te doen het nie.

Badimo

Van die Tswanas sê vandag dat hulle "may be annoyed at the neglect of their descendants..." (Parrinder, 1954:60). Daar is gevind dat die Tswana glo dat die voorouers steeds oor hul doen en late waak en daarin belangstel, tweedens dat wanneer die voorouers ontevrede is oor hulle verwante se optrede op aarde, hulle dit sal openbaar en dat die nodige dan gedoen moet word om die goeie gesindheid van die voorouers te verseker (Erasmus, 1970:170).

In aansluiting by Schapera (1956:368) se bevinding dat "Hardly any of the younger people know what is meant by the ancestral spirits, and even among their elders there is no positive cult outside Christianity", is in die huidige ondersoek gevind dat nege van die persone wat ondervra is nie aan die bestaan van die badimo glo nie.

Aan die ander kant het Parrinder in 1954 gevind dat daar nog diegene was wat pogings aanwend om die gestorwenes se goedgesindheid te wen indien nodig: "But if they appear angry or pleased, then action must be taken accordingly. Sacrifices of drinks, fowls or animals are made to turn away the forefather's anger..." (Parrinder, 1954:61).

Bruwer (1963:132) het bevind, en dit is ook in die huidige ondersoek bevestig, dat die belangrike medium vir skakeling met die voorouergeeste die soenoffer is. Bier is 'n algemene offer. In belangrike offerseremonies word gebruik gemaak van een of ander dier, veral beeste en ook bokke.

Een van die respondente het genoem dat indien dit sou voorkom dat die voorouers ontsteld is, 'n bees of 'n skaap geslag word. "Bantoebier" word gemaak en 'n paar persoonlike vriende word genooi. 'n Ander het gesê dat hulle behalwe in 'n geval soos die voorafgaande, ook nog 'n spesifieke tyd van die jaar bier maak vir hulle voorvaders.

Daar is in die Potchefstroom-ondersoek bevestiging gevind vir Parrinder

(1954:60) se waarneming dat "Any evils may be attributed to the ancestors", en ook vir Bruwer (1963:138) se bevinding dat die religie nie 'n alledaagse roetine is nie, maar 'n noodgedwonge vereiste as dinge verkeerd loop. Daar word met die geeste geskakel om sodoende harmonie tussen hulle en die aardse bewoners te bewerkstellig.

'n Respondent het in die huidige ondersoek genoem dat hulle by die oumense geleer het dat as iets met jou verkeerd sou gaan, jy dit kan toeskryf aan die invloed van die voorvaders. Jy is dan veronderstel om iets te slag, bier te maak en dan moet jy ook jou voorvaders by hul naam aanroep. 'n Ander persoon wat ondervra is, het weer gesê dat wanneer jy van snaakse goed droom, dan moet jy weet dis die voorvaders wat in jou pad staan en jy moet iets doen om hulle weer goed te laat voel. Nog een glo dat as die badimo jou wil siek maak, hulle in 'n droom aan jou verskyn. Dit help egter volgens haar as jy dan vir die Here bid. Een het gesê sy kan droom van hulle maar sy glo nie hulle kan 'n invloed op haar lewe hê nie. Die res van die respondente was vaag in hulle antwoorde; hulle was nie seker of hulle in die bestaan van die voorvaders glo nie.

Die gevolgtrekking kan hier gemaak word in aansluiting by Pelser (1974:31), dat 'n mens tog die verskynsel vind dat die tradisionele vorme van geloof naas die nuwe vorme van geloof bly voortbestaan: die Christelike geloof naas die tradisionele geloof in die voorvadergeeste. 'n Mens het dus hier amper te doen met 'n toestand van kulturele verwarring of disnomie.

Magie

Wat die beoefening van magie betref, sê Schapera (1971b:61): "... magic still persists strongly, and is often employed even by professing Christians. Tswana magic consists essentially in the use of medicines (ditlhare) for the attainment of certain specific ends which cannot be achieved by empirical methods alone."

Magie as religieuse komponent/handeling het volgens Van der Wateren (1976:52) geensins verdwyn in die kontemporêre situasie nie. Daar het wel wysigings in die magiese praktyk ingetree. "Magie wat wesenlik in vrees wortel, hou inderdaad verband met die bestaansekuriteit van die Bantoe. So beskou, kan aanvaar word dat magie eerder toegeneem het as wat dit moontlik kon verdwyn." (Van der Wateren, 1976:52). Daar is 'n besondere beklemtoning vandag in

toordoktery om siektes te genees. 'n Pasiënt maak van mediese en hospitaaldienste gebruik maar raak daarin teleurgesteld, en neem dan sy toevlug tot die magie wat volgens hom veel sterker is as die geneesheer (Van der Wateren, 1976:53). Die beskouing is ook in die huidige ondersoek bevestig. Een van die respondente gaan wel dokter toe as hy siek word maar as die gewenste resultate nie verkry word nie, wend hy hom tot die "fortune teller". In aansluiting by Bruwer (1963:138) wat sê dat die toormiddels met magiese krag belaai is wat dien as voorbehoedmiddels teen siektes, rampe en gevare, is gevind dat een respondent dokter toe gaan wanneer sy siek is, maar as sy nie gesond word nie, gaan sy na die toordokter sodat dié kan vasstel of sy nie getoor is nie. Die aanwending van magiese krag geskied deur middel van towenaars en toordokters (Bruwer, 1963:139). Die ander persone wat ondervra is, besoek in die meeste gevalle die blanke dokter in geval van siektes en glo nie in die toordokter of towenaar nie. Baie het al van die thikoloshe gehoor maar bevraagteken sy bestaan. Een van die respondente het egter vertel dat sy hom een nag laat gesien het, "so 'n klein geboë mannetjie".

Daar kan met Van der Wateren (1976:53) saamgestem word wanneer hy sê dat "...die kulturele kontak die godsdienstige begrip van die Bantoe, wat die vorm daarvan betref, grootliks verander het maar dat daar inhoudelik vele nie-Christelike elemente oorgebly het". Daar is in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat 'n vrou in haar vyftigerjare wat verwesters in haar voorkoms is, ook 'n oortuigde Christen is en geen waarde heg aan tradisionele gebruike en gelowe van die Tswana nie. Aan die ander kant is 'n man in sy vyftigerjare ondervra wat heeltemal verwesters voorkom, ook in sy optrede, kleredrag, taalgebruik. Terselfdertyd sê hy egter dat wanneer dinge verkeerd loop dit by mens opkom of die voorouers nie 'n aandeel daarin het nie. Die persone wat deur die ongeluk geraak word, neem dan die tradisionele stappe om die voorouers tot rus te laat kom.

Een van die vroulike respondente is drie-en-twintig jaar oud. Ook sy is totaal verwesters wat kleredrag betref, maar glo aan die invloed van die voorouergeeste en ook aan die toordokter en die profeet. Een van die manlike respondente is twee-en-dertig jaar oud en werk al ongeveer sestien jaar in die industriële gebied van Potchefstroom. Hy hou egter onder andere vas aan die voorouers en ook die "fortune teller". 'n Ander respondent is ses-en-dertig jaar oud. Sy glo dat die voorouers geen invloed kan hê nie, want 'n mens kan nie aan 'n mens glo nie. Nog 'n manlike respondent is ses-en-dertig jaar oud en sou as verwesters geklassifiseer kan word. Hy glo nie aan voorvadergeeste

nie, want volgens hom kan jy nie 'n mens gaan wakker maak om jou te help nie. Hy noem egter weer die feit dat as 'n mens lank bid oor iets wat jy miskien graag wil hê, dan verskyn sodanige items in jou gedagtes terwyl jy slaap. Hierdeur word jy bang gemaak sodat jy moet onthou om "altyd vir die Here te bid".

2.2.1.3 Samevatting

Uit die voorafgaande kan die volgende afleiding gemaak word. Dit wil voorkom of daar geen verband bestaan tussen 'n persoon se godbeskouing en byvoorbeeld sy ouderdom, geslag, geletterdheid, aantal jare wat hy tussen blankes werk en so meer nie. Daar is diegene wat verwesters voorkom, maar wie se gelowe soms terugneig na die tradisionele. Daar is egter ook diegene wat as verwesters geklassifiseer kan word en dan ook die tradisionele gelowe neergelê het. 'n Mens sou dus kon sê dat al die persone wat ondervra is, wat hulle godbeskouing betref, in een of ander stadium van verwestering verkeer.

2.2.2 Werklikheidsbeskouing (ontologie, kosmologie, realogie)

2.2.2.1 Tradisioneel

Volgens Erasmus (1970:177) lê die sleutel tot die begrip van die swartman se lewensfilosofie vir Tempels in die idee van lewenskrag opgesluit. Vir die swartman is krag dan om te wees en om te wees is krag: "...het wezen is iets dat kracht bezit." (Tempels, 1946:25). Hy sê verder dat "Kracht is onafscheidelijk verbonden met het wezen als zoodanig en daarom zijn deze begrippen ook onafscheidelijk in de wezensbepaling".

Die tradisionele kosmologie van die swartman is piramidaal. In die hiërargie van lewenskrag staan die godheid heel bo-aan en dié het op volmaakte wyse deel aan die lewenskrag. Die voorvadergeeste deel in 'n mindere mate daarin. Die lewende mense nog minder, tog het diere, plante en lewelose dinge ook in 'n mate deel daarin (Van der Walt & Postma, 1987:95).

Die swartman se konsepsie van hiërargie word duidelik in die volgende geïllustreer: "...the gods must be the first to enjoy the produce of the new year, then the chief, the sub-chiefs, the counsellors, the headmen, then the younger brothers in order of age." (Junod, 1913:371).

Die leidende motief in die tradisionele Tswana se denke, spreke, doen en late is om as krag te skakel. As die Tswana sinvol geskakel is, soek hy nie meer nie, want dan het hy ook die krag wat hy nodig het en wat hom toekom (Erasmus, 1970:178). "'n Voorwerp, krag of wese binne die totaliteit is dus geskakel op een of ander wyse en sy krag word bepaal deur die wyse waarop hy (of dit) met Modimo geskakel is." (Erasmus, 1970:179).

Die tradisionele siening van die swartman is animisties. Hy glo dus in geestelike wesens, geeste kan hulle byvoorbeeld in voorwerpe soos klippe en bome bevind. Die beskouing is verder dinamisties, wat beteken dat daar in plante en diere verborge eienskappe is wat vir die mens nuttig of gevaarlik kan wees. Die werklikheidsbeskouing is ook animatisties, waarmee bedoel word dat sekere natuurvoorwerpe soos die see of vuur vaagweg gepersonifieer word (Van der Walt & Postma, 1987:95).

Die swartman glo ook net aan 'n beperkte hoeveelheid kosmiese goed soos lewenskrag, mag, prestige, goeie geluk en besittings (Van der Walt & Postma, 1987:96). "'n Mens kan slegs meer daarvan kry deur dit van iets of iemand anders weg te neem." (Van der Wateren, 1976:93).

Vanweë die sosiaal-gerigtheid van die tradisionele Tswana en ander vrese ten opsigte van magiese beskouinge, speel die winsmotief feitlik geen rol in die ekonomiese bedrywighede van die Tswana nie. "Daar bestaan ook geen bemarkingstelsel nie, maar wel 'n mededeling aan ander wat nie besit nie." (Erasmus, 1970:48).

Die tradisionele lewens- en wêreldbeskouing van die swartman is mitologiserend omdat hy die oorsprong van dinge in sy werklikheidsvisie met behulp van mites verklaar (Van der Walt & Postma, 1987:96).

Ook skryf die swartman die ontstaan van alle dinge aan die werking van die opperwese toe, maar hy het slegs 'n vae opvatting oor hoe die ontstaansproses sou verloop het (Van der Walt & Postma, 1987:95).

Die swartman huldig tradisioneel 'n sikliese beskouing oor die tyd en die geskiedenis en glo - soos die antieke Grieke - aan die ewige wederkeer van dinge. Die stamlewe en kultusse (soos rituele feeste) verloop ook in siklusse. Die skeppingsdaad word as't ware deur die hele gemeenskap herhaal en

almal deel sodoende weer in die lewenskrag wat daar aan die begin was (Van der Walt & Postma, 1987:96).

Die tradisionele swartman se lewens- en werklikheidsbeskouing maak slegs voorsiening vir 'n twee-dimensionele tydsbegrip, naamlik hede en verlede. Hy ken 'n lang verlede, 'n kort hede en so goed as geen toekoms nie. Die swartman het verder 'n statiese lewensingesteldheid (Van der Walt & Postma, 1987:96).

Materiële voorwerpe besit vir hulle die vermoë om te beïnvloed en beïnvloed te word. Elke voorwerp, elke wese besit 'n eie krag, en enige voorwerp of wese kan beset word en bly self ook nie passief nie. Alle wesens reageer nie eenders nie en besit nie dieselfde vermoëns nie. Elke voorwerp het 'n plek en geaardheid waarvolgens hy behandel moet word. Kragte werk ook op mekaar in (Erasmus, 1970:187).

Volgens Erasmus (1970:188) het die Tswana ook 'n hiërargie in gedagte wanneer hulle aan die bestaan van alles dink. Modimo is die hoogste krag en alles wat bestaan, staan onder die invloed en afhanklikheid van Modimo. Die kerk het egter ook nou gekom om die hiërargie aan te dui en te orden, in die plek van die stam wat dit vroeër gedoen het.

Vir sommige van die Tswanas bestaan daar niks wat sonder religieuse betekenis is nie. Wanneer 'n gebeurtenis normaal verloop, dit wil sê op "natuurlike" wyse, beteken dit vir die Tswana dat die kragte gebalanseerd is, en dat die skakeling reg is.

Vir die Tswana het elke gebeurtenis 'n oorsaak. 'n Optrede van iemand anders is daaragter, en die oorsaak moet uitgevind word want daar moet opgetree word om dit te herstel. Enige gebeurtenis wat met 'n ongeluk saamval, word betwyfel terwyl 'n gebeurtenis wat met reën of voorspoed saamval, gesien word as geseënd deur Modimo (Erasmus, 1970:189-190).

2.2.2.2 <u>In die half-verwesterste toestand</u>

Wanneer gelet word op onlangse ondersoeke betreffende die werklikheidsbeskouing van die Tswana deesdae, word die volgende gevind ten opsigte van die Tswanas te Dithakong (Erasmus, 1970:187). Die Tswana dink nie aan die wêreld as hebbende 'n begin en einde nie. Wanneer oor die Bybel gepraat is, sodat hulle gedagte daarop gevestig is, het hulle na die ontstaan in Genesis verwys, terwyl wanneer

in 'n heel ander gesprek of verband gevra is na die ontstaan van die totaliteit en die wêreld, niemand na die skeppingsverhaal verwys het nie. Hulle kon ook byvoorbeeld nie sê wie van Modimo of die aarde die oudste is nie. Daar heers in die gemeenskap ook nog 'n vrees vir boloi (towery) en verskeie beveiligingsmaatreëls word nagekom (Erasmus, 1970:191).

In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat die ontstaan van dinge nog aan die opperwese Modimo toegeskryf word, en dat almal dit eens was dat dit die Here is wat alles gemaak het.

Wat die Potchefstroom-ondersoek betref, het 'n paar dinge aan die lig gekom. Op 'n vraag: "Wie sou jy sê is bo-aan die lys in jou lewe en wie is onderaan?" kon baie van die respondente nie 'n antwoord gee nie. Daar was wel een wat gesê het dat sy dink dat die persoon wat baie geld het, bo-aan die lys is. Volgens een respondent is mense wat hulle self kan help bo dié wat sukkel.

Oor die vraag of die werklikheid so gaan bly soos dit tans is, was daar verskil van mening. Volgens een respondent in die Potchefstroom-omgewing sal dinge seker nie so bly nie, dit sal maar verander soos wat kospryse ook verander. Nog een voel dat dinge wel gaan verander: dinge gaan nog regkom. Hy meen dat mense die Staatspresident net moet kans gee; hy doen sy bes om dinge te verbeter.

Drie voel weer dat die Here dinge op aarde gaan verander: Hy sien mos die mense en sien hoe swaar hulle kry en Hy kry hulle jammer. Nog 'n respondent dink dat dinge nog baie gaan verander - miskien omdat die mense meer word en omdat daar later nie meer kos vir almal gaan wees nie. Een respondent voel weer dat dinge moet verander - op die oomblik is daar alreeds verandering by wit- en swartmense te bespeur. Sy het ook in die Bybel gelees dat dinge gaan verander. Daar is nog een wat voel dat die Here dinge op aarde gaan verander. Twee voel dat dinge gaan verander, want volgens die een beweeg die wêreld na sy einde toe, en dan is daar een wat sê dat die wêreld nie vir ewig so sal bly nie. Daar is ook 'n respondent wat voel dat dinge gaan verander, maar deur wie en hoe, weet sy nie.

Daar is andersyds diegene wat voel dat dinge dieselfde gaan bly. As daar wel veranderinge plaasvind, sal dit volgens een deur die Here se toedoen wees. Nog 'n respondent voel dat as 'n mens aan die Here glo, niks sal verander nie, en 'n ander glo dat alles gaan verander met die koms van die Here. Daar is twee

wat nie weet of dinge so gaan bly en of dit gaan verander nie. Die ander respondente het geen antwoord op die vraag gehad nie.

Waar die bees as't ware die waardemeter in die ou "Bantoe-samelewing" was (Bruwer, 1963:190), het die geldmiddel nou daardie rol oorgeneem. Geber en Newman (1980:21) sê dat selfs "those working the land within the tribal areas have to earn cash wages in centres of employment". Volgens Möller (1972b:34) word die mens in die stad met sy industrieë bewus van nuwe potensialiteite wat vroeër vir hom onbekend was. Die geld wat hy hier bekom, stel hom in staat om vele dinge te doen. Dit verhoog die betekenis van geld vir hom. Dit is dan ook in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat die meeste ouers vir hulle kinders 'n toekoms wil daarstel waarin geld 'n groot rol speel. Soos Möller (1972b:91) se ondersoek toon, is daar ook in die huidige ondersoek gevind dat dit vir die mense 'n worsteling is om in hulle basiese behoeftes voorsien. Nuwe statusse en leefwyse deur skoolgeleerdheid en besittings, is belangrike verskynsels van die stad. Om in die noodsaaklikste van die behoeftes te voorsien, word daar, soos deur heelwat van die respondente gestel, gelet op "bargains", veral in die kleremark. 'n Paar van die respondente het in die huidige ondersoek 'n geleentheid gesien om hulle finansiële probleme bloot te lê.

As gevolg van die stryd om voortbestaan het dit soms tot gevolg dat die sosiaal-gerigtheid ook sekere veranderings ondergaan. Daar is tien respondente wat voel dat enige persoon welkom is om hulle huise met hulle te deel of saam te kom eet.

Volgens ses respondente moet 'n persoon losies betaal as hy lank kom inwoon; een van hulle verwag selfs van haar werkende kinders om losies te betaal. Daar is agt wat voel dat 'n persoon welkom is in hulle huise, maar hulle sal moet help kos koop. 'n Ander voel weer dat 'n mens nie net sommer mense kan nooi as dit nie 'n besondere geleentheid is nie. Nog een voel dat kos te duur is om sommer net aan enigiemand te verskaf. Nog een sal vir mense kosgee maar haar huis staan nie oop vir almal nie. Een respondent gee egter vir die mense langsaan kos, want hulle ly maar honger.

Daar was egter ook 'n respondent wat nie belangstel om ander mense te akkommodeer nie, want netnou is daar struwelinge tussen die kinders, ensovoorts.

Dan is daar ook die een wat voel dat enige persoon welkom is in sy huis; hy is ook verplig om vir hom kos te gee want hy weet nooit of die Here hom nie dalk gestuur het nie.

Volgens Kooijman (1978:213), "Capitalism is defined not simply as private ownership of the economy but as the kind of human relationship that individual ownership can produce. These human relationships are seen as the very opposite of all the social and human values which are inherent to African culture". Uit die Potchefstroom-ondersoek kan afgelei word dat hoewel die respondente oor die algemeen nie afsydig staan teenoor die behoeftes van 'n medemens nie, hulle in die eerste instansie aan hulle eie oorlewing oorweging moet skenk.

Waar die uitgangspunt tradisioneel een was dat eiendom die eiendom van die stam, familie of die huisgesin (Erasmus, 1970:49) is, is daar in die huidige ondersoek gevind dat daar nog diegene is wat sodanige opinie huldig, maar dat daar ook andere is wat sê: "My goed is myne". Tien respondente in die Potchefstroom-ondersoek voel dat meubels in hulle huise hulle s'n is, of die man en vrou s'n, of soos een dit stel: "Dit is myne en my kinders s'n". Volgens een is dit syne omdat hy daarvoor betaal het. Volgens een is kos en meubels beskikbaar vir dié wat dit kan bekostig. Daar is egter een wat voel dat alles aan almal behoort, want "die Here help almal".

Ook wat behuising betref, is gevind dat die meeste persone graag hulle eie huis sou wou besit. Daar was net een wat nie in 'n eie woning belangstel nie. Sy woon op haar werkgewer se kleinhoewe en dis vir haar goed genoeg.

Volgens Bruwer (1963:190) het ook tyd 'n nuwe dimensie gekry, want diensure beteken nou 'n kontantinkomste. Die sorgvrye bestaan van die ou ekonomie het plek gemaak vir stiptelike werkure in die myn, industrie, op die plaas of in die huis. En selfs in swart woongebiede word daar nie meer na die son gekyk nie, maar wel na die wysers van 'n horlosie.

Volgens Mbiti (1969:19): "...it does not matter whether people go to bed at 9pm or at 12 midnight: the important thing is the event of going to bed..." In die huidige ondersoek is egter gevind dat die meeste respondente die belangrikheid van tyd besef. Almal in die Potchefstroom-ondersoek is bewus van horlosietyd. Die meeste kon sê dat hulle kinders om 06:00 of 6:30 (byvoorbeeld) opstaan om betyds te wees vir skool. Hulle kon ook sê dat hulle kinders 'n sekere tyd gaan slaap, sodat hulle uitgerus kan wees vir skool.

Daar is egter ook diegene wat volgens TV-tyd werk, met ander woorde, die kinders gaan slaap byvoorbeeld wanneer die nuus begin.

Mbiti (1969:16-17) meen, "The question of time is of little or no academic concern to African peoples in their traditional life". Daar is egter gevind dat die respondente in die Potchefstroom-ondersoek beplan vir die toekoms of ten minste dink aan die dag van môre. Wat kos betref, is almal dit eens dat wanneer dit sou gebeur dat hulle 'n groot hoeveelheid kos op een slag kry, hulle dit sal bêre want soos een dit stel: "Môre is nog 'n dag". Nog 'n respondent voel dat jy aan môre ook moet dink. 'n Ander sê dat hulle elke dag 'n bietjie sal moet eet sodat die kos so lank as moontlik moet hou. Daar is dan ook diegene wat die waarde van 'n yskas besef en dit ook besit, sodat hulle kos kan bêre. Een sê dat sy kos in pakkies sal bêre in die yskas vir die "ander môres".

Ook wat die geld betref, probeer die meeste geld bêre of spaar vir môres wat nog kom. Een bêre sy geld vir die toekoms, 'n ander voel dat 'n mens moet geld bêre vir ingeval iemand dalk siek word en 'n ander bêre geld vir ingeval sy dalk iets in die middel van die maand nodig kry. Die stelling dat "The people neither plan for the distant future nor 'build castles in the air'" (Mbiti, 1969:23), is dus in hierdie ondersoek nie bo alle twyfel bevestig nie.

Vyf van die respondente het hulle eie spaarrekening by 'n bougenootskap of bank, 'n ander probeer geld by haar werkgewer bêre. Die meeste respondente spreek die wens uit dat hulle graag geld sou wou spaar, maar daar bly nie geld aan die einde van die maand oor wat hulle kan bêre nie. Drie sê dat hulle te min geld kry om nog te spaar ook, en 'n ander sê haar uitgawes is te veel. Een bêre "sommer geld in haar huis" en 'n ander se sussie bêre party van die geld.

Waar numeriese kalenders, volgens Mbiti (1969:19), "with one or two possible exeptions, do not exist in African traditional societies as far as I know", is daar in die ondersoek gevind dat een verwys na die datums op die almanak. Die meeste is bewus van 'n toekoms waarvoor geld gebêre moet word, ensovoorts.

Baie koop klere en meubels waarop aan die einde van elke maand afbetaal moet word. Van die respondente het ook klererekenings, en in een geval het een van die respondente se kinders ook klererekenings.

Huidige omstandighede soos in die Potchefstroom-ondersoek gevind, verskil in

die meeste gevalle van diegene wat, soos Mbiti (1969:22) dit stel, glo dat: "This means that the future is virtually non-existent as actual time, apart from the relatively short projection of the present up to two years hence." In die huidige ondersoek is gevind dat mense tog dink aan 'n "verre toekoms" in die sin dat hulle daaraan dink dat hulle kinders matriek moet probeer voltooi sodat hulle 'n beroep kan volg, 'n goeie werk kan kry, en sodat hulle eindelik eendag byvoorbeeld genoeg geld kan verdien.

2.2.2.3 Samevatting

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat daar onder die Tswana-ouers in die Potchefstroom-omgewing persone is wat op 'n Westerse wyse byvoorbeeld geld spaar en dan is daar diegene wat sommer "geld by haar sussie bêre". Daar is van hulle wat begeer om 'n eie huis te besit en dan is daar diegene wat tevrede is met hulle huidige opset. Geld speel oor die algemeen 'n groot rol.

Die afleiding kan ook gemaak word dat die Tswana-ouer in die Potchefstroom-ondersoek, in teenstelling met die tradisionele "African peoples (who) have no 'belief in progress'" (Mbiti, 1969:23), wel in vooruitgang belangstel. Dit kan gesien word in hul strewe om 'n huis en meubels te besit, om klere te dra wat Westers is, ensovoorts. Dit kan ook bespeur word uit die feit dat sommige van hulle kan sien dat daar veranderinge in die land is en ook moontlikhede vir verdere verwikkeling. Daar is egter ook diegene wat nie onder die voorafgaande ressorteer nie.

Ten slotte kan by Erasmus (1970:192) aangesluit word as hy aanvoer dat die Tswana se lewens- en wêreldbeskouing en denkpatroon gekenmerk word deur 'n innerlike krisis. In die Tswana se huidige situasie is hy uit een denkwêreld uit geneem en geplaas in 'n wêreld wat anders dink en bestaan. Daarom het hy 'n vae, onduidelike visie van die wêreld. As hy terugkyk op die tradisionele dan lê alles in die kosmos ingepas in hiërargiese orde, en as hy na die huidige wêreld kyk, sien hy volgens hom geen logika en helderheid in 'n tradisionele sin nie. Die gevolg is dat die Tswana so ver moontlik in sy uiterlike kontakte en buitewêreld die denkpatroon van die "nuwe" wêreld nalewe, terwyl, wanneer die krisis dreig en hy in sy eie binnekring kom, hy gryp na wat logies en duidelik is.

### 2.2.3 Mensbeskouing (antropologie)

#### 2.2.3.1 Tradisioneel

Die tradisionele mensbeskouing van die swartman is fundamenteel antroposentries en humanisties: die mens en sy behoeftes staan altyd in die middelpunt (Van der Walt & Postma, 1987:97).

Die tradisionele swartman het 'n taamlik duidelike dualistiese beskouing van die mens, naamlik dat dit 'n wese is wat bestaan uit liggaam en gees. Die liggaam is konkreet, sigbaar onderhewig aan siektes, dit groei, verander en uiteindelik sterf dit (Van der Walt & Postma, 1987:97). Die gees van die mens woon in die liggaam, maar kan dit verlaat. Volgens Erasmus (1970:209) val slegs die sigbare gedeeltes wat op die aarde beweeg weg by die dood, maar die grootste, die werklike mens, bly leef. "Dit is dan hierdie mens (motho) wat in drome verskyn na die dood, wat geskakel is in die kosmos, wat met lewendes na sy dood skakel." (Erasmus, 1970:211).

Tempels (1946:28) stel die tradisionele sienswyse so: "De Bantu onderscheiden in den mench: zijn lichaam, zijn schaduw, eveneens zijn adem die natuurlijk ook de manifestatie, het uiterlijke teeken van het leeven is. Maar dit alles is vergankelijk en geeft niet weer wat wij onder ziel verstaan, namelijk dàt wat na den dood levend blijft voortbestaan, ook nadat het lichaam vergaan is en de schaduw en de adem niet meer zijn."

Die tradisionele Tswana dink of redeneer nie oor die herkoms van die mens nie en die enigste gegewens daaroor is in mites vasgelê (Erasmus, 1970:193). "But all groups have some form of creation myth, however exiguous, and, with it, some conception of a creator who brought the universe into being." (Hammond-Tooke, 1974:319).

Daar bestaan 'n paar variasies van die mites aangaande die oorsprong van die mens. "The Tswana speak of a hole or holes in a rock at Lowe, near Mochudi from which the tribal ancestors are said to have emerged and point to footprints in the rock as proof." (Hammond-Tooke, 1974:320). Daar is mense wat sê dat God klei gebruik het om die mens te maak "the way that the potter does with pots" (Mbiti, 1969:94). In 'n paar gevalle word gesê dat "God brought men out of a vessel" (Mbiti, 1969:95).

Ook die dood word nie gesien as iets wat van die begin af daar was nie. Die ontstaan en oorsaak van die dood word ook in mites aangedui (Erasmus, 1970:196). Die voortbestaan van die mens na die dood is vir die swartman so 'n vanselfsprekendheid dat daaroor nie geredeneer word nie. "All groups believe in a life after death." (Hammond-Tooke, 1974:326). Die mens, voor geboorte sowel as na die dood, vorm 'n skakel wat geskakel moet wees met en in sy geslag asook in die kosmos (Erasmus, 1970:197). Die tradisionele Tswana vrees nie die lewe na die dood nie: hulle dink nooit daaraan nie, en koester ook geen verwagting daaromtrent nie. Die dood is egter 'n emosionele ervaring van geen geringe omvang (Erasmus, 1970:201).

Vir die Tswana is die mens 'n lewende en veroorsakende wese wat ook die vermoë van lewensinvloed besit. Die mens kan egter nie as individu bestaan nie, aangesien daar geen krag op sigself los staan sonder innerlike betrekkings met ander lewendes en met al die lewendes sowel as die nie-lewendes wat hom omring nie (Erasmus, 1970:203).

Die mens is egter vir sy welwese afhanklik daarvan om in harmonie met die totaliteit te bly. "A state of negative imbalance between natural and social forces must be returned to an equilibrium in which good relationship to the gods, to the forces of nature and to one's fellowman, must be re-achieved." (Hammond-Tooke, 1974:335).

Die mens se lewenskrag kan verminder, soos byvoorbeeld deur siekte; dit kan egter ook versterk word deur middel van medisyne, deur die nakoming van ritusse, ensovoorts (Erasmus, 1970:204-205). Die Tswana voel dat geboorte iets inhou van "kontak" met die ander wêreld, die wêreld van die voorouers en die mens kan dus nie by geboorte sommer so aan die wêreld blootgestel word nie. Die kind moet eers aanpas, moet geleidelik aan die wêreld gewoond word (Erasmus, 1970:218-219).

Tradisioneel vorm die kosmos vir die Tswana 'n eenheid en alles wat bestaan, deel in dieselfde interaksie - die een met die ander (Erasmus, 1970:206). Hy voer verder aan (Erasmus, 1970:207), dat vir die Tswana die mens se bedoelde plek in die kosmos is om sinvol geskakel te wees in die totaliteit, en as hy sinvol geskakel is, staan hy ook in die bedoelde verhouding tot die opperwese "Modimo". Die mense van Dithakong glo dat die mens se plek in die kosmos is om te skakel in sy groep, in die kerk, in sy familie, en in sy stam (Erasmus, 1970:225). Trekarbeiders wat in die stede gaan werk, word gesien as tydelik

weg, maar hul tuiste, hulle skakeling, word nie deur hul tydelike afwesigheid (al duur dit jare) gebreek nie.

'n Mens is 'n mens na dié mate waarin hy in die kosmos ingeskakel is. As hy siek is, is hy besig om dood te gaan en is hy nie meer ten volle mens nie (Erasmus, 1970:225).

Die ontwikkeling van die mens hang vir die Tswana saam met 'n kragvermeerdering wat dan ook omgekeerd die moontlikheid van kragvermindering insluit. Die mens ontwikkel van sy geboorte af geleidelik, hy groei deur noodsaaklike stadia en onder die nakoming van noodsaaklike ritusse en reëls, sodat hy sy plek in die kosmos as skakel kan inneem (Erasmus, 1970:219).

Siekte staan in verband met kragsvermindering, met 'n disharmonie, en dit kan die gevolg wees van optrede deur die voorouers, (badimo) of veroorsaak word deur ander kwaadwillige persone se invloed, van "boloi" (towery), en van familielede (Erasmus, 1970:223). Hulle glo dat, behalwe vir afsterwes as gevolg van 'n geweldige hoë ouderdom, klein siektetjies soos bv. verkoue en maagongesteldhede deur 'n "external agent" gestuur word (Hammond-Tooke, 1974:336).

So kan dit wees dat 'n persoon se bestaan te kwesbaar geword het vanweë swak beskerming en daarom is hy dan vatbaar vir invloede en kragvermindering (Erasmus, 1970:223). Die persoon word iewers in krag aangetas en dit moet 'n oorsaak hê, 'n optrede van buite. 'n Siek persoon is 'n bedreigde persoon, een wie se krag aangetas is, een wat in disharmonie verkeer en wie se harmonieuse skakeling teenoor al die kragte weer gebalanseer moet word. By behandeling van die siekte word gesoek na krag en skakeling.

Hammond-Tooke (1974:335) stel dit so: "Sickness, misfortune, drought, are all signs that the balance has been upset, and one of the main objects of religious ritual and the resort to divination and protective magic is to restore it." Van der Walt (1976:8) is van mening dat die tradisionele gedagtes selfs nog onder die verstedelikte swartman deurwerk, veral as gevolg van die sterk bande wat hom nog steeds aan die verlede bind.

Booyens (1984:408) se studie toon dat spesialiste in die volkse sektor van gesondheidsorg eerder 'n aanvullende as 'n dominante rol tydens episodes van ongesteldheid speel. Benewens ander faktore, is 'n belangrike rede daarvoor dat fisieke ongesteldheid vir vele Tswanasprekendes waarskynlik slegs 'n

onderdeel van "onvoorspoedigheid" is.

2.2.3.2 In die half-verwesterste toestand

Wat die Potchefstroom-ondersoek aangaande die mensbeskouing betref, is die volgende aangetref: Die respondente is dit meestal eens dat die mens uit 'n liggaam en 'n siel bestaan. Daar is egter verskeie menings oor wat van die siel word as die mens doodgaan. Daar is gevalle in die Potchefstroom-ondersoek gevind wat, soos Setiloane (1976:41 en 64) dit stel, glo dat die lewe nie met die biologiese dood eindig nie. By die biologiese dood word alle geïnisieerde Sotho-Tswana "badimo" (vergelyk Godbeskouing, 2.2.1.1).

Volgens een respondent sê party mense dat die Here die siel vat, maar sy weet nie so mooi nie. 'n Ander meen dat die liggaam in die grond gebêre word en dat die siel ook op die aarde bly; dit gaan nie hemel toe nie. Tien van die respondente voel dat die siel hemel toe gaan, na die Here toe. Een sê dat as jy gebid het, jou siel hemel toe gaan.

'n Ander sê dat die vleis van die liggaam deel is van die grond, en waar die liggaam dus weer in die grond gebêre word, in die geval van dood, gaan die siel weer terug na die hemel toe. In aansluiting by De Villiers (1947:92) glo die meeste van die Potchefstroom-Tswana-inwoners in die steekproef dat iemand bly voortleef na die dood en wel in die hemel of in die hel.

Wat betref die ontstaan van die mens kan by Erasmus (1970:218) aangesluit word. Daar is gevind dat die meerderheid van die Tswanas nie meer die mites in verband met die eerste mense ken nie. Hoewel hulle die Bybel se skeppingsverhaal ken, word dit nie in werklike verband met die herkoms van die mens gestel nie. "Oor die algemeen aanvaar die Bantoe tans dat die mens deur God geskape is." (Van der Wateren, 1976:53).

In aansluiting by Möller (1972a:83) wat beweer dat die talente, verstand en die lewe van die mens deur God gegee is, is in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat, volgens die respondente, die ontstaan van die mens toegeskryf kan word aan die Here. Oor die vraag wie vir jou kinders gee, is daar diegene wat voel dat die Here vir jou die kinders gee. Daar is egter ook respondente wat nie weet waar die kinders vandaan kom nie; toe hulle sien, is die kind maar daar. Daar is ook een wat die biologiese sy van die saak aangryp en sê dat haar man vir haar die kinders gee.

'n Verdere aspek wat deur Erasmus (1970:226) na vore gebring is, is dat die Tswana te Dithakong verlang na en inderdaad 'n koninkryk in hierdie wêreld verwag. Hulle streef na verlossing uit die ellende van hierdie bestaan. Met die begrafnis vervul die kerk 'n belangrike funksie, want daarmee vind die oorskakeling tussen hierdie en die volgende "wêreld" plaas. Die begrafnis is noodsaaklik vir die voortsetting van die mens se skakeling in die hiernamaals. In die Potchefstroom-ondersoek is al die respondente dit eens dat 'n persoon, ongeag sy ouderdom, begrawe moet word.

Wat betref die geskakeldheid, kan verwys word na Bruwer (1963:190) wat noem dat met die trek na nuwe verblyfsoorde en werkterreine die verwantskapsgroep wat as residensiële eenhede saamgewoon het, gedisintegreer het. Die nuwe ekonomiese eise, verspreiding en disintegrasie van die stamlede, asook die invloed van die staat, die kerk en die skool het 'n onmiskenbare invloed uitgeoefen op onder andere die onderlinge gebondenheid van die gemeenskapslede en verwantskapsgroepe.

Sommige van die respondente in die Potchefstroom-omgewing weet nie mooi of hulle nog deel is van die familie waar hulle vandaan kom nie. Daar is egter ook van hulle wat die wens uitspreek dat as hulle die dag eiendom besit hulle graag sou wil woon waar hulle familie woon of waar hulle gebore is.

Twee het spesifiek gesê dat jy deel bly van die mense waar jy vandaan kom en 'n ander weer voel jy word deel van die nuwe omgewing.

Wat die ontwikkeling van die mens betref, is daar in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat die respondente op die skool leun. In dié verband kan aangesluit word by Erasmus (1970:219) wat in sy ondersoek te Dithakong gevind het dat inisiasie in die omgewing feitlik heeltemal verdwyn het; omgewingsinvloede wat op die mens inwerk, het van groter belang geword.

Volgens Erasmus (1970:224) is siektes nie van die religie te skei nie - siekte, magie en religie vorm 'n ineengestrengeldheid. Wat siekte in die Potchefstroom-ondersoek betref, is daar wel tekens van die voorafgaande gevind, maar ook gevind dat mense gebruik maak van moderne mediese geriewe, en siekte word normaalweg toegeskryf aan natuurlike oorsake. (Dit word breedvoeriger onder die Godbeskouing beskryf (vergelyk 2.2.1.2)). Ten opsigte van siektes word al hoe meer, soos De Villiers (1947:89) dit stel, geglo aan natuurlike oorsake. Persone word ook nou in begraafplase begrawe en nie meer in die lapa

(of beeskraal) soos tradisioneel die geval was nie.

Möller (1972a:84) meen dat, hoewel die meeste persone besondere klem lê op die voorvaders en magiese middele, daar ook die groot groep is wat meen dat God wel in beheer is van die mens en sy sukses of voorspoed in sy werk, maar dan is die seën of geluk van die voorouers en 'n magiese middel tog ook belangrik. Daar is wel spore hiervan in die Potchefstroom-ondersoek gevind, maar van die respondente voel dat 'n mens self verantwoordelik is vir jou dade en die gevolge daarvan. Voorspoed en sukses hang af van wat jy doen, en soos een dit stel "of die Here jou help".

Straf as gevolg van die slegte weer het meer met die voorouergeeste of toordery te doen. Die herstel van verhoudinge met die voorouergeeste of die verkryging van beskerming deur magiese manipulasie of rituele reiniging, is voldoende om die "straf" of gevolg van die slegte af te weer (Möller, 1972a:408).

Die begrip van sonde of die slegte het die gevolg dat vir die swartman die slegte veral uit disrespek, onwilligheid om ander te help, aanranding, onbeskoftheid, ongehoorsaamheid, parmantigheid, moord en immoraliteit bestaan (Möller, 1972a:408).

Vir die Tswana te Dithakong is 'n morele oortreding 'n wet wat oortree is, 'n wet wat nodig en goed is vir voortbestaan. Wanneer 'n oortreding nie die samelewing bedreig nie, is dit nie ernstig nie. 'n Daad is verkeerd as dit 'n bedreiging inhou vir die enkeling of die groep se geskakeldheid. Die liggaam of groep waarin hy lid is, lê sy reëls en wette neer. By oortreding van hierdie reëls moet die groep optree tot herstel van die oortreding (Erasmus, 1970:226).

Uit die Potchefstroom-ondersoek blyk dit ook soos Möller (1972a:89) dit stel: "'n Redelike mate van vaagheid oor die betrokkenheid van God by sondevergifnis en straf word opgemerk. 'n Afsydigheid wat gepaard gaan met 'n gebrek aan verantwoordelikheidsbesef teenoor God word hierin bespeur." Een van die respondente in die huidige ondersoek het melding gemaak van God se straf en die feit dat sonde vergewe word.

Vyf van die respondente in die Potchefstroom-omgewing voel dat 'n mens goeie en slegte mense kry. 'n Ander voel weer dat 'n mens net goeie mense kry. Volgens een kan 'n mens nie sê dat daar goeie en slegte mense is nie, want wat vir die

een goed is, is vir die ander sleg.

Vir 'n ander is dit moeilik om 'n oordeel te vel, want jy sal nie weet of iemand sleg is alvorens hy nie teenoor jou so opgetree het nie. 'n Ander sê weer sy glo nie daar is slegte mense nie, want die Here het al die mense gemaak. 'n Ander sê dat daar wel goeies en slegtes is, want selfs 'n Christen kan swak optree.

Wat betref die verhouding met ander mense, is in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat mense oor die algemeen nie daarvan hou om alleen te wees nie. Ongeveer tien respondente voel dat 'n mens nie net by homself kan wees nie - "dit is lelik". Een wat jonk en ongetroud is, gaan kuier graag by haar familie om nie alleen te wees nie. In hierdie verband kan aangesluit word by Möller (1974:196): by die breë massa skyn dit asof die kerkverenigings die sosiale groep is waarin die meeste mense betrokke is. Die omvang van die bedrywighede in sulke kerkgroepe kan egter dalk minder wees as in die drinkgroepe wat ook 'n groot persentasie van die gemeenskap sosiaal aan mekaar verbind.

Vyf van die respondente voel dat hulle eerder saam met ander mense kerk toe gaan as wat hulle alleen gaan. Hulle kan dan ook lekker na kerk kuier. Een van die weduwees sê dat sy, vandat haar man dood is, nie meer graag kuier nie, sy kuier maar by haar kinders. Een van die respondente het genoem dat hy 'n goeie vriend het by wie hy graag kuier. Nog een het gesê dat sy graag kuier, maar eintlik net een goeie vriendin het.

Van hulle meen ook dat hulle nie gedurende die week tyd het vir kuier nie, dit word meestal naweke gedoen. Daar was een respondent wat gesê het dat sy nie behoefte aan ander mense het nie. Van die respondente sê dan ook verder dat hulle mans daarvan hou om by die shebeens te gaan kuier om te drink. Die saamwees-idee is blykbaar belangriker as die drinkery. Ook die ouer seuns in 'n huishouding verkeer graag daar saam met ander.

Wat tans van die swartman waargeneem kan word, is dat die doel in sy lewe nie meer so duidelik gerig is op die inlywing in die organies-geïntegreerde gemeenskap nie (Van der Wateren, 1976:54). Dit is wel waar dat die persone in die Potchefstroom-ondersoek graag met ander mense verkeer, maar hulle gesinne kom in die meeste gevalle eerste; soos een dit stel: my kinders is vir my genoeg.

2.2.3.3 Samevatting

Ten slotte kan by De Villiers (1947:109) aangesluit word wanneer hy sê dat dit lyk asof die Westerse gewoontes al hoe meer inslag vind by die swartes. Aan die een kant vind 'n mens dat, alhoewel die meerderheid byvoorbeeld nie meer aan voorvadergeeste glo nie, daar tog diegene is wat nog waarde daaraan heg, maar terselfdertyd die Westerse gewoontes aanhang. Uit die ondersoek in die Potchefstroom-omgewing kan afgelei word, soos Bruwer (1963:193) dit stel, dat dwarsdeur die "Bantoewêreld" die tekens van 'n nuwe lewenstydperk en van kulture in 'n oorgangsproses te bespeur is.

2.2.4 Samelewingsbeskouing

2.2.4.1 Tradisioneel

2.2.4.1.1 Algemeen

Die swartman is tradisioneel 'n groepsmens en daarom is dit vir hom lewensnoodsaaklik om met 'n groep, primêr sy familie, maar ook met breëre groepe, veral die stam, geskakel te wees (Nel, 1978:75). Volgens Van der Walt en Postma (1987:98) behoort die swartman tot en is hy primêr deel van 'n duidelike maatskaplike ordening.

Bruwer (1963:40) beskryf die individu in die swart samelewing as iemand wat in 'n groot mate beweeg binne die gebondenheid van die bepaalde organiese groep waaraan hy in die samelewing behoort. Die Sotho-Tswana sien die groep as die primêre eenheid en die individu "as measured by it" (Setiloane, 1976:32).

Die belangrikste van die groepe of sosiale eenhede is die gesin, die linie of grootfamiliegroep, die sibbe of clan, en die totemgroepe. Hierdie sosiale eenhede vorm almal onderdele van die allesomvattende stameenheid (Bruwer, 1963:40).

2.2.4.1.2 Tradisionele groepering

Gesin

Die kleinste eenheid in die sosiale samelewing van die swartman is die gesin. Dit kom tot stand deur die huwelik tussen 'n man en vrou of vrouens afhangende

van die voorgeskrewe reëls van die gemeenskap. Tradisioneel woon so 'n gesin saam met ander gesinne in 'n stat (Bruwer, 1963:49-50).

Volgens Schapera (1971b:39) bestaan die swart gesin uit 'n man met sy vrou of vrouens en hulle ongetroude kinders, maar soms ook een of meer getroude seuns, broers, of dogters met hulle onderskeie families. Die lede van die gesin - man, vrou, en die afhanklike kinders woon in dieselfde lapa, maar wanneer daar meer as een vrou is, is elkeen geregtig op haar eie lapa (Hoernlé, 1956:91).

Familiegroep

Verskeie huishoudings wat naasmekaar woon en dieselfde gesins-/ familiehoof erken, vorm 'n familiegroep (Schapera, 1971b:40). So 'n groep betaan uit twintig tot vyftig persone. Dit bestaan meestal uit gesinne wie se mans "all descended agnatically from a common grandfather or great-grandfather, by whose name the group is commonly known..." Die groep mag egter ook ander verwante insluit soos "relatives of other categories, such as affines and uterine nephews, and perhaps even one or more families of unrelated dependants". Die familiegroep vorm die basis vir die meer huishoudelike gebeure en aktiwiteite van die samestellende huishoudings. As 'n eenheid deel dit aangeleenthede soos "betrothal and marriage negotiations, the organisation of feasts, the settlement of estates, and the future of widows", alles dinge wat nie net die een gesin raak nie, maar die groep as 'n geheel.

Verwantskapgroep

Die verwantskapgroep of -linie is nie 'n sigbare eenheid soos die gesin nie. Die lewende lede van so 'n linie sluit gewoonlik al die nakomelinge gegenereer deur manlikes, dit wil sê diegene wat aangedui word as "pa-mense", in. Verwante van die liniegroep bewoon gewoonlik dieselfde stat of aanliggende statte (Bruwer, 1963:50).

Onder die Sothovolke en veral die Tswana, is die sosiale organisasie opgebou rondom 'n eenheid wat bekend staan as die kgoro (Bruwer, 1963:51).

Die sibbe is ook 'n verwantskapgroep maar kom meer algemeen onder die Nguni en Venda voor (Bruwer, 1963:54).

Totemgroep

Die totemgroep se lede is weer dikwels versprei onder verskillende stameenhede, veral onder die Sothovolke. Die totembeskouing het 'n magies-religieuse grondslag (Bruwer, 1963:54). "People with the same totem are assumed to have had a common origin, and all those with different totems from their tribal chiefs are accordingly held to be of foreign extraction." Hierdie afleiding is nie altyd reg nie want daar is gevalle waar persone hulle totem verander het, gewoonlik om politieke en magiese redes (Schapera, 1971b:35). Volgens Hoernlé (1956:91) vind 'n mens in al die Sothogroepe 'n wyer sisteem van groepering "which cut across the limits of the tribes". Die lede van so 'n groep (vir wie daar nie 'n spesifieke natuurlike term is nie), "all regard themselves as intimately bound up, in some mystical way, with a certain species of animal or natural subject..."

Ouderdomsgroep

Die lede van 'n gemeenskap word ook verder in verskillende ouderdomsgroepe ingedeel. Persone van naastenby dieselfde ouderdom gaan gesamentlik deur 'n stadium, en so word 'n hegte band tussen hulle gevorm (Bruwer, 1963:55). Hoernlé (1956:93) sê dat die ouderdomsgroepe gerangskik word "in hierarchy of men, and still to-day play a considerable part in the lives of the people, especially among the Northern and Western Sotho, where an age group may be called upon to perform many different kinds of communal duties for the tribe or chief".

Stam

Al die verskillende groepe in die samelewing vorm onderdele of segmente van die stam of volksgeheel (Bruwer, 1963:55). Volgens Schapera (1971b:35) "The tribe, therefore, is not a closed group, membership of which is permanently fixed by birth; it is, rather, an association into which people may be born, absorbed by conquest, or enter of their own accord, and from which, again, they may depart voluntarily or be expelled".

Murray (1980b:90) beskryf die woord "stam" as 'n "political community defined by reference to its chief's jurisdiction". Elke stam het sy eie gebied en is polities onafhanklik. "Each tribe also managed its own affairs under the

leadership of a chief (kgosi) whose office was hereditary from father to son." (Shapera, 1970:4).

2.2.4.1.3 Tradisionele behuising

Wat behuising betref, is by baie "Bantoestamme" in Suid-Afrika die rondawelhuis 'n gewilde vorm van tuiste. Dikwels word pale dig teenmekaar ingeplant en die Tswanastamme veral maak gebruik van klei om die mure op te stapel. Die dak word met gras bedek (Bruwer, 1963:65). "Bantoehuise" is nie ontwerp om die hele gesin te huisves nie. Alleen jong kinders slaap by hulle ouers of moeder. Vir die ander is daar afsonderlike huise (Bruwer, 1963:49).

By die Tswanavolke woon die mense dikwels in groot statte. Die groot statte is in 'n aantal wyke verdeel en die wyke weer in kleiner eenhede, bestaande uit 'n groep verwante. Die kgotla is die vergaderplek en ook die sentrum van sosiale samehorigheid. Die huishouding van elke vrou het ook 'n lapa-afskorting van ringmure (Bruwer, 1963:61).

2.2.4.1.4 Tradisionele eetgewoontes

Wat eetgewoontes betref, eet mans en vrouens tradisioneel gewoonlik afsonderlik en die werksaamhede van die dag bring hulle ook nie by mekaar uit nie (Bruwer, 1963:49). Die vroeë dagmaal word gewoonlik bedien wanneer die gesin reeds versprei is en hoewel die aandmaal in die stat by die huise plaasvind, is dit ook gewoonlik nie 'n gesinsaangeleentheid nie. Dikwels eet die ouer mans, dan die jongeres, en die vrouens in aparte groepies en die kinders wag en geniet wat oorbly (Bruwer, 1963:110). Behalwe in die geval van snoeperye wat enige tyd genuttig word, het die swartman 'n georganiseerde patroon van maaltye. Daar is twee belangrike maaltye gedurende die dag. "As the middle of the morning is reached, the women who have been out, return with water and wood and begin to prepare the morningmeal, the first of the two meals of the day. This usually consists of porridge..." (Lestrade, 1956a:122).

Die vrou is verantwoordelik vir die voedsel: "...the women till the fields, build and keep in repair the huts and dwelling-enclosures, make pots, look after the children, and prepare the food." (Schapera, 1956:365).

2.2.4.1.5 Tradisionele huwelik

Vir die tradisionele swartman is die huwelik 'n plig: "Therefore, marriage is

a duty, a requirement from the corporate society, and a rhythm of life in which everyone must participate. For African peoples, marriage is the focus of existence. It is the point where all the members of a given community meet: the departed, the living, and those yet to be born." (Mbiti, 1969:133). Hy sê verder (1969:142) dat om getroud te wees met twee of meer vrouens 'n tradisie is wat oor die hele Afrika gevind kan word, maar in sekere samelewings is dit minder algemeen as in ander. Hoe meer vrouens 'n man het, hoe waarskynliker is dit dat hy baie kinders sal hê, en hoe meer kinders hy het, "the stronger the power of 'immortality' in that family".

Die swartman se keuse van 'n egmaat word tot groot hoogte beïnvloed deur hulle besondere begrip van verwantskap. Hierdeur ontstaan daar voorskrifte in verband met persone wat nie 'n huwelik mag aangaan nie en die wat feitlik as egmaats vir mekaar gebore word" (Bruwer, 1963:69). "A man's first wife is generally selected for him by his parents; any others he chooses himself." (Schapera, 1971b:41).

2.2.4.1.6 Tradisionele egskeiding

Wat egskeiding betref, is steriliteit en onvrugbaarheid aan die vrou se kant meestal genoegsame rede vir so 'n stap. Tydelike skeiding tussen man en vrou is egter meer algemeen. Dit kan veroorsaak word deur 'n geskil tussen die vrou en die man of die vrou en die familie van die man oor die man se onvermoë om die volledige huweliksgeskenk te oorhandig (Mbiti, 1969:145-146). In sulke gevalle gaan die vrou terug na haar mense toe vir 'n paar dae of selfs vir 'n paar jaar totdat die breuk herstel is.

2.2.4.1.7 Tradisionele lobola

Die roerende goedere wat die bruidegom se familie oordra aan dié van die bruid word aangedui as lobola. Die Sothovolke noem dit "bogadi" (Bruwer, 1963:70). Lobola verseker die man en sy verwante dat hulle met kinders geseën sal wees, en verstewig die vrou se posisie binne die eg-eenheid. Solank die lobola in die stat van haar vader is, is sy verseker van 'n tuiste in die stat van haar man en sy mense. Sy verryk die stat met kinders wat 'n waardevolle aanwins is (Bruwer, 1963:76). "In Tswana law, however, no marriage was considered valid unless and until bogadi has been given." (Schapera, 1971b:42).

2.2.4.1.8 Tradisionele gesagsiening

Die swartman se beskouing van die samelewing bepaal ook sy siening van gesag (Van der Walt, 1984:33). "'n Belangrike kenmerk van die Bantoe se begrip van verwantskap is die besondere gedragsreëls wat daarmee gepaard gaan. Hierdie gedragsreëls is besonder duidelik omlyn, en die Bantoekind leer van kleinsaf hoedat hy hom moet gedra teenoor mense wat in 'n bepaalde verwantskaps-verhouding tot hom staan." (Bruwer, 1963:46).

Ouderdom speel altyd 'n belangrike rol in die swart samelewing, en eerbied vir oueres in jare is een van die belangrikste kodes in die swartman se gedrag. "Age forms the basis for further social distinctions. In family life people are entitled to respect from those younger than themselves, whose service they can freely command." (Schapera, 1971b:38). "...the aged are the repositories of experience and wisdom. It is the old men and women to whom people turn for advice and guidance in times of doubt and difficulty." (Booth, 1983:39).

Volgens Schapera (1971b:38) geniet ouer broers en susters 'n aansienlike mate van respek en gesag deur jongeres. Verder geld die beginsel in verhoudings dat mans normaalweg as die meerdere beskou word en ook dienooreenkomstig behandel word. Volgens Bruwer (1963:47) is die verhouding tussen ouers en kinders baie meer formeel, veral wanneer die kinders reeds grootgeword het. Die vader is die patriarg en hy verwag strenge gehoorsaamheid en beleefdheid van sy kinders. Seuns staan egter nader aan hulle vader as dogters, omdat daar by die swartman in die algemeen 'n mate van afsydigheid tussen die twee seksgroepe gehandhaaf word. Die verhouding tussen 'n moeder en haar dogter is meer intiem en word gekenmerk deur liefde en beskerming. Tussen broers en susters word die verhouding beïnvloed deur die senioriteit op grond van ouderdom en 'n duidelike hiërargie word in die onderlinge gedragspatrone gehandhaaf.

Wat die stam betref, is die opperhoof die sentrale en bindende faktor. Behalwe dat die stam sy eie lewensvorm handhaaf, is lojaliteit aan die opperhoof die belangrikeste faktor wat die eenheidsgevoel van die stam bewaar (Bruwer, 1963:56).

Aangesien die Sotho-Tswana die groep as die primêre eenheid beskou, sê hulle volgens Setiloane (1976:32): "Gross deviants (sorcerers and murderers) are proscribed , cut off or destroyed, not only for their correction but for the fear of the threat they offer to the healthy flow of community life."

### 2.2.4.2 In die half-verwesterste toestand

#### 2.2.4.2.1 Nuwe groepvorming

Die verspreiding van die Westerse beskawing oor Suid-Afrika het die swartman se lewe op verskeie gebiede beïnvloed. "Among the most readily observable is the differentiation of the people into new social classes" waarvan sommige godsdienstig, ander polities en ander sosiaal is. Ekonomiese lewe, sosiale organisasie en ander aspekte van die kultuurlewe is aangetas "by the relation of the people to the land". (Schapera, 1956:357).

Volgens Dubb (1974:446) het die swartman in groot getalle van die platteland na die stedelike gebiede begin stroom. Terwyl sommige van die bewegings "purely migratory" is, het baie swartmense hulle permanent in dorpsgebiede gevestig.

In antwoord op die nuwe beroepe, ekonomiese, sosiale, huislike en ander omgewings eie aan 'n dorp, "as distinct from rural life, new urban institutions have come into being". Die gedrag van die "migrant in town", verskil van sy gedrag in sy plattelandse huis, omdat hy hom nou in 'n nuwe situasie bevind. Hy is nou verplig om in sy huidige situasie met mense te meng en saam te werk wat ten opsigte van die tradisionele kriteria van byvoorbeeld buurmanskap, "tribe or political allegiance, could never have been part of his social universe" (Dubb, 1974:446).

Wat die gesin vandag betref, is daar verskeie menings. "The domestic unit was, traditionally, the paterlineally extended family rather than the nuclear family." Volgens Dubb (1974:456) is die reëling, waar dit nog bestaan, nie meer algemeen nie, selfs ook nie in die plattelandse gebiede nie.

Sendelinge beklemtoon die "nuclear family unit while the very act of conversion led to a degree of withdrawal from the extended families to which converts belonged. In towns the traditional type of extended family is virtually non-existent." Dit is die individu of 'n paar - met of sonder kinders, wat dorp toe trek eerder as die uitgebreide familie (Dubb, 1974:457). Gevolglik ontstaan daar verskeie tipes huishoudings waarvan die huidige ondersoek in die Potchefstroom-omgewing bewys kan lewer. Daar is nie juis sprake van 'n familiegroep nie, familie wel, maar dit gaan meestal oor die man en vrou en die versorging van hulle eie kinders.

Dubb (1974:457) verwys na die ondersoek van Pauw waarin hy vier tipes huishoudinge onderskei. Die eerste en ook die algemeenste is dié van die "nuclear family" (kerngesin) plus nog een of twee afhanklikes of familielede. Pauw (1980:152) verwys daarna as die "Father-mother-children households". In die huidige ondersoek is 'n voorbeeld hiervan in vier gesinne gevind wat saam met hulle kinders in Ikageng woon. In een geval woon die ouers en kinders op 'n kleinhoewe in 'n huis wat deur die werkgewer aan hulle verskaf is.

Die tweede tipe is die "multi-generational male-headed household in which the nuclear family is augmented by the children of an unmarried daughter or daughters" (Dubb, 1974:457). Ook hier is 'n voorbeeld in die huidige ondersoek gevind waar daar 'n kleinkind van 'n ongetroude dogter by die grootouers bly terwyl die ma verder studeer.

Derdens is daar die "mother-children households" (Pauw, 1980:152). Hierdie huishoudings bestaan uit weduwees, geskeide vrouens en ongetroude moeders met hulle kinders en soms ook ander persone. In die ondersoek is die volgende voorbeeld in verband hiermee gevind: 'n dogter (wie se man weggeloop het) en haar kinders woon by die dogter se moeder in. Die huis is die eiendom van die ouma. Dis 'n kwessie van tyd volgens die skrywer (Dubb, 1974:457) voordat hierdie tipe huishouding sal uitbrei tot 'n moeder-kind huishouding as gevolg van die ongetroude dogters en selfs dié van kleindogters. Pauw (1980:152) verwys na die vierde tipe as die "multi-generation female-headed households".

In aansluiting hierby sê Murray (1980a:108) die volgende: Nog 'n verskynsel wat aangetref is, is dat vrouens wat alleen die mas moet opkom, nie aparte huishoudings het nie, maar wel inwoon, in al die gevalle van die ondersoek, by so 'n vrou se ouers. "This reflects the fact that while men usually establish independent households on marriages, unmarried women, or women who return to their own homes following marital failure, seldom set up independent households. They remain with the household of their parents or widowed mother, but may continue to bear children."

Volgens Murray (1980a:21) word die gesinslewe tans ontwrig deur die verskynsel van vaders wat op ander plekke werk: "Family life is ravaged by the separation of spouses and the absence of the fathers."

Hierdie verskynsel is by heelparty van die respondente in die Potchefstroom-omgewing gevind. Een van die respondente is getroud maar woon alleen op haar

werkgewer se perseel. Haar man woon en werk op 'n ander plek. Die kinders is versprei tussen die ouma en ander familie. In drie van die gevalle woon die man en vrou apart en die kinders word deur die ma, 'n ouma of ander familielede grootgemaak.

"The nuclear family form (a man, his wife and their children) still embodies the traditional aspiration of a married couple to build their own house..." (Murray, 1980a:108). Daar is egter nie sin in die identifisering van die kerngesin as die basiese eenheid wanneer duisende mans en vroue gedwing word om apart te lewe nie. Baie vrouens moet hulle eie brood verdien deur ook weg te werk terwyl baie huishoudings deur weduwees of deur vroue in die afwesigheid van hulle mans bedryf word, en baie kinders word deur hulle grootgemaak in die afwesigheid van hulle ouers.

Wanneer die Tswana werkloos raak en die nood begin druk, kan hy sy toevlug neem tot sy familie, aangesien daar binne sy sosiale organisasie 'n besondere stelsel van wederkerige hulpverlening bestaan. Die familiereg van die Batswana maak voorsiening vir 'n stelsel van verwantskapsverpligtinge waarvolgens die lede van 'n gesin 'n besondere posisie binne die gesin beklee asook bepaalde verpligtinge teenoor mekaar het (Redelinghuys, 1974:20). Schapera en Goodwin (1956:161) gee 'n voorbeeld van so 'n verpligting: "Sons when grown up, must support their parents, and should place at the disposal of their fathers anything they obtain by hunting, purchase, or service for others."

Tradisioneel is verwante deur bloed of huwelik geregtig op gasvryheid, ook op geskenke en arbeidshulp. Hulle is veronderstel om mekaar dikwels te besoek en moet onthaal word wanneer hulle 'n besoek bring. Aan hulle wat ver bly, moet 'n bok of bees gegee word aangesien hulle nie naby genoeg is om 'n stukkie oor te stuur nie (Schapera & Goodwin, 1956:164). Hier is dus sprake van iets van die tradisionele wat in die half-verwesterste toestand oorgebly het.

In die Potchefstroom-ondersoek het een persoon spesifiek daarna verwys dat hy gereeld wanneer hy kans kry, Mafikeng toe ry om die ouer mense te besoek. By so 'n geleentheid neem hy dan 'n skaap saam. In die huidige ondersoek is ook gevind dat die meeste respondente hulle sal wend na een of ander familielid wat hulle in tye van nood sal bystaan. Daar is egter teenstrydighede gevind. Hoewel die meeste van die respondente familievas is, en sover dit in hulle vermoë bestaan, die familie op 'n gereelde grondslag besoek word, het sommige gesê dat hulle hul nie altyd na familie kan wend vir hulp nie. Een het gesê sy

twyfel of hulle haar sal help, want hulle het hul eie lewens om te lei. 'n Ander een het gesê haar broer se vrou sal nie toelaat dat haar broer haar help nie. Dan is daar egter ook een wat gesê het sy familie is daar om hom te help; trouens, hulle het hom finansieel bygestaan toe hy baie siek was.

Daar is volgens Murray (1980a:112) bewys "that the 'extended' family no longer provides an adequate security for the elderly, the sick, the unemployed and the very poor". Ook hier is verskillende resultate gekry in die Potchefstroom-omgewing. Een respondent het verwys na die blanke wie se ouer mense ouetehuise toe gaan en gesê dat dit nie by hulle die gebruik is nie. Hulle moet omsien na hul bejaardes. 'n Ander weer wil haar eie huis hê sodat haar ouers, as hulle oud word, 'n plek het om te bly.

Nog een het gesê, die tye het verander en 'n mens moet dit nie van jou kinders verwag om na jou te kyk nie; jy moet self vir jou oudag voorsiening maak.

Waar die kerngesin soos dit in die Weste geken word (man, vrou en kinders), neig om binne tradisionele verband sy eie identiteit prys te gee ter wille van die familiegroep, is die familiegroep vandag kleiner (waar dit nog voorkom), waarskynlik omdat minder poligame huwelike voorkom (Nel, 1978:76).

Wat die ander tipes van groepering betref, is omtrent geen inligting verkry nie. In die meeste gevalle weet hulle nie waarvan gepraat word as daar verwys word na 'n stam, totemgroep, ensovoorts nie. Daar is egter raakgesien dat, soos Lye (1980a:80) dit stel: "The move to the city or to work on white farms attenuated the links between many African people and their rural areas of origin." Schapera (1956:367) wys daarop dat "The need for money, the shortage of land, the activities of the recruiters, and a growing desire to escape from parental control or to experience adventure and change have all contributed towards converting many tribal Natives into temporary wage earners outside their homes".

2.2.4.2.2 <u>Behuising</u>

Ook wat behuising betref, kan die invloed van die Westerse leefwyse waargeneem word. "To some extent ... rectangular dwellings are replacing the old circular huts, a process most marked in Southern and Western Transvaal, but noticeable everywhere. Most of these new dwellings are built, like the old huts, with earthen walls and thatched roofs, but wealthier or more important people have

brick houses with corrugated iron roofs. In more progressive households one also notices beds, tables, chairs, and other European articles of furniture." (Schapera, 1956:364). Die meeste (elf) van die respondente in die Potchefstroom-omgewing woon in steenhuise met òf 'n asbes- òf 'n sinkdak. Van hulle woon in Ikageng, op kleinhoewes of in die nasionale state. Daar is ook drie wat in 'n kamer alleen woon op 'n werkgewer se perseel. Een het met sy gesin in 'n kleihuis gewoon wat ingegee het met die reën en nou woon hulle by die oupa. Twee het sinkkaias met een vertrek in Ikageng op hulle eie erwe, want hulle kan nie 'n huis bekostig nie.

Ook hier is 'n teenstrydigheid van opinie ten opsigte van die tradisionele en die moderne woning. Ses van die respondente in die Potchefstroom-omgewing beskou die tradisionele hut nie as outyds nie. Twee het gesê hulle is koeler en ook sterker, 'n ander het weer gesê dit raas nie soos 'n sinkdak as dit hael nie.

Die ander beskou dit as outyds; een het gesê dit is gevaarlik omdat dit aan die brand kan slaan en die grasdak kan ook siektes veroorsaak. Een van hulle het nie geweet hoe lyk die tradisionele hut nie. Nog een het genoem dat as hy dit kan regkry, hy 'n grasdak sal verkies wanneer hy weer bou, maar gras is nie so maklik bekombaar nie.

Almal, met uitsondering van een, het geweet wat 'n lapa is. Net twee van die respondente het 'n lapa en een sou graag een wou hê. Nog een het gesê: "Ons maak nie meer so nie".

Die meeste huise bestaan uit vier vertrekke. Daar is vyf wat elektriese stowe het, agt het koolstowe, en een het albei. Twee maak gebruik van gas, nog twee gebruik 'n primusstoof en twee maak buite vuur. Die akkommodasie in dorpe is gewoonlik nie geskik vir 'n groot groep mense nie.

In 'n ondersoek deur Jones (1967:180) is daar dorpe gevind waar die huur baie hoog is en op hierdie plekke is veral baie onderverhurings gevind. In die Potchefstroom-ondersoek is ook soortgelyke gevalle gevind. Soms word 'n kamer verhuur aan 'n familielid; anders word dit gedeel met familie.

Soos verwag kan word, word die huislike lewe en die morele lewe van die gesin beïnvloed deur oorvolheid. Wat betref slaapgewoontes, is by slegs vyf van die

gesinne gevind dat die kinders in hulle eie kamers volgens die twee geslagte slaap.

Twee se kinders slaap by die ouers in die kamer. In drie gevalle slaap die kinders deurmekaar maar elkeen op sy eie bed. In een geval slaap die kinders by die ma en in 'n ander geval slaap die kinders en die ma op dieselfde bed (die pa's woon nie daar nie). Een het gesê dat as die kinders vir hom kom kuier (twee van hulle), hulle almal op een bed slaap. By 'n ander een weer slaap die hele gesin saam as die pa die naweek by die huis is. In 'n ander geval slaap die ma, die tannie en een kind en die ouma en die ander kinders saam. 'n Ander respondent sê dat die dogters by die ma en die ouma slaap en seuns by die oom. In drie gevalle word die kind by die ouma groot en slaap ook by haar. In 'n ander geval slaap die kinders alleen, maar daar is 'n nikswerd oom wat nou en dan sy opwagting maak en dan slaap hy by hulle. In 'n ander geval slaap die kind by die tannie en dié se kind (sy word by die tannie groot).

2.2.4.2.3 <u>Eetgewoontes</u>

Eetgewoontes toon ook 'n verskeidenheid van patrone. Waar voedsel tradisioneel met die hand genuttig is, word daar, soos die huidige Potchefstroom-ondersoek toon, geneig na die Westerse manier van eet. Wat eetgerei betref, is in die ondersoek gevind dat twaalf van die respondente aan 'n tafel sit as hulle eet. In een geval sit party van die huislede aan 'n tafel en in 'n ander geval sit hulle net soms aan 'n tafel. Twee van die respondente het gesê hulle sit sommer op iets, en 'n ander weer sit net op 'n stoel en eet.

Twaalf van die respondente maak gebruik van lepels en een eet soms met mes en vurk. In vier gevalle eet net die grootmense met mes en vurk en in twee gevalle eet almal met mes en vurk. Een het gesê, as hulle bly is oor iets "eet hulle soos die witmense, met mes en vurk".

Waar aandete hoofsaaklik 'n "family affair" (Lestrade, 1956a:126) was, is gevind dat ouers tans sukkel om hulle kinders almal vir 'n ete tuis te kry. Dis ook nie altyd vir hulle belangrik nie. In ses gevalle is die gesin versprei, dus is daar nie sprake van 'n aandete saam nie. In een geval is die enigste tyd wat die gesin bymekaar is, soggens. Een respondent het gesê sy probeer die gesin saans bymekaar kry en drie van hulle het gesê hulle het 'n probleem met die ouer kinders wat eers laat in die aand huiswaarts keer en dan

op hulle eie kom eet. Vier van die respondente eet saans saam, een het trouens gesê hy verwag dit van sy kinders om betyds vir aandete by die huis te wees. In een geval kuier die pa by die shebeen, dus is hy selde tuis. 'n Ander het gesê hulle is naweke saam, 'n ander is soms saans saam en 'n ander weer het gesê dat dit vir hom essensieel is dat sy gesin saans saam is vir ete. "After the evening meal the whole family relaxes, and family life appears in its most pronounced and cosiest form. People sit round the fires, the men and older boys in one group, the woman and children in another. It is then that tales are told." (Lestrade, 1956a:127). Hiervan is daar in die huidige opset dus nie sprake nie.

Wat die voorbereiding van kos betref, is daar ook 'n verandering ten opsigte van die tradisionele aangetref. In die meeste gevalle werk die moeder laat en die kinders is by die huis voordat sy daar is. Hulle maak dus self kos, ongeag hulle ouderdom; soos een dit gestel het: "die kinders het mos nou nie meer beeste om op te pas nie, daarom moet hulle met die tuiswerk help".

Dit verskil dus van die volgende situasie soos deur Lestrade (1956a:125) beskryf: "The women also, on their return from the fields, or after their day's work at home indulge in a certain amount of relaxation till the time comes for preparing the evening meal."

Die meeste van die respondente eet drie maal per dag, wat in teenstelling met die tradisionele is. Tradisioneel vind die eerste maaltyd laat in die oggend plaas en die ander in die aand so teen sononder (Bruwer, 1963:110). Al die maaltye bestaan uit 'n stapelvoedsel, naamlik pap en een of ander bykos. Hiervan lewer die huidige ondersoek ook bewys. Daar is gevind dat oggendete hoofsaaklik varieer tussen pap en melk, en brood en koffie. Ook middagete is 'n variasie van pap en brood. Twee respondente het egter gesê dat hulle soos die witmense in die middae eet. In twee gevalle het hulle gesê dat hulle rys en vleis eet. Die aandete bestaan ook uit pap en brood met ander kosse, byvoorbeeld sop, eiers, vis en vleis. Twee het gesê dat hulle naweke "lekker kos eet soos rys, pampoen en vleis". Twee van die gesinne se kinders kry geld vir skoolkos.

Die meeste van die respondente was dit eens dat as hulle meer geld gehad het vir kos, hulle groente en vrugte asook vleis sou gekoop het. Ses het na groente verwys, vier na vrugte, drie spesifiek na aartappels en een na tamaties as kossoorte wat gesonder is as die waaraan hulle gewoond is, soos byvoorbeeld

pap. Een sou blikkieskos wou koop, twee melk, en drie vleis. Twee het gesê dat hulle in hul gesinne se behoeftes kan voorsien, en een het gesê dat sy haar kind se dieet van pap en brood as voldoende beskou; sy het nie behoefte aan ander kossoorte nie.

In aansluiting by Jones (1967:177) is die volgende in die Potchefstroom-ondersoek gevind. In die swartman se huis is die stapelvoedsel mieliemeel, brood, suiker en koffie. In sommige huise word mieliemeel vir dae aaneen geëet. In die huise van onderwysers is ook vleis, konfyt, rys, boontjies, aartappels, melk en stampmielies op die spyskaart. Die verskille bestaan nie net tussen klasse nie, maar ook tussen gesinne in 'n klas. 'n Gewese onderwyser het genoem dat sy mense soos die blanke eet en hy het die vermelde kossoorte genoem.

2.2.4.2.4 Huwelik

Wat die huwelik betref, is daar ook na die Westerse manier ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat oorgegaan. Volgens Wilson (1969:77) word daar tans groter vryheid ten opsigte van 'n huweliksmaat toegelaat: "...in town preferred marriages have virtually disappeared."

In aansluiting by Kriel (1984:20-21) se stelling dat in die geval van die meeste Westerlinge 'n man een vrou liewer as ander 'n vrou het en daarom met haar wil trou, is in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat een ouer gesê het dat haar kind met enigeen kan trou solank sy hom liefhet. 'n Ander het gesê sy kan niks teen 'n aanstaande huweliksmaat sê nie want "wat kan jy nou teen die liefde doen?". Al die respondente is dit eens dat hulle kinders enigeen as huweliksmaat kan kies. Dit is nie nodig dat dit 'n Tswana moet wees nie. Een sou verkies dat dit 'n Tswana moet wees, maar as dit nie is nie, sou sy niks aan die saak kon doen nie. Een het gesê dit kan met enigeen wees want sy het in elk geval nie beheer daaroor nie. Drie het gesê enigeen, "net nie 'n witte nie". Nog een het gesê dat indien dit met 'n wit persoon sou wees, dit probleme sou meebring. Vir een van hulle het dit glad nie saak gemaak nie want "dis sy kind se keuse". Twee wou hê dat hulle kinders met Tswanas trou. Een het selfs sover gegaan om te sê sy verkies dat hulle glad nie trou nie want trou bring net moeilikheid.

Van die ouers wat ondervra is, is agt met Tswanas getroud. Van hulle is egter ook getroud met 'n Mapedi en Sotho. Die wat nie getroud is nie, woon saam met

Tswanas en ander, en die wat net 'n vriend het se vriend is nie noodwendig altyd 'n Tswana nie. Dit is dus afwyking van die volgende: "More specifically among the South Sotho, Tswana, Lobedu and Venda preferred unions occur with a cousin and with the mother's brother's daughter in particular." (Preston-Whyte, 1974:192-193).

Ten opsigte van 'n huweliksmaat en lobola (bogadi)-instelling het die huwelikspatroon verander. Die huwelik het in die stede dikwels 'n individuele aangeleentheid geword, dikwels sonder die sanksie en hulp van die verwantskapsgroep. Ongeoorloofde verbintenisse en buite-egtelike kinders is 'n alledaagse verskynsel en maak 'n aansienlike persentasie van die geboortes van swart kinders in sommige stedelike gebiede uit (Bruwer, 1963:191). Sommige van die respondente is ongetroud en toe daar aan hulle gevra is of hulle met die pa/ma van hulle kinders gaan trou, kon of wou sommige van hulle nie positief daarop antwoord nie. Van die ongetroude respondente se kinders is al so oud as elf jaar sonder dat daar 'n vaste voorneme bestaan om te trou.

2.2.4.2.5 Egskeiding

Wat egskeiding betref, is twee van die respondente sonder hulle man, dog sonder dat 'n egskeiding plaasgevind het. Albei is verbitterd aangesien hulle mans hulle summier gelos het en nooit weer iets van hulle laat hoor het nie.

2.2.4.2.6 Lobola (Bogadi)

Volgens Bruwer (1963:71) word 'n foutiewe beskouing gehuldig ten opsigte van lobola (bogadi), naamlik dat die swartman sy vrou koop met die veediere wat vir haar betaal word. Die vrou word nie die besitting van die man met wie hy na willekeur kan handel nie; trouens, sy word nooit eens deel van sy verwantskapsgroep nie. Sy bly onder voogdyskap van haar eie mense. Die verkeerde siening is egter volgens Schapera (1970:137) onder die vroeë sendelinge gevind: "The early ... missionaries condemned the practice, which they stigmatizised as both 'wife purchase and child purchase'..."

In die huidige Potchefstroom-ondersoek is egter gevind dat die verkeerde siening wel deur 'n groot aantal respondente gehuldig word. Die meeste heg nog waarde aan lobola (bogadi), in die meeste gevalle omdat die ouer swaar grootmaak aan sy kind, en daarom kan 'n man haar nie sommer verniet kry nie. Een het gesê jy maak hard aan jou kinders groot, 'n ander het gesê sy het haar

kind geabba en vir haar van haar melk gegee. Die lobola-instelling word nog bykans oral gehandhaaf behalwe dat die beeste vervang word deur geld (vgl. Bruwer, 1963:191).

Van die respondente in die Potchefstroom-ondersoek meen ook lobola is hulle gewoonte of hulle wet, maar hoekom dit so is, weet hulle nie: "Dis ons geloof".

Daar is egter ook diegene wat dink dis 'n gewoonte wat gaan uitsterf.

Teenswoordig speel geld 'n rol. Volgens een respondent is lobola 'n duur transaksie en 'n man kan nie meer met beeste betaal nie: nou moet hy met geld betaal. As hy dan nou vir sy vrou moet betaal, huis opsit en haar onderhou, kan 'n man amper nie oorleef nie. Een het gereken dis 'n gewoonte wat nooit sal uitsterf nie, al word die swartman hoe geleerd. 'n Man moet maar net harder werk om al sy finansiële verpligtinge na te kom.

Kerklike en burgerlike huwelike het ook reeds in 'n mate tradisionele huwelike vervang. Een vrou het gesê dat sy en haar suster besluit het dat as hulle kinders die dag wil trou, moet die "boyfriend hulle maar net vat". Van hulle reken dis 'n gewoonte wat dalk mettertyd sal uitsterf. Soos een dit gestel het: "Alles verander vandag. Dit kan dalk ook verander." Daar is ook van hulle wat nie weet of die gewoonte sal voortbestaan en of dit gaan verander nie.

2.2.4.2.7 <u>Nuwe werksgeleenthede</u>

Dit was tradisioneel die plig van die vrou om die lande te bewerk, kos te kook en ander huishoudelike pligte te verrig. Die mans weer, moes die gesin van 'n hut voorsien, lande verskaf wat bewerk moes word en koeie melk. Hy moes ook toesien dat sy gesin gekleed is en in ander benodigdhede voorsien. Die kinders weer, verrig take ooreenkomstig hulle geslag en ouderdom (Schapera, 1971b:27).

Kontak met die Westerse beskawing het nie alleen die tradisionele werkspatroon verander nie maar ook nuwe vorme van werksdifferensiasie meegebring. "Women nowadays occasionally do work formerly confined to men..." Nuwe beroepe soos byvoorbeeld onderwys is algemeen onder albei geslagte (Schapera, 1971b:38).

Vrouens het ekonomies 'n onafhanklikheid verkry wat tradisioneel ongekend was

(Schapera, 1971b:38). In hierdie verband kan genoem word dat daar in die Potchefstroom-ondersoek vroulike respondente is wat hul eie spaarrekeninge het.

2.2.4.2.8 Gesag

Die benadering teenoor gesag het weinig veranderinge ondergaan. Die tradisionele siening van "The regard for one's elders is extended beyond the family and kin to the tribe as a whole", (Schapera, 1971b:38) bly steeds gehandhaaf.

Al die respondente is dit eens dat oueres (ongeag hulle voorkoms, ensovoorts) gerespekteer moet word. Al die vrouens beskou ook die man as die hoof van 'n huishouding. Daar is diegene wat meen dat 'n man sy vrou kan aanspreek en dat sy moet luister, maar daar is ook diegene wat sê dat 'n man wel die hoof is, maar hy moet ook na sy vrou luister en sy mag hom ook aanspreek as hy verkeerd opgetree het. Een het gesê dat die man en vrou gelyk is, "want die Here wou dit so hê". Daar is dus duidelike veranderinge in die gesagverhoudinge te bespeur, hoewel die gesagspatroon in die breë gehandhaaf word.

Volgens Bruwer (1963:192) het die vestiging van blanke gesag meegebring dat die swartman ingetrek is in die staatkundige struktuur van Suid-Afrika. Daar kom as gevolg hiervan 'n einde aan die onbeperkte gesag van die tradisionele politieke owerhede van die swartman. Verbrokkeling van die stam en die trek van die swartman na die stede het ook nuwe politieke aspirasies meegebring. Vir baie is die stamowerhede nie meer aanneemlik nie, en hulle verkies om gelyke seggenskap met die blanke in die staatkundige beheer van die land te verkry (Bruwer, 1963:193). Met die koms van die blanke (Schapera & Goodwin, 1956:170-171) word die hoofman gekortwiek in sy funksies. Ook beperk hulle sy mag in die uitvoering van die reg en in die hoeveelheid grondgebied wat aan hom toegeken word.

2.2.4.2.9 Samevatting

Samevattend kan gesê word dat dwarsdeur die "Bantoewêreld" daar die tekens is van 'n nuwe lewenstydperk en van kulture in 'n oorgangstydperk (Bruwer, 1963:193). Bruwer (1963:190) vervolg deur te sê dat die nuwe ekonomiese eise en verspreiding en desintegrasie van die stamlede, asook die invloed van die Westerse kerk, staat en die skool, 'n onmiskenbare invloed uitgeoefen het op

die onderlinge gebondenheid van gemeenskapslede en verwantskapsgroepe, op die huwelikspatroon, die lobola-instelling en die ontwikkeling van die individu binne die stamverband.

Ook hier kan daar nie veralgemeen word nie. Daar is respondente wat volgens die huidige ondersoek totaal verwesters is in hul lewenswyse, maar wat glo dat 'n gebruik soos lobola deel is van die tradisie en dat dit nooit sal uitsterf nie. Daar is ook diegene wat voel dat tradisionele kleredrag totaal uitgesterf het en wat dit slegs nog op televisie gesien het, en dan is daar diegene wat graag sou wou hê dat dit nog met feesgeleenthede gedra moet word.

Daar kan gesê word dat die Sotho-Tswana se algemene uitdrukking dat 'n man net 'n man is in assosiasie met ander persone (Setiloane, 1976:33), nie vandag meer sonder meer van toepassing op die Tswana-samelewing is nie. Die Tswana is nie meer so 'n groepsmens soos wat tradisioneel die geval was nie.

### 2.2.5 Kennisleer

#### 2.2.5.1 Tradisioneel

Die swartman se denke is tradisioneel konkreet en prakties. Hy begin by konkrete dinge, en hy dink meer induktief as deduktief. As gevolg van die voorafgaande spreek konkrete dinge en beeldryke taal met baie praktiese illustrasies hom aan (Van der Walt & Postma, 1987:99).

In dié verband verwys Lestrade (1956b:303-304) na die taal van die swartmense. "Their grammatical system also is of such a nature that it lends itself readily to the work of precise and eloquent literary expression. Even the commonest actions, objects, qualities and descriptive notions may be indicated by words showing this quality of picturesque imagery." Volgens dieselfde skrywer "the syntax of the Bantu languages is of a direct and simple kind". Sinne is kort en ingewikkelde konstruksies is so te sê afwesig (Lestrade, 1956b:305).

Die denkwyse van die swartman is integraal-situatief, en hy dink ooreenkomstig gehele (Van der Walt & Postma, 1987:99). "... zij denken wel is waar filosofisch, doch spreken konkreet. Zij noemen elk wezen bij zijn naam, maar de innerlijke aard van die wezens staat hun voor den geest als deze of gene gespecifiëerde kracht, niet als iets statisch." (Tempels, 1946:27).

Dieselfde skrywer (1946:43) sê dat "de kennisleer van de Bantu rekening houdt met de uiterlijke evidentie, het gezag en de hoogere levenskracht van de voorouders, doch tevens met de innerlijke evidentie, het beschouwen uit hun standpunt van de natuur en de levensfenomenen".

"Die tradisionele Bantoedenke word as emosioneel-intuïtief-sensitief getipeer. Die Bantoe ken veral deur deelname, en die Bantoe-kenteorie word dikwels as intuisionisties beskou." Van der Walt en Postma (1987:100) kom tot die slotsom dat die swartman ook meer pragmaties as dogmaties in sy lewens- en wêreldbeskouing is.

Tradisievastheid het veroorsaak dat die tradisionele swartman nie kennis gesien het as iets wat 'n mens deur studie of insig kan verkry nie. 'n Kind word dus van kleins af aangemoedig om nie sy eie antwoorde te vind op vrae wat by hom opkom nie, maar eerder om die tradisionele antwoorde op die vrae te leer ken (Badenhorst, 1978:42-43). Hulle is nie gestimuleer om denkend en krities te lewe nie. Direkte ervaring word dus voorop gestel (Van der Walt, 1990:38).

2.2.5.2 <u>In die half-verwesterste toestand</u>

Möller (1972a:23) beweer dat daar in die sekularisasieproses ook 'n verandering in denkpatrone van die swartman opgemerk word. Metafisiese denkpatrone word vervang deur die meer ontologiese denke wat vra na die essensie van dinge. Die ontologiese denke sal in 'n later stadium egter weer verander na die funksionele denke wat nie tevrede is om net na die essensie van dinge te vra nie, maar deurdring na die realiteit en funksie van dinge en handelinge. Hoewel fragmentariese denkwyses veral by die metafisiese denkpatrone voorkom waarin daar nie na die logiese uiteinde van sekere beginsels in sy volle konsekwensies gevra word nie, is dit opgemerk dat in die moderne Westerse samelewing met sy besondere spesialisasie, fragmentariese denke ook te voorskyn kom. Die neiging is daar om denke net te voer tot waar die rasionalistiese funksionele denke kan reik terwyl die res geïgnoreer word.

Wat betref die kennisverkryging van die respondente in die Potchefstroom-ondersoek, is gevind dat die respondente feitlik almal in 'n half-verwesterste situasie verkeer aangesien hulle, behalwe hulle tradisionele opvoeding, ook die geleentheid gehad het om 'n Westerse tipe skool by te woon.

Vyf van die respondente in die Potchefstroom-omgewing het standerd 6 geslaag,

twee standerd 5, een het tot by standerd 3 en een tot by standerd 4 gevorder. Twee het standerd 7 geslaag en een standerd 1. Die res van die respondente het geen skoolopleiding nie met uitsondering van een wat 'n onderwysdiploma verwerf het.

Daar is verkillende redes vir die onderbreking van hulle skoolopleiding maar by die meeste is dit die gevolg van 'n gebrek aan geld. In sommige gevalle is die pa oorlede en moes die kind dan by die huis bly as gevolg van te min geld. Ook moes die pa's se plek volgestaan word. In een geval moes die dogter die skool verlaat omdat sy moes help ploeg; daar was nie seuns om dit te doen nie. In die ander se omgewings was daar nie skole beskikbaar nie en dus het hulle geen opleiding gehad nie.

Min van hulle kan onthou watter vakke hulle op skool geneem het. Een kan wiskunde onthou omdat sy daarmee gesukkel het. Twee kan sommige van die vakke onthou.

Wat vakke betref wat dinkwerk vereis het, was dit vir sommige van hulle lekker. Twee sê dat somme vir hulle moeilik was en ook nie lekker nie. Een voel dat sy nie graag met haar kop wil werk as sy leer nie.

Twee van die respondente het gevoel hulle is slim, een voel sy is slim want sy het skool toe gegaan. 'n Ander voel dat sy dom is want haar gedagte was nie so dat sy goed kon leer nie. 'n Ander voel dat hy dom was want hy het met Afrikaans gesukkel. Een sê sy is slim want die onderwyseres het so gesê. Die ander respondente weet nie of hulle slim of dom is nie.

Een van die respondente wou graag 'n predikant word - sy pa wou dit eintlik hê want hy het van kerk gehou. Drie respondente sou graag verder wou leer deur die aandskool in Ikageng by te woon en een woon die skool by om haarself verder te bekwaam.

2.2.5.3 <u>Samevatting</u>

As die Westerling eksperimenteer, maak hy gevolgtrekkings met sy verstand volgens sy kennisleer en ontologie, "de Swarten komen tot besluiten volgens de hunne" (Tempels, 1946:53).

Volgens Van der Walt en Postma (1987:112) sal die swartman se emosioneel-

intuïtief-sensitiewe kennis gaandeweg moet plek maak vir meer intellektueel-serebrale denke. Sy pragmatistiese lewensinstelling moet gaandeweg omgebuig word vanaf blote nuttigheidsoorwegings na 'n Westerse vorm van pragmatisme, wat gekenmerk word deur onder andere (wetenskaplike) "onbetrokkenheid", afstand, neutraliteit, objektiwiteit en die probleemoplossingsmetode.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die respondente dit eens is dat dit belangrik is om kennis te verkry in 'n Westerse tipe skool. Daarom dat van hulle selfs aandskole bywoon om hulle verder te bekwaam.

2.2.6 Doelleer

2.2.6.1 Tradisioneel

Volgens Du Preez (1928:60) is die tradisionele Basoeto wel bewus van die doel van die lewe, maar die doel sluit vir hom glad nie plig in nie. Die ideaal is vir hulle in baie opsigte te hoog, hulle kan nie daar bykom nie; dit mis die krag wat hulle tot inspannende aktiwiteite inspireer en is dus feitlik vir hulle dood en sonder belangrike invloed vir die opheffing in die lewe.

2.2.6.2 In die half-verwesterste toestand

Wat die respondente in die Potchefstroom-ondersoek betref, kon spore van die tradisionele doelbeskouing gevind word. Die onderskeie respondente is gevra wat hulle van die lewe verlang en die volgende antwoorde is verkry: Vyf van die respondente kon nie 'n antwoord op die vraag verskaf nie. Een van hulle begeer slegs 'n goeie lewe, 'n ander noem dit "goeiigheid by die lewe".

Van hulle spesifiseer wat hulle bedoel met 'n goeie lewe. Een wil graag 'n goeie lewe hê, om te kan werk en nie moeilikheid te maak nie. 'n Ander wil nie kwaad word en ander mense pla nie. 'n Ander een sê 'n goeie lewe behels 'n lewe waarin sy haar kinders kan laat grootword en waar sy hulle kan help.

Twee van die respondente sou graag in vrede wou leef met almal, en lief wees vir almal.

Daar is egter ook diegene wat graag meer geld sou wou hê. Een sou graag lekker wou bly met sy vrou en graag dinge bekom wat hulle nodig het.

Een van die respondente hoop dat haar kinders 'n beter lewe as sy sal hê. 'n Ander wil graag hê dat haar kinders tog net moet leer om 'n goeie werk te kan bekom.

#### 2.2.6.3 Samevatting

Uit die voorafgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar wel nog spore gevind kan word van die tradisionele doelleer. Vreedsame naasbestaan (Van der Walt, 1990:34) is nog steeds op die respondente se prioriteitslys. Aan die ander kant is daar egter ook diegene wat na 'n meer materialistiese ideaal strewe.

Soos die Westerling, streef hulle na besittings soos 'n huis, klere, baie geld, ensovoorts. Vir baie is dit dus belangrik om nie net in vrede met sy naaste te lewe nie, maar ook om finansieel beter daaraan toe te wees as wat hy tans is.

### 2.2.7 Samevattende oorsig

In hierdie hoofstuk is 'n belangrike taak uitgevoer vir die verstaan en eventuele formalisering van die opvoedingsfilosofie van die Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing wat hom/haar in 'n toestand van semi-verwestering bevind. Dit is naamlik noodsaaklik om die voor-teoretiese en teoretiese grondslae waarop 'n betrokke opvoedingsfilosofie berus onder oë te sien en te beskryf voordat oorgegaan word tot die beskrywing van die daarmee gepaardgaande opvoedingsfilosofie. Die filosofiese grondslae verklaar die aard en samestelling van die opvoedingsfilosofie wat daarop berus. Op die basis van die voor-teoretiese en teoretiese grondslae wat in hierdie hoofstuk beskryf is, word nou in die volgende hoofstuk oorgegaan tot die taak om die opvoedingsfilosofie van die Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing nader te definieer.

# 3. DIE OPVOEDINGSFILOSOFIESE BESKOUINGE VAN DIE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING, TRADISIONEEL EN IN DIE OORGANG NA VERWESTERING

## 3.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om aan te dui hoe die verskillende fasette van die opvoeding wat vir nadere ondersoek uitgesonder is, deur die Tswana-ouers gesien is/word. Soos in die vorige hoofstuk word die gegewens uit die onderhoude verkry gesintetiseer met gesigspunte wat in die literatuur na vore kom.

## 3.2 DIE WESE VAN OPVOEDING

### 3.2.1 Tradisioneel

Die wese van die tradisionele swart opvoeding kan opgesom word as vroeë enkulturasie, 'n feitlik onbewuste proses van kondisionering in die vorm van stereotipe grootmaakprosesse. Daarom is metodes en doelstellings oor die algemeen nie eksplisiet geformuleer nie, en is daar min bewyse van situasies wat spesifiek beplan word om opvoedend van aard te wees (Van der Walt & Postma, 1987:100).

Sosialisering is 'n belangrike element in opvoeding by alle mense. 'n Spesiale woord van die Zoeloe (imfundiso of inkuliso) bestaan naas die Westerse woord imfundo, vir die Westerse tipe onderwys. Die eerste woord dui op die stadium waar die kind ten volle gesosialiseer is; dit is dus 'n enkulturasieproses. Imfundo daarenteen is onderwys en dui op kennisoordrag (Van der Walt & Postma, 1987:101).

Luthuli (1981:22) meen dat ten opsigte van swartmense in die algemeen, 'n mens vind dat met verwysing na informele opvoeding deur die volwasse lede van 'n gemeenskap, dit nie altyd plaasvind nie, hoewel die kind altyd deur situasies waarin hy hom bevind, beïnvloed word.

Swart opvoeding, die voorbereiding van die kind vir sy werk en lewe, het tradisioneel van die Westerling s'n verskil, nie alleen omdat die tipe lewe wat die twee groepe mense lei, verskillend is nie, maar omdat "their theory of the sort of preparation that is necessary is not the same" (Krige, 1956:98).

Westerse opvoeding is "conceived largely as the handing down to the next

generation of a system of knowledge, essential for overcoming the difficulties and solving problems of adult life" (Krige, 1956:98). In die swart samelewing word sukses en welvaart nie geassosieer met kennis alleen nie, en probleme word nie soseer deur die aanwending van die wetenskap oorkom as deur die aanwending van magie en die beroep op die voorouers nie. Wat 'n man weet, is dus minder belangrik as wat hy doen; sukses is nou verwant aan moraliteit en enige verandering in die tradisionele word met wantroue bejeën (Krige, 1956:98).

Die tradisioneel-georiënteerde swartmense se omstandighede waaronder hulle verkies (het) om te lewe, het dit vir hulle nodig gemaak om slegs 'n beperkte mate van beheer oor die werklikheid te verkry. Die wêreld waarin die kinders grootgeword het, was eenvoudig, maar juis daarom was dit 'n wêreld waarin die kind hom veilig gevoel het. 'n Kind moes die werklikheid wat hom omring het, leer ken, dog net in soverre dit nodig was om 'n eenvoudige leefwyse te kon handhaaf (Nel, 1978:62).

### 3.2.2 <u>In die half-verwesterste toestand</u>

Die pas gesketste situasie het as gevolg van die Westerse invloede verander. Waar die Tswana voorheen verantwoordelik was vir die produsering van sy eie voedsel, bou van eie huise, ensovoorts, het die kontak met die Westerling onder andere nuwe standaarde van rykdom en sosiale status meegebring. Geld word nou die belangrike medium in ruiltransaksies, en word benodig vir die betaal van belasting en ander verpligtinge (Schapera, 1971b:20).

Die gevolg hiervan is dat die Tswana homself moes begewe in nuwe beroepe om in sy nuwe behoeftes te kon voorsien (Schapera, 1971b:20). Luthuli (1981:37) verwys na die swartman in die algemeen wanneer hy sê dat diere wat voorheen gebruik was "to be reared for status and religious purposes only, are now sold at public auctions to the highest bidder".

In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat die swartmense bewus raak van nuwe moontlikhede "through contact with knowledge, resources, and opportunities of the Western world" (vgl. Hutt, 1967:201). Die ondersoek in die Potchefstroom-omgewing bevestig die bevinding: die respondente wil oor die algemeen hê dat hulle kinders moet skoolgaan, leer en hulleself bekwaam en dat hulle beter daaraan toe moet wees as hulle ouers.

Jones (1967:169) stel hierdie sienswyse so: "Realization that education means

power has led to a phenomenal demand on the part of the 'raw' native for the education of his children. Ambition for the advancement of his children is awakened by the sight of school children..."

Ouers in die Potchefstroom-ondersoek is bewus van omstandighede wat dit nodig maak om hul kinders te bekwaam vir 'n latere beroep, waardeur so 'n kind 'n goeie werk kan verkry en sodoende ook genoeg geld. Een van die respondente stel dit so: Deur middel van geleerdheid kan sy kind vir hom 'n goeie staanplek in die samelewing verkry. Wat betref die vrou, voel een respondent dat sy haar ook moet bekwaam want die mans gaan leer deesdae.

### 3.2.3 Samevatting

Volgens Van der Walt en Postma (1987:90) het verwestering vir die meeste swartmense 'n totale verandering meegebring waardeur so goed as al die fasette van hulle lewe, ook die siening van die wese van opvoeding, beïnvloed word.

## 3.3 DOEL VAN OPVOEDING

### 3.3.1 Tradisioneel

Die doel van swart opvoeding stem in 'n groot mate ooreen met die universele doel van opvoeding, naamlik die verwerwing van die kultuur van die groep of gemeenskap. Al die seremonies wat as opvoedingshandelinge beskou kan word, het ten doel om aan die kind duidelik te maak dat hy nie meer 'n kind is nie, (vergelyk die inisiasieskole en ander rituele seremonies.) Om gehoorsaamheid, dissipline en goeie gedrag by kinders tuis te bring, word gebruik gemaak van tradisionele opvoedingshandelings (Van der Walt & Postma, 1987:102).

Vir Wilds en Lottich (1970:6) is die basiese doel van opvoeding sekuriteit, aangesien die fundamentele probleem van die primitiewe mens een van oorlewing was "to protect himself and his family from the destructive forces of nature and from both animal and human enemies". Sy opvoedingsdoel was dus volgens Wilds en Lottich (1970:7), indien die swartman bewus was van so-iets - "to prepare his offspring to obtain the necessities of life for self and family, and to propitiate the invisible powers presumed to exist in his natural surroundings".

Nel (1978:64) formuleer die volgende as 'n opvoedingsdoel binne

tradisionele verband: Die opvoeding van die swartkind binne tradisionele samelewingsverband het ten doel die inskerping van houdinge, veral met die oog op die reëling van verhoudinge. In die netwerk van verhoudinge beklee die verhoudinge tussen mense onderling 'n sentrale plek. Die tussenmenslike verhoudinge gaan egter nie soseer om mense as unieke persone nie, maar eerder om verhoudinge tussen die bekleërs van sosiale posisies binne 'n vaste sosiale struktuur. Tussenpersoonlike verhoudinge is wel gestig, dog in die opvoeding is die mens as individu, as persoon, op die agtergrond geskuif ten gunste van die sosiale posisie wat hy beklee.

Die tradisionele opvoedingsdoel was dus om die kind voor te berei vir inskakeling by die groep. Die gevolg van so 'n siening was dat die individuele moontlikhede van die kind nie optimaal ontwikkel is nie. Ontwikkeling van individualiteit is doelbewus ontmoedig, maar konformiteit of meer aktiewe een-wees met 'n groep is beskou as 'n belangrike norm vir die bevestiging van menswaardigheid. Harmonieuse inskakeling met die groep of groepe is 'n noodsaaklike lewensvereiste (Nel, 1978:13-19).

Nxumalo (1984:41-42) beskryf die tradisionele opvoedingsdoel soos volg: "She (die kind) must be able to make the best out of a culture whose foundations she did not contribute to and does not know. In carving her life-world she must include all necessary ingredients that sustained her parents, the leaders in her culture and the custodians of the treasures of the nations whose values are in the hearts of man in their quantifiable characteristics."

Vir hom (Nxumalo, 1984:46) is die doel van alle opvoeding om mense in staat te stel om die onmiddellike vereistes van hulle families en gemeenskappe die hoof te bied. Die doel en funksie van informele opvoeding is om die kind te help "integrate to the network of cultural threads that have sustained the culture of his forebears." Die "teorie" van die tradisionele opvoeding word aangewend in konkrete situasies.

### 3.3.2 In die half-verwesterste toestand

Ook hier speel die Westerse invloed 'n rol. Van der Vliet (1974:211) beskryf die verskille tussen die tradisionele en die Westerse opvoedingsdoel soos volg: "The traditional system was an education in conservatism and conformity in acceptance of loyalty to a traditional way of life" teenoor die doel van die Westerse opvoeding: die "uncovering and development of the potential aptitudes

and qualities of each individual".

Luthuli (1981:11) beskryf die opvoedingsdoel van die huidige generasie swartmense so: "While the traditional tribal education aimed at initiating the rising generation into the age-old unchanged ceremonial ways, the task of education, with respect to the new image of adulthood in an open and Westernised society, is to bring the person to an awareness of his individual obligations, to make him conscious of the new demands of propriety, and finally to guide him towards the recognition of his responsibilities as a free person."

In 'n neutedop is die opvoedingsdoel van die huidige volwasse generasie wat as opvoeders die kind skaaf, lei, aanwys en ondersteun, om hom te lei in die rigting van hulle opvatting van volwassenheid (Luthuli, 1981:11). Die swartman heg egter 'n ander opvatting aan die begrip volwassenheid as die blanke (Nel, 1978:7). In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat die respondente uiteenlopende opvattinge het oor wanneer 'n kind volwasse is. Party beskou dit as wanneer hy getroud is, ander weer wanneer hy werk en sy eie geld verdien. Daar is egter ook diegene wat sê dat sy solank sy kind in sy ouerhuis is, hy onder sy ouer se dak is en hy aan hom gehoorsaam moet wees.

Waar die tradisionele opvoeding die klem lê op sosialisering is dié van die Westerling gerig op die versigtige ontwikkeling van die kind se individualiteit en uniekheid (Van der Vliet, 1974:211). In hierdie verband kan genoem word dat, soos Jones (1967:186-187) dit stel, seuns en dogters in die skool gehou word tot op 'n baie hoër ouderdom as die blanke, omdat hulle later met die skool begin en baie onderbrekings het, maar meestal omdat die ouers gedetermineerd is dat hulle kinders die nodige opvoedkundige kwalifikasies sal hê "for skilled trades or professional or semi-professional work".

In die Potchefstroom-ondersoek is ook gevind dat ouers sterk voel oor die feit dat hulle kinders skoolopleiding moet geniet en dat hulle die hoop uitspreek dat hulle sal matrikuleer. Dis dan seker die rede daarvoor dat sommige van die kinders reeds in die twintigs is, en nog nie in standerd 10 is nie. Een respondent het ook haar dogter van een-en-twintig teruggestuur skool toe nadat sy 'n baba gehad het. Die ma versorg nou die kind.

Volgens Jones (1967:186) is daar 'n sterk geloof in opvoeding (w.o.onderwys) as 'n weg tot "power", veral as 'n instrument "to obtain a higher grade of employment". Respondente het soos volg gereageer op 'n vraag of hulle graag

sou wou hê dat hulle kinders verder moet leer. Sommige kon redes verskaf vir hul siening, ander het net geweet dat hulle dit wil hê.

Een respondent wil graag hê dat haar kinders so moet leer dat hulle universiteit toe kan gaan, en 'n ander weer wil hê dat hulle moet leer, anders sal hulle nie 'n goeie werk kan bekom nie. 'n Ander respondent voel dat 'n kind geleerdheid moet hê sodat hy sy plek in die samelewing kan volstaan en as voorbeeld kan dien vir ander. Een wil hê dat sy kinders moet leer: "hulle moet nie na hom aard nie, en daarom niks weet nie". Twee respondente voel dat hulle kinders tog net mooi moet leer. Die indruk is gekry dat die twee nie baie kennis dra van skoolgaan en van verdere opleiding nie.

Een respondent sê dat sy vir die Here bid, dat Hy haar moet krag gee sodat sy haar kinders kan laat leer. Een respondent sê dat sy graag sou wou hê dat haar kinders matriek moet maak, maar as hulle nie wil nie, weet sy nie wat sy daaraan kan doen nie.

Nog ander opvoedingsdoelstellinge is onder andere dat die kinders mooi maniere moet hê, oulike kinders moet wees, mooi moet praat met ander mense, mooi moet groot word, ander moet respekteer en mooi kinders moet wees.

Ook het die meeste ouers alreeds seker beroepe vir hul kinders in gedagte. In sommige gevalle gee die respondent sy eie keuse en in ander gevalle noem hy wat sy kind blykbaar in die vooruitsig gestel het. Een respondent se seun wil graag in 'n kantoor werk en ander s'n wil onderskeidelik onderwyser, predikant en verpleegster word. In een geval sou die moeder graag wou hê dat haar kind 'n predikant moet word sodat hy nie dalk vir lelike dinge in die tronk opgesluit sal word nie, en 'n ander wil hê dat haar seun 'n polisieman moet word; so help hy dan ander mense.

Een respondent was egter weer ontsteld oor die feit dat sy seun beoog om by die polisie aan te sluit, aangesien dit 'n beroep is vir die "dom mense". Nog 'n respondent wil graag hê dat sy seun 'n beroep moet volg waarvoor hy universiteitsopleiding nodig het "sodat hy nie moet sukkel soos sy pa nie". 'n Ander respondent verwag van sy kinders om geleerheid te verwerf aangesien hy en sy vrou albei opgeleide onderwysers is. Een respondent sê dat haar dogter 'n onderwyseres wil word, en die rede: sy kry baie slae in die skool. Op dié manier sal sy die onderwysers kan terugkry. 'n Ander respondent voel dat die keuse by sy kinders self lê. Volgens Vilakazi (1965:140) "Teaching and nursing

as professions are very popular..." Die Potchefstroom-ondersoek het dit gestaaf. Die meeste van die dogters stel een van die twee beroepe in die vooruitsig. By nadere ondersoek is gevind dat veral verpleging gewild is want hierdeur kan ander mense gehelp word.

In die algemeen gaan die doelstelling van geleerdheid hand aan hand met die verdien van genoeg geld. Die meeste spreek dan ook die versugting uit dat hulle kinders genoeg geld sal verdien. Een respondent sê dat sy hoop haar kind kry 'n goeie werk want dan sal hy genoeg geld verdien. Wat werk betref, het een die wens uitgespreek dat haar kind moet leer sodat hy lank by een plek kan werk. 'n Ander weer sê dat geleerdheid vir haar belangrik is "want dit sal help met die geld". 'n Ander respondent sou wou hê dat sy kinders definitief meer geld as hy verdien want hy sukkel te veel. Nog 'n respondent wil graag hê dat haar kinders genoeg moet verdien sodat hulle haar ook kan "support". Nog een het die wens uitgespreek dat baie geld haar kinders in staat sal stel om haar finansieel te help, maar terselfdertyd gesê dat "vandag se kinders nie meer so maak nie". Een respondent het die behoefte dat sy kinders slegs genoeg moet verdien om goed te lewe, want geld is nie alles nie.

Sommige van die ouers wil ook graag hê dat hul kinders so moet lewe dat hulle kinders van die Here is. Vae antwoorde soos "sy kind moet by die kerk loop", is hier gekry. Tog is daar 'n paar wat die wens uitspreek dat hul kinders gereelde kerkgangers moet wees en een het gesê dat hy wil hê sy kind moet 'n lidmaat van die kerk wees.

Respondente in die ondersoek antwoord dat hulle graag wil hê dat hulle kinders nie die volgende moet doen nie: hulle wil nie hê hulle moet loop en steel en ander mense pla nie; rondloop in die straat en nie luister nie; hulle moet ook nie drink nie, in strate speel en stout wees nie; vloek en baklei nie; kwaad doen en ander mense met 'n mes steek nie; nie maats wees met kinders wat lelik is nie; vloek, baklei, klippe gooi, ensovoorts nie.

Hulle voel trots as ander mense ook van hul kinders hou, as hulle mooi leer en alles doen wat hulle moet doen; as hulle gehoorsaam is; as die kind by die huis help met iets; een sê sy is baie ongelukkig oor die feit dat haar dogter 'n baba het by 'n "boyfriend" en dié het haar nou weggegooi.

Waar daar voorheen geen aanmoediging vir individuele ontwikkeling was nie,

omdat dit geen verbetering in die kind se sosiale posisie sou meebring nie (Badenhorst, 1978:43), voel een respondent in die Potchefstroom-omgewing dat dit belangrik is om 'n plek in die gemeenskap te hê waardeur ander mense ook gemotiveer kan word om te studeer.

Die afleiding kan dus gemaak word dat hoe meer verwesters die ouer is, hoe belangriker dit vir hom is dat sy kind moet studeer. By die vermoedelik mees-verwesterste respondent is gevind dat drie van sy kinders gegradueerd is en een met nagraadse studie besig is. Van die respondente wat vermoedelik die meeste na die tradisionele neig, beskou leer ook as belangrik, maar dit is vir hulle 'n onbekende wêreld en hulle verskaf net vae antwoorde daaroor soos: haar kind moet vir 'n "nurse" gaan leer want dan kan sy ander mense help.

### 3.3.3 Samevatting

Na aanleiding van die voorafgaande kan dus gesê word dat in plaas van "welfare of the tribe rather than recognition of any individual right" die huidige ondersoek aantoon dat die teendeel vir die half-verwesterste toestand geld. Hoewel ouers wil hê dat hul kinders in vrede moet lewe met ander mense, gaan dit nou meer oor die individu as oor ander mense. "Fitting the individual to the group..." is egter nog steeds vir die respondente belangrik; hulle wil nie graag in onmin met ander mense lewe nie (Wilds & Lottich, 1970:7).

Die mens bevind hom in 'n wêreld waar waardes en norme geld. Die volwassene is "gevestig" of "geslote" in sy waarde-oordeel en nie so maklik vatbaar vir beïnvloeding nie (Van Vuuren, 1976:92). In die ondersoek is een ouer gevind wat sê dat sy bly sal wees as haar kind op 'n stadium kom wat hyself kan besluit wat reg en verkeerd is.

## 3.4 INHOUD VAN OPVOEDING

### 3.4.1 Tradisioneel

Wat die tradisionele swartman betref, was daar nie skole waar gereelde en stelselmatige onderwys gegee is nie maar tog moes hulle kennis opdoen wat hulle nodig geag het vir die lewe: koskook, watter kos, wat om te doen ten tye van siekte, kinders grootmaak, optree wanneer daar oorlog is, wat hulle regte en pligte in die samelewing is. Hulle moes ook op die hoogte wees met hulle eie (heidense) godsdiens (Du Plessis, 1944:71).

Die kind word tot en met ongeveer die ouderdom van twee tot drie jaar deur die moeder, grootmoeder, tantes en susters versorg. Hierna word die kind nie op streng formele wyse by 'n opvoedkundige program betrek nie, maar word betrek by ligte takies rakende die bedryfsaktiwiteite van sy of haar geslag. Dit is opmerklik dat die bedryfslewe van die volwassenes in samehang met die groepsgebondenheid gewoonlik ook in speletjies gereflekteer word (Immelman, 1982:76).

Die seun wat as volwassene die kapitale bates van die gesin sal beheer, word reeds van vroeg af ingespan om die belangrikste van hierdie bates, naamlik die beeste, pligsgetrou te versorg. By bereiking van puberteit word die seun verder voorsien van die kennis en gehardheid wat nodig is vir sy rol as beskermer, deur bywoning van die inisiasieplegtigheid. Gedurende die inisiasieperiode kan aan die jong seuns wat nog steeds baie tyd by die beeste deurbring, opdrag gegee word om vuurmaakhout vir feesgeleenthede bymekaar te maak, of te sorg dat die opperhoof se landerye nat gehou word, of soos in 1944 te Saulspoort, 'n ekstra "klaskamer" te bou vir die plaaslike stamskool (Setiloane, 1976:36).

Die dogter word van kleins af geleer om huishoudelike take te verrig en vergesél ook die moeder na werk op die landerye, "... girls fetch water and take charge of their younger siblings" (Setiloane, 1976:35).

Die dogter begin vanaf die ouderdom vyf tot ses jaar haar moeder te help met die aandra van water en hout. Later begin sy kook en teen die tyd dat sy twaalf jaar oud is, is sy in staat om al die huiswerk van 'n vrou te kan doen (Krige, 1956:96).

Vir die dogter is die inisiasieplegtigheid 'n afsonderlike geleentheid, waar uitsluitlik gekonsentreer word op die oordrag van 'n rolopvatting van die vrou (Immelman, 1982:70). "As they grow into puberty the girls begin to receive guidance in home economics, feminine hygiene and the graces of womanhood. Responsibility for this devolves upon all the womanfolk of the community, 'motse', 'kgoro' and village." (Setiloane, 1976:36).

Gedurende die inisiasie word daar op sosiale vlak skeiding gebring tussen die lewe van die kind en die jongmens op die drumpel van volwassenheid. Biologies het die seun 'n man geword en die dogter 'n vrou (Setiloane, 1976:37-38). Volgens Mbiti (1969:122) is inisiasie van groot opvoedkundige waarde. Dit

is 'n periode van "awakening to many things, a period of dawn for the young. They learn to endure hardships, they learn to live with one another, they learn to obey, they learn the secrets and mysteries of the man/ woman relationship..."

Tradisioneel word kinders reeds van kleins af die waarde van "taaiheid" geleer. Volwassenes leer ook die kind om sy besittings met ander volwassenes en sy gelykes te deel. Die onderliggende beginsels wat by kinders tuisgebring word, is dat niemand in die gemeenskap "does and achieves something for his individual self. The more a person shares and is mindful of the presence and needs of others whenever he gets something the higher is his unquantifiable value to the fabric of the community." (Nxumalo, 1984:44).

Kinders is ook geleer om gasvry en mededeelsaam te wees. Hulle moet kos deel met ander kinders in hul teenwoordigheid sonder dat iemand dit aan hulle moet voorsê (Du Plessis, 1944:76).

Tradisioneel is kinders nie gestimuleer om eie kennis op te doen nie maar eerder om tradisionele antwoorde op vrae te ken (vergelyk Hoofstuk 2.2.5).

### 3.4.2 In die half-verwesterste toestand

Tradisioneel is aangedring op verantwoordelikheidsbesef. Die ouer kinders is verantwoordelik vir hulle jonger boeties en sussies (Du Plessis, 1944:76). Dit is in die huidige Potchefstroom-ondersoek bevestig. Waar daar jonger kinders in die huis is, moet die oueres omsien na hul klere, kos en ook help met huiswerk. In sommige gevalle word dit gedoen omdat die ma nie by die huis is nie.

Die aspekte van die stamlewe wat onmiddellik geraak is deur die Westerse invloed, is die ekonomie, die religie en die politiek. Na 'n tyd van Westerse invloed is die sosiale organisasie en huislike lewe van die swartman beïnvloed. Gevolglik is ook die opvoeding, migrasie (trekarbeid), en skemas vir ekonomiese ontwikkeling geraak. Mans gaan nie meer oorlog toe nie, en jag het minder belangrik geword noudat die wild meestal uitgedun begin raak het (Schapera, 1956:365).

Waar die jong seun tradisioneel geleer het om met diere te werk, gewoontes van die veld leer ken het, hoe om te melk, die gewoontes van voëls en ander kleinwild leer ken het (Du Plessis, 1944:72), kon in die ondersoek in die

Potchefstroom-omgewing slegs een respondent gevind word wat verwys na haar seun wat in die aand die beeste gaan haal. Die ander kinders word in die dorpgebiede groot en in een geval waar die seun wel op 'n plaas grootword, is hy in die koshuis. Kennis van die veld, diere, ensovoorts is in die Potchefstroom-ondersoek dus nie meer van toepassing nie.

Nuwe ambagte en beroepe word as gevolg van die Westerse invloed bekend gestel. Die regering soek onder meer na polisiemanne, klerke en die kerk het die pos van evangelis geskep. In aansluiting by Schapera (1956:365) word die mees algemene alternatiewe bron van inkomste vir die Potchefstroom-ouer die een of ander beroep en gevolglik word kennis wat hul kinders in die Westerse tipe skool opdoen, nou essensieel.

### 3.4.3 Samevatting

Omstandighede in die opgroeiende kind se lewe het sodanig verander dat die inhoude wat tradisioneel van belang was, nie noodwendig op sy huidige situasie van toepassing is nie. "Nuwe lewensbehoeftes het saam met 'n nuwe lewensuitkyk gegroei." (Bruwer, 1963:185). Dit wat moet geleer word, sal dus ook noodwendig gewysig moet word om by die nuwe lewensbehoeftes en omstandighede aan te pas. Wat opvoedingsinhoude in die Potchefstroom-ondersoek betref, kan gesê word dat daar nou groter klem gelê word op die formele opvoeding, dus op leerinhoude wat die Westerse tipe skool kan bied.

## 3.5 METODE VAN OPVOEDING

### 3.5.1 Tradisioneel

Tradisionele opvoeding is in die algemeen informele opvoeding. Dit kan gedefinieer word as "algemene en spesifieke" opvoeding wat konkreet gedemonstreer word deur die opvoeder wat toevertrou is daarmee. Hy is iemand wat daarin glo en dit op dieselfde manier ervaar het. Informele opvoeding beteken die sosialisering van lede van 'n gemeenskap vanaf 'n vroeë ouderdom tot hul dood (Nxumalo, 1984:45). Nie-formele opvoeding verwys grootliks na die verkryging van werkvaardighede.

Informele opvoeding vind tradisioneel op die volgende plekke plaas: by die huis, in die verskillende afdelings van die uitgebreide familie, in die portuurgroepe, in die veegroepe, in die water- en houtbymekaarmaakgroepe, in

die jaggroepe, in die speelgroepe, in die handwerkgroepe en in die inisiasieskole. Die lede van sy gesin en van sy huis vorm die agtergrond vir 'n kind se informele opvoeding. Die oudste (eerste) kinders word hoofsaaklik informeel onderrig deur hul ouers en grootouers. Die jonger kinders word hoofsaaklik opgevoed deur die ouer kinders wat soms nog strenger optree as die ouers. Die opvoeding wat tuis plaasvind, is beide kognitief en affektief van aard. Die kwaliteit lê eerder in die een wat onderrig as dit wat onderrig word. Verskillende lede van die familie hanteer verskillende dinge. Mans sal byvoorbeeld slegs die manlike kinders onderrig. Broers hou hulleself verantwoordelik vir jonger broers, en susters vir die opvoeding van die jonger susters (Nxumalo, 1984:46-47).

Die informasie aan dié wat onderrig ontvang, word mondelings oorgedra, maar gedemonstreer deur die "onderwysers" in die alledaagse lewe. Die kwaliteit van die informele opvoeding wat tuis verkry word, hang af van die krag van die volwassenes om te artikuleer, waar te neem, te kommunikeer, en dit kunstig te verweef met dit wat hulle doen (Nxumalo, 1984:47).

Die kind leer deur waarneming van die dinge wat rondom hom gebeur. Hy leer dus sonder dat hy doelbewus onderrig word. Klein seuntjies leer die verskillende voëls, wilde vrugte, kleure, deur net saam met hulle ouer broers te wees (Vilakazi, 1965:24). Hulle leer ook om te jag, strikke te stel en om spoor te sny (Du Plessis, 1944:72).

Die kind leer ook deur nabootsing; dit is dus moeilik om te onderskei tussen spel en leer. 'n Seun leer byvoorbeeld hoe om osse in te span, koeie te melk, te jag en so meer deur sy vader dop te hou en dit dan self te doen (Vilakazi, 1965:145). Hulle leer dus deur 'n ander se voorbeeld te volg (Du Plessis, 1944:72). Die tradisionele opvoeding van die swartman sou mens dus as die direkte metode van ervaring en deelname kan opsom (Van der Walt & Postma, 1987:103).

'n Kind neem reeds van kleins af aan die ekonomiese bedrywighede van die gemeenskap deel, afhangende van sy krag en vaardighede (Van der Walt & Postma, 1987:103).

Geslagsnabootsing vorm 'n belangrike deel van die opvoeding. Enigeen kan byvoorbeeld nie sommer vir enige ambag gaan leer nie, omdat die kuns van vader aan seun, en van moeder aan dogter oorgedra word (Du Plessis, 1944:73).

Speletjies en ontspanning is ook belangrik. Baie aandag word geskenk aan raaisels en volksverhale gedurende donker nagte om die verbeelding ten volle te ontwikkel terwyl sedes en waardes ook in die proses oorgedra word (Van der Walt & Postma, 1987:103).

Die tradisionele swartkind het nie gereelde godsdienstig-sedelik onderrig ontvang nie, maar deur godsdienstige offerandes van kleins af saam met die volwassenes by te woon, kom die kind op die hoogte van die godsdienstige opvattinge van die stam (Du Plessis, 1944:73).

Ook op politieke gebied is die kind tradisioneel van sy familie afhanklik, want die vader is nie alleen vir sy kind se dade verantwoordelik nie, maar moet ook sorg dat die kind sy pligte teenoor die stamowerhede en die gemeenskap nakom (Du Plessis, 1944:74).

Wat spesifiek die Tswana betref, is daar ook weinig sistematiese onderrig. Onder ouerlike toesig vind onderrig plaas deur middel van assosiasie met ander kinders. Aktiewe deelname in die rituele stel die kinders bekend met die basiese waardes van die gemeenskap en die korrekte emosionele houding teenoor diere en die oeste. Terwyl hy nog weerloos is, word 'n kind in die sorg van ander gelaat. Die ouer kinders leer hierdeur verantwoordelikheid terwyl die jongeres leer "to be dependent and to show gratitude" (Setiloane, 1976:35).

Die "mophato" of inisiasie is die enigste werklike poging van die kant van die groep "to mould and dominate the incoming members of the group" (Setiloane, 1976:37). Die lewe in die "mophato" is hard. Onderrig is daar direk en nie meer deur implikasie en suggestie nie. Die metode wat aangewend word, is normaalweg negatief van aard. Klem word op die "moenies" gelê. Die inisiante moet leer om respek te toon vir dit wat verbode is en hulle word dan gewys op die gevolge vir die individu en die gemeenskap indien hulle dit sou ignoreer, eerder as om aan hulle voor te hou wat van hulle verwag word as lede van die gemeenskap. Daar word in die inisiasieskole baie van herhaling gebruik gemaak. Die lied en die dansvorm is handige instrumente vir die oordrag en die voorstelling van nuwe opvattinge en gedagtes. Satire word in die lied gebruik om die aandag op anti-sosiale neigings in gedrag te vestig.

### 3.5.2 <u>In die half-verwesterste toestand</u>

Die informele opvoeding (Hellman, 1956:416), kenmerkend van die tradisionele

lewe en die geleidelike bekendmaking van die groeiende kind met sy toekomstige take, het meestal verdwyn in stedelike omstandighede.

Waar die hoofberoep van 'n dogter tradisioneel dié van kinderopasser was en die geleidelike bekendmaking met vaardighede om self 'n huis te hanteer (Van der Vliet, 1974:222), gaan die dogters in die Potchefstroom-ondersoek almal skool toe. Hulle verrig wel huishoudelike take, veral waar die moeder meestal uithuisig is. Vir die jong dogter is daar dus nog sprake van informele opleiding. Sy leer nog steeds van kleins af deur haar moeder dop te hou en haar te help - soms in 'n spelerige vorm van nabootsing; om te was, huis skoon te maak, ensovoorts (Hellmann, 1956:416).

In die algemeen word die dogters betrek by die huishouding. Al die respondente is dit eens dat hulle moet help met huisskoonmaak, koskook, skottelgoedwas, ensovoorts. In dié verband antwoord respondente dat hulle sodanige aktiwiteite aan hul kinders demonstreer, wat dit dan waarneem en self ook verrig.

Een sê dat sy haar dogter wys hoe om haar slaapplek reg te kry en 'n ander sê weer dat as sy wil hê haar dogter moet iets leer, dan wys sy vir haar. 'n Ander sê weer dat sy vir haar kinders sê: "Kyk hoe doen ek dit" en dan moet hulle dit agterna doen. Dit is dan ook in die huidige ondersoek gevind dat die kinders leer deur ander na te volg (vgl. ook Du Plessis, 1944:72-73). Kinders volg hulle ouers en deur hand by te sit, raak hulle self bedrewe in die uitvoering van die taak.

Wat geslagsnabootsing betref, is omstandighede sodanig (so is in die ondersoek gevind) dat daar nie juis sprake van is nie. Die jong seun wie se pa meestal net saans by die huis is, soms net naweke en soms net vir een maal in twee maande, het geen kans om die kennis wat hy later mag nodig hê, te bekom nie. Sy pa wat meestal weg is, of ander afleiding gaan soek het, het min of geen aandeel in die onderrig of opvoeding van die kinders. Die moeder met haar vele huishoudelike take en ekstra verpligtinge het ook nie baie tyd om aan haar kinders af te staan nie. Familielede wat tradisioneel geïnteresseerd sou wees in die ontwikkeling van die kind is normaalweg ook nie in die stedelike gebiede aanwesig nie. Wat verder in die ondersoek gevind is, is dat as gevolg van die leefwyse van die respondente, die seuns betrek word by die huishouding. Hulle moet toesien dat hul beddens reg is, en verder ook in die huis help. Dit moet gebeur omdat die moeder nie by die huis is nie, en soos een dit stel: "As

hulle nie help nie, wie moet dit dan doen? Daar is mos nie meer beeste om op te pas nie."

Wat speletjies betref, word dit nog steeds deur kinders gespeel, oues en nuwes, maar die beskawing bied ook aan hulle skole en verskeie vorms van jeugbewegings waar hulle hul energie kan bestee. Vir die volwassene is die vermaak van die publieke seremonies egter verby. Migrasie (trekarbeid) veroorsaak dat die meeste jong mans en ook sommige van die vroue wegtrek en skep dus 'n gaping met betrekking tot die tradisionele leefwyse. Ook die radio en televisie speel tans 'n rol in die swartman se manier van tydverdryf. Al die persone wat ondervra is, het 'n radio en ongeveer twaalf het hulle eie televisiestelle. Die wat dit nie het nie, gaan kyk by ander mense. Dus, in plaas van om in die aande by die vuur bymekaar te kom waar stories vertel is (Du Plessis, 1944:70), raaisels gevra is en speletjies gespeel is, word aande nou voor die televisie of die radio deurgebring. Daar word ook nie noodwendig na uitsendings in die eie taal (Tswana) gekyk nie; programme soos Dallas en Agter elke man is/was taamlik gewild en bekend.

In die ondersoek is gevind dat weinig gesinne, in teenstelling met die tradisionele opset, 'n stabiele eenheid is. Baie van die kinders word "huis toe" gestuur na die grootouers of ander familielede om goeie opvoeding te verseker. Kinders word egter ook weer vanaf die platteland na die stedelike gebied gestuur vir 'n vakansie (Hellman, 1956:415).

Verder word die skool in die stedelike gebied die geleidelike plaasvervanger vir die tradisionele sisteem van informele opvoeding. Tradisionele instellings voorsien vir 'n beperkte tyd intensiewe opleiding in die inisiasie-rituele. In stedelike gebiede ontbreek hierdie finale intensiewe opleiding egter. Daar word geen klem gelê op die oorgang van die kind na volwassenheid nie, op sy verpligtinge en voordele "which is ritualized and dramatized in the tribal initiation ceremonies" (Hellman, 1956:417).

Waar die kind tradisioneel informele opleiding geniet het in sy alledaagse lewe word hierdie opleiding as't ware vervang deur die formele skoolopleiding.

Volgens Möller (1972b:91) is ongeletterdheid besig om te verdwyn sodat dit by die jonger geslag teen die tyd dat Möller skryf, volgens hom omtrent reeds afwesig is. Die werk van die familie en die gemeenskap word nou deur die onderwyser oorgeneem. Die taak van die ouer is dus nou behalwe sy gewone

opvoeding ook hulpverlening om skoolwerk te behartig. Aangesien die meeste van die respondente in die Potchefstroom-ondersoek omtrent geen skoolopleiding gehad het nie, is hier dus 'n gaping tussen ouer en kind aangetref. Die meeste sê ook dat hulle nie kan help nie "want hulle weet nie hoe nie". Daar is wel diegene wat gesê het dat sy haar kind help met somme met behulp van roomysstokkies of klippies. Sy skryf ook sy letters groot op 'n skryfbord.

Wat godsdiensopvoeding betref, verrig die swartman (Möller, 1972a:80) feitlik geen diens meer aan die opperwese nie. Daar is geen rituele of offers aan die opperwese nie. Hy sê verder (Möller 1972a:166) dat dit die minderheid is wat met werklike toewyding die voorouerkultus beoefen. Derhalwe kom die offerrituele slegs sporadies voor. Dis dan ook gevind in die Potchefstroom-ondersoek en reeds in die Godbeskouing bespreek (vgl. Godbeskouing, 2.2.1.2.).

Wat fisiese kontak betref tussen ouers en hul kinders, is omtrent al die respondente dit eens dat hulle graag hulle kinders druk en soen, veral as hulle klein is. Ook die pa's reageer positief op die vraag hierna.

Verder is ook gevind dat sommige van die ouers wel met hulle kinders praat en hulle uitvra na byvoorbeeld hul skoolaktiwiteite. Een het gesê dat sy saans na ete aan tafel met haar kinders praat. 'n Ander het gesê dat sy definitief met haar kinders praat oor die skool want sy wil weet wat aangaan. 'n Ander weer het gesê dat sy met hulle praat voordat hulle gaan slaap. Twee van die pa's voer ook gesprekke met hulle kinders, maar volgens die res van die respondente word dit nie in die algemeen deur die pa van die huis gedoen nie.

### 3.5.3 Samevatting

Daar word by Van der Walt en Postma (1987:106) aangesluit wanneer hulle sê dat deelname aan die bedrywighede van die stamgemeenskap tesame met die terloopse bekendwording van die alledaagse en seisoenale bedrywighede van die gesin, die familie en die stam, feitlik die hele opvoedingsprogram van die tradisionele swartman is. Kinders leer aanvanklik sonder om doelbewus onderrig te word (Van der Walt & Postma, 1987:103). Die half-verwesterste Tswana word egter gekonfronteer met die Westerse beskawing waar die waarde van 'n skool hoog geskat word. Die tradisionele metode van leer moet dus die knie buig voor metodes waardeur onder andere die geskrewe woord en elektroniese media baasgeraak kan word (Van der Walt, 1990:37).

## 3.6 DIE OPVOEDELING

### 3.6.1 Tradisioneel

Volgens Nxumalo (1984:40) "All societies have their own ways of seeing the child, of treating him and of constructing his educative milieu".

Die tradisionele swartman sien gretig uit na die geboorte van die eerste kind want daarmee is 'n belangrike deel van die huwelikskontrak nagekom. "The child is a climax of the marriage between the parents, a symbol of success in responsibly satisfying the requirements of adulthood." (Nxumalo, 1984:41). Kinders word as 'n waardevolle bate beskou omdat hulle werk in die gemeenskap waardevol is (Van der Walt & Postma, 1987:103).

Volgens Van der Vliet (1974:212) "The child is seen as a valuable acquisition, not only because it provides emotional satisfactions but also because it is an economic asset from an early age. The little girl becomes a nursemaid for younger siblings or kin and takes many minor household chores off her mother's hands, the boy will herd cattle, sheep and goats and later as a grown man, provide security for his parents in their old age. A son too, will ensure the continuity of the father's lineage and his immortality as an ancestor."

Wat die Tswana betref, vorm kinders reeds van die geboorte af 'n belangrike deel van die sosiale geborgenheid van die verwantskapsgroep want hierdeur kan die ouer geslag seker maak van 'n nuwe geslag wat hulle op hul oudag sal beskerm en versorg. Die kind is daarom 'n belangrike deel van die groep, hetsy gesin, familiegroep of stam. Voortbrenging van kinders neem dus 'n belangrike plek in die lewensiklus van die Tswana in (Immelman, 1982:78).

Volgens Setiloane (1976:34-35) is kinders 'n geskenk van die "badimo" en "failure to conceive is attributed to the disfavour of 'badimo'". 'n Kind word nie as 'n mens beskou nie: "...a child is not yet a person. Hence one who dies in infancy is not greatly mourned."

Van der Wateren (1976:45-48) beweer dat die Tswanavrou haar pasgebore baba as deel van haar liggaam beskou en dat sy willekeurig daarmee kan handel, afhangende van die gemeenskapsgevoel. Die gemeenskap se behoefte aan die kind en nie 'n uitgebreide etiek van die lewe nie, is dus die bepalende faktor vir haar optrede. Kinders word rofweg gegroepeer aan die hand van fisiese

ontwikkeling, naamlik suigeling (masea), klein kindertjies - min of meer 3 - 8 jaar (banyana), seuns (basema), en dogters (basetsana). Die wat oud genoeg is vir die inisiasieseremonie word in 'n volgende sosiale groep geplaas (Schapera, 1971b:38).

Op 'n vroeë stadium word die kind gesien as iemand wat slegs moet navolg "without asking for reasons for taking certain directions". Afrikafilosofie is dat daar 'n tyd is om te luister en 'n tyd om na geluister te word. Voordat 'n persoon egter kan luister, moet hy eers die kuns en geduld ontwikkel om self te luister (Nxumalo, 1984:42). As gevolg hiervan word van die kind verwag om die norme van die samelewing na te kom "and to subject herself to disciplinary procedures". Op dié manier sal die kind se moontlikhede op die regte wyse gelei word, die toekoms in.

Die tradisionele kind se status word in sy latere lewe bepaal "upon the accidents of his birth" - sy verwantskap met die hoofman, die posisie van sy moeder, die belangrikheid van die "clan" (Krige, 1956:97). Die kind is 'n huidige produk maar 'n toekomstige produseerder van lewe en kultuur. Die kind is 'n volwassene in wording. Die kwaliteit van sy volwasse lewe hang af van die kwaliteit van sy kind-wees. Die kind word ook beskou as 'n verlengstuk van sy ouers "without ever having absolute autonomy or infinite authority" (Nxumalo, 1984:42,45).

Tradisioneel word die kind gesien as 'n simbool van onskuld en suiwerheid. Dit is dan ook die rede waarom die kind sekere pligte gegee word wat reinheid en vrede vereis sodat die verlangde resultate van die voorouers verkry kan word (Nxumalo, 1984:43).

### 3.6.2 <u>In die half-verwesterste toestand</u>

Waar die tradisionele swartman se status grotendeels bepaal is deur die grootte van sy kraal en dié van die vrou deur die aantal kinders wat sy baar (Krige, 1956:95), is die verwesterste swartman skrikkerig vir 'n groot gesin. Al die respondente in die Potchefstroom-ondersoek, met uitsondering van twee, stel nie belang in 'n groot gesin nie; twee kinders is genoeg. Die hoë lewenskoste word as rede hiervoor gegee. Volgens een kan hy nie sy kinders laat leer as hulle te veel is nie. Antwoorde soos "die lewe is te swaar", is gekry. Een het gesê dat sy vyf kinders het, maar een daarvan was onbeplan. 'n Ander het 'n seun en 'n dogter; dis genoeg want hy het nou een van albei geslagte.

'n Ander een het een kind en wil graag nog een hê. 'n Respondent wat reeds drie het, wil graag vyf kinders hê sodat sy voorbereid kan wees vir ingeval die Here vir Hom ook een wil vat. Nog 'n respondent het ses kinders en voel dis beslis genoeg. Sy sou nie graag wou hê dat haar kinders ook 'n groot gesin moet hê nie. Nog 'n respondent voel tevrede dat hy vyf kinders het. Hy wil egter nie hê dat sy kinders ook groot gesinne moet hê nie, en sê dan dat hulle gelukkig sien hoe hulle ma en pa sukkel om hulle groot te kry.

Een respondent voel haar twee kinders is genoeg. Nog 'n respondent het net een kind, en sou graag nog een wou hê. 'n Ander het vier kinders en dis ook genoeg vir haar; in elk geval het sy nie 'n man nie. 'n Ander het vyf kinders en weet nie of sy nog sou wou hê nie. Twee van die respondente het een kind en sou miskien nog een wou hê. Vier van die respondente het twee en sou graag nog wou hê, maar die lewe is te duur. Twee respondente het sewe kinders elk, want volgens een sou jou skoonmense sleg van jou dink as jy nie baie het nie; vandag is die omstandighede egter anders. 'n Ander het net een en wil nie meer hê nie. Volgens haar wil die mans meer hê en dan los hulle jou.

Die meeste respondente in die Potchefstroom-ondersoek het geantwoord dat die Here vir jou die kinders gee; daarom sê een dat jy nie kinders kan weier wat Hy vir jou gee nie. Een het gesê haar man gee vir haar kinders. 'n Ander weet nie hoe nie, sy het hulle sommer net gekry.

Die kind word in sy verwesterste situasie al hoe meer as 'n individu, op sy eie, gesien. Die tradisionele kind was belangrik vir die aansien van die man sowel as die vrou en het 'n belangrike rol in die ekonomie van die stam gespeel (Krige, 1956:98).

Die ouer (Potchefstroom-ondersoek) wat ondervra is se hoop is dat sy kind 'n sukses van sy lewe sal maak, dat hy sy eie gesin sal hê en in staat sal wees om vir hulle te sorg. Dit word deur Kooijman (1978:232) bevestig wanneer hy sê: "The gaining of a living and the seeking of security now became individual affairs."

Migrasie vanweë trekarbeid het bygedra tot die feit dat ouer mans afhanklik van hul seuns word vir geld waarmee belasting betaal moet word en ook in ander behoeftes voorsien moet word. Die jongeres word meer onafhanklik, kies hulle eie bruide, beplan hulle eie huishoudings. Die struktuur van die gesinslewe word dus nog verder verander (Schapera, 1956:381-382).

Volgens Nxumalo (1984:42) "Although the future can never be what the shapers envisioned it to be, the child is equipped with courage and zeal to live and convert possibilities to actualities". Dit is waarom ouers tradisioneel hulle kind sien "as their future custodian and provider". Die kind is realiteit en hoop. Hy is 'n produk van die huidige maar "a future producer of life and culture". Wat die voorafgaande betref, is ook tekens daarvan in die huidige ondersoek gevind. Die rede waarom ouers hul kinders het, varieer. In die meeste gevalle is dit egter omdat hulle vir hul gesorg het toe dié van hulle afhanklik was en hulle verwag nou van hulle om na hul ouers om te sien op laasgenoemde se oudag.

Een respondent het gesê dat hulle haar moet oppas as sy oud is, want sy het swaar aan hulle grootgemaak. Sy hoop een kind bly ongetroud om na haar te kyk. 'n Ander het gesê dis hulle geloof dat die kinders na hulle ouers moet kyk. Een het gesê sy het hulle sodat hulle vir haar op haar oudag moet sorg, maar as hulle nie wil nie, dan weet sy nou nie. Een het egter gesê dat sy hulle nie daarvoor het nie, sy sal pensioen kry op haar oudag; hulle het hulle eie lewe om te lei. Een het gesê dat hy hulle net gekry het, maar nie om hom op te pas nie want die lewe is anders vandag. Hulle moet net sorg dat hul ouers kos en klere het. Nog vier het gesê dis hulle kinders se plig om na hul ouers om te sien. Nog een het hiermee saamgestem, maar sê nou net sy kind word 'n tronkvoël! 'n Ander het gesê dit help nie meer om kinders te hê vir jou oudag nie, want vandag se kinders maak nie meer so nie. Nog een bevestig dit want kinders is anders en gee nie meer so baie om nie. 'n Ander het gesê hy moet self sorg vir sy oudag, dis nie sy kinders se verantwoordelikheid nie.

In die "African society adults have a responsibility to help the child actualize herself steadily but surely until she becomes an adult" (Nxumalo, 1984:41). Besef van hierdie verantwoordelikheid is ook in die Potchefstroom-ondersoek teëgekom. Op die vraag wanneer jy klaar is met jou kind, is antwoorde soos die volgende gekry: Vyf het gesê dat hulle nooit klaar het met hulle kinders nie. Een het gesê, dat al is hy getroud, sy nog met hom sal raas. Drie kon die vraag nie beantwoord nie. Ander het gesê: as hy vir homself kan sorg; of as hy getroud is en uit haar huis uit is; as hy begin werk; as hy sy eie plek het; as hy haar nie meer pla nie. Hierdie ouerlike verantwoordelikheid kan ook gesien word in die feit dat ouers hulle kinders wegstuur na een of ander familielid om hom te vrywaar van die slegte invloede van die gebied waar hy grootword. Ook word dit gedoen sodat die kinders

verseker kan wees van 'n skoolopleiding aangesien die ouer in 'n paar gevalle ver van die skool woonagtig is. Waar die moeder (getroud of ongetroud) by 'n werkgewer se perseel inwoon in die blanke dorpsgebied is dit onmoontlik om die kinders by haar te laat woon.

Dit is egter opvallend hoe "maklik" ouers hulle kinders wegstuur hoewel hulle baie na hulle verlang. Hulle besoek sulke kinders een maal per maand of een maal in twee maande. In sulke gevalle aanvaar die ouers die verantwoordelikheid vir kos, klere en skoolgelde, maar die opvoeding word aan die betrokke familielid oorgelaat. Die ouers verlang na die kinders. Soos een dit stel: haar dogter kry die meeste liefde want die seun is te ver.

Volgens Möller (1972b:126) word tradisioneel gemeen dat kinders gebore word sonder kennis van goed en kwaad. Hulle is neutraal ten opsigte van alle verkeerde dinge op aarde. Die siening is in 'n mate in die Potchefstroom-ondersoek bevestig. Volgens een respondent is dit die ma se skuld as 'n kind stout is - die kind boots die ouers na in die dinge wat hulle doen. Een het gesê dat 'n kind van so dertien jaar in staat tot sonde is, en 'n ander sê, as 'n kind verstand het, kan hy sonde doen. Nog een voel egter weer dat 'n kind van kleins af kan sonde doen, want as hy nie luister nie, dan doen hy mos sonde.

Hierby aansluitend het die meeste respondente gesê 'n mens kry nie so iets soos 'n "lelike kind" nie; kinders wat so is, se ouers dra die skuld want hulle het nie hulle kinders reg geleer nie.

Die respondente kon nie juis redes gee oor hoekom 'n kind slim of dom is nie. Die meeste weet nie. Die een het gesê haar kind is slim want die juffrou sê so en 'n ander het gesê sy dink haar kinders is slim want hulle hou van "Maths". Een dink haar kind is slim want sy skryf mooier as haar ma.

### 3.6.3 Samevatting

Hier kan die volgende afgelei word. By die ouer persone wat in 'n stadium van verwestering verkeer, is gevind dat hulle almal 'n relatief groot aantal kinders het, maar hulle sou nie groter gesinne vir hulle kinders aanbeveel nie. Van die jongeres, waarvan die meeste nog nie getroud is nie, stel nie belang in groot gesinne nie, nie meer as twee, drie kinders nie. Die wat op

die oog af egter nog nie baie ver verwesters het nie, is nie seker of hulle meer as drie wil hê nie.

Daar kan by Van der Walt (1990:33) aangesluit word wanneer hy sê dat die individu in die half-verwesterste situasie belangriker word as die gemeenskap. Dit word dus vir 'n ouer belangriker dat sy kind sukses sal behaal as dat hy uiteindelik 'n bydrae tot die gemeenskap sal kan lewer. 'n Meer individualistiese begrip van geluk raak in die verwesterste situasie van belang (Van der Walt, 1990:37).

## 3.7 DIE OPVOEDERS

### 3.7.1 Inleiding

"Die tradisionele Bantoe beskou die opvoeding van die kinders van die gemeenskap as die taak van die betrokke ouers in die eerste instansie maar ook as die van die hele gemeenskap in die algemeen." (Van der Walt & Postma, 1987:104).

Die moeder is beskou as die belangrikste opvoeder, daarna die gesin, daarna die wyer familiegroep, onder andere die grootouers. Soos die kind ouer word en kan rondbeweeg, begin die speelgroep ook sy bedrywighede beheer. Die ouer lede daarvan lei byvoorbeeld die jongeres in die ontdekking van die omgewing en in die uitvoering van take. Tydens adolessensie oefen die portuurgroep (of in die geval van die Nguni, die regiment) waarvan die kind lid is, beheer oor sy gedrag uit (Van der Walt & Postma, 1987:104).

'n Groot deel van die swartkind se "opvoeding" is behartig deur kinders wat net ouer is as hy. Die tradisioneel-georiënteerde swartmense het geglo dat ouderdom wysheid en vaardighede meebring. Binne die tradisionele familieverband het elke volwassene toesig gehou oor die opvoeding van alle kinders (Nel, 1978:59-60).

Vervolgens word daar eers gelet op die rol van die moeder as opvoeder, daarna die vader en dan ook na die ouer-kinderverhouding in die tradisionele opset.

### 3.7.2 Tradisionele opvoeders

#### 3.7.2.1 Die moeder as opvoeder

Volgens Nel (1978:77) is die moeder-kindverhouding binne die tradisionele swart samelewing nie gekenmerk deur 'n gesamentlike gerigtheid van moeder en kind op die werklikheid met die doel om die kind se intensionaliteit te aktualiseer nie. Dwarsdeur hul lewens is swartvroue onderdanig aan hul mans. Voor hul troue is hulle onder die voogdyskap van hul vader en na hul troue onder dié van hul mans. Hulle vernaamste verantwoordelikheid was om kinders in die wêreld te bring. 'n Vrou het normaalweg nooit lid van haar man se verwantskapsgroep geword nie maar het deel van haar vader s'n gebly - deur middel van kinders help sy nou om haar man se verwantskapsgroep uit te brei. Hierdie onsekere verhouding, in wese 'n ambivalente verhouding, het dus noodwendig 'n invloed uitgeoefen op die vrou se verhouding met haar kinders (Nel, 1978:58).

Totdat 'n baba gespeen is, is hy goed versorg in sy fisies-biologiese behoeftes. Die ietwat ouer baba (ongeveer ses maande) is in 'n groot mate in die sorg van dogters gelaat wat nog nie oud genoeg is om te help met die huishouding of bewerking van die landerye nie. Die moeder het ook dikwels die baba op haar rug gedra terwyl sy byvoorbeeld gewerk, gedrink of gedans het (Nel, 1978:77).

Die moeder tree as die bewerkster van lewensmiddele op en op haar beurt dra sy die lewensnoodsaaklike kultuur vir voortbestaan aan al die kinders, maar veral aan die dogters oor (Immelman, 1982:49).

Gehoorsaamheid en respek vir die moeder word verwag, maar "pure, unselfish love dominates her attitude to her children. She is devoted to their welfare, watching over them and protecting them in all aspects of their lives. Not so much obedience, therefore, but an ever - present expectancy of consideration dominates the relationship of the children to their mother." (Setiloane, 1976:29). Hy sê ook 'n ware moeder is een "who gathers all its members, not only those of her own 'lapa' into her love and care. Over the years she has increased in dignity, poise, diligence and resourcefulness; and now in her maturity of age she has become the stabilizing factor, the backbone of the family, the ward of the village, loyal to her husband and reliable in all her actions and advice." (Setiloane, 1976:40).

3.7.2.2 Die vader as opvoeder

Luthuli (1981:45) beskryf die tradisionele vader as 'n "remote figure and (he) had very little to do directly with the actual upbringing of the child". Volgens Setiloane (1976:40) is 'n ware Sotho-Tswana-man "one who follows the accepted pattern of social living, who shows equanimity and maturity". Hy is nie alleen vrygewig en goedhartig nie, maar ook sterk; fisies, moreel en geestelik. "He has established his household, but sees it as a 'household of my fathers' whose foundation is mutual respect and regard for order. He supports his household, while in return they support him with honour and service. Manhood is a matter not of birth, of material prosperity, but of human relationship."

Uit die aard van die patriargale stelsel van die Tswanas is die man die hoof van die gesin. Dit is dus bykans onmoontlik vir 'n vrou om die posisie te beklee, al sou sy 'n weduwee wees van die gestorwe hoof en verantwoordelik vir die dissipline van sy lede.

Sy gedrag word egter weer gereguleer deur sy familiegroep. Die man tree op as voorsiener van lewensmiddele en dra die kultuur (wat hy as van lewensbelang beskou) aan die kinders in die algemeen oor, en aan die seuns in die besonder (Immelman, 1982:48).

3.7.2.3 Ouer-kindverhouding

Wat die ouer-kindverhouding betref, val die klem in die tradisionele opset op groepsaktiwiteite en groepsbelewing, en die persoonlike intimiteitsverhouding soos tussen ouer en kind word afgeskeep (Möller, 1974:77).

3.7.3 In die half-verwesterste toestand

3.7.3.1 Algemeen

Die Westerse invloed het sy merk op die familie gelaat ten opsigte van die funksies van die lede daarvan. "It can, therefore, be concluded that apparently in every society and culture where industrialization and concomitant urbanization have taken root, there has always been a great modification in the traditional structure and institutional functions of the family." (Motshologane, 1974:26). Waar die dra van hout en water tradisioneel

byvoorbeeld die werk van die vrou was, word die arbeid vandag vervang met mans wat met diere transport ry (Schapera, 1956:365). Die opvoeding van die swart kind binne Westerse kultuurverband word nou primêr die taak van die swart ouer en die swart gemeenskap (Nel, 1978:3). Luthuli (1981:63) som die situasie op wanneer hy sê: "The role of an adult has changed from that of being a faithful warrior or a good housewife to that of an active participant in politics."

In die stedelike gebied verander die tradisionele patroon van die gesin wat ekonomies selfonderhoudend optree, na lede van 'n gesin wat as gevolg van ekonomiese aktiwiteit nou elkeen op verskillende plekke werksaam is. Nuwe vaardighede en potensialiteite kom hiermee op die voorgrond, gepaardgaande met geld waarmee besonder veel vermag kan word te midde van die ontwikkelde stedelike Westerse beskawing. Werksopleiding en onderrig het nuwe betekenis gekry sodat geld en onderwyspeil of opleiding geheel nuwe betekenisse kry en statussimbole geword het van wat daarmee gepaard gaan. Wat nou gebeur, is dat die huislike lewe en die arbeidsituasie aparte entiteite word met elkeen se eie struktuur en afgesonderheid. Hierdeur ontstaan in baie gevalle, soos die huidige ondersoek in Potchefstroom getuig, huislike omstandighede wat ver verwyderd is van die tradisionele maar terselfdertyd nie gesien kan word as 'n voorbeeld van 'n Westerse gesin nie (Möller, 1974:87).

#### 3.7.3.2 Die moeder as opvoeder

In plaas van die tradisionele uitgebreide familielewe word vandag gevind dat ouers en kinders, soos ook in die Potchefstroom-ondersoek gevind is, òf onder een dak bly òf versprei is deurdat die ouers en kinders, òf die ma en pa en kinders afsonderlik woon. In baie gevalle is die kinders buite-egtelik gebore.

Waar kinders nie by die ouers grootword nie, is gevind dat hulle na die platteland gestuur is om by grootouers en ander familielede hul opvoeding te ontvang. Die rede hiervoor is in die algemeen dat, aangesien die moeder ekonomies aktief is, sy nie in staat is om na haar kinders om te sien nie. Nog 'n rede hiervoor is dat die skole makliker bereikbaar is in die omgewing waar die familie woon.

In die geval van een respondent woon die ma en pa bymekaar maar die kinders word op die platteland groot want hulle het nie fietse om by die naaste skool uit te kom nie. Al die vroulike respondente wat ondervra is, verlaat hulle huise soggens vroeg en kom in sommige gevalle eers teen donker terug. Vier van

die respondente het nie gewerk toe hul kinders klein was nie. Die ander laat òf kleiner kinders by 'n ouma (nie noodwendig familie nie) òf ouer broers en susters moet na hulle omsien. Een respondent se kind het by die ouma grootgeword en op vyfjarige ouderdom het die ma haar laat haal. In een geval is die dogter self 'n ongehude moeder en aangesien sy nie werk nie, sien sy om na die kleintjies. Daar is ook gevind dat in twee gevalle daar 'n ouma is wat by die weduwee inwoon en wat na die kinders omsien. Waar daar groter kinders is, moet hulle na hulleself omsien. In 'n ander geval het die moeder by haar eie ouers gewoon toe haar kinders klein was sodat die ouma na die kleintjies kon omsien.

Sommige van die moeders het eers gaan werk toe hulle kinders 'n bietjie groter was. Een buite-egtelike moeder het gaan werk toe haar kind amper twee jaar oud was en van toe af bly die kind by die ouma. 'n Manlike respondent se "vrou" se kind word deur 'n ouer vrou opgepas. Dit is oor die algemeen die situasie dat wanneer die moeder moet gaan werk, sy òf by haar ouers inwoon wat dan na die kind omsien òf die kind word by 'n ander ouer vrou - nie noodwendig familie nie - gelaat. In een geval het 'n respondent gesê dat sy by haar ma gebly het toe haar kinders klein was sodat sy hulle kon oppas.

Die tradisionele onderdanigheid en ondergeskiktheid van die vrou aan die man is besig om in die stad belangrike veranderinge te ondergaan (Möller, 1974:68). Die veranderde posisie wat sy inneem ten opsigte van die ekonomie het baie hiermee te doen. "Of recent years, too, women also have begun going out to work, despite the almost universal disapproval of both the Administration and the tribe as a whole." (Schapera, 1956:367). Die vrouens wat in die Potchefstroom -ondersoek ondervra is, is almal ekonomies aktief en in die geval van die mans wat ondervra is, is daar slegs een man wie se vrou nie werksaam is nie.

Volgens Möller (1974:68) kan die vrou vanuit haar ekonomiese betekenis met 'n veel sterker stem praat as haar tradisionele landgenoot. Sy staan nou gelyker met die man. Vrouens kry daardeur meer selfvertroue en is meer onafhanklik in hul verhouding met hul mans, en minder gewillig om hulle aan absolute gesag te onderwerp. Deurdat die man ook meer weg is van die huis, het die vrou se gevoel van verantwoordelikheid begin toeneem en daardeur ook haar gevoel van vryheid (Shapera, 1956:384).

In die huidige ondersoek in Potchefstroom is al die vroulike respondente dit eens dat die man wel die hoof van die huis is, maar soos 'n paar van hulle dit stel "hulle moet vir mekaar luister". Nog een voel dat die man en vrou gelyk

is, want die Here wil dit so hê. 'n Ander voel dat sy die reg het om haar man te korrigeer indien hy verkeerd optree. Nog een voel dat aangesien haar man die hoof van die huis is, hy met haar mag raas, maar sy doen nie alles wat hy sê nie; sy kyk eers of hy reg is. Een was glad nie beïndruk met hierdie gedagte nie want haar man het haar gelos toe sy hom die nodigste gehad het. Een respondent is bang vir haar man en luister wat hy sê. 'n Ander sê dat as haar man iets doen waarvan sy nie hou nie "dan kyk sy hom net so". Nog een sê sy leer haar kinders om ekskuus te sê, ook as hulle getroud is, want dan is daar meer vrede.

Nog 'n aspek wat nie geïgnoreer kan word nie, is die verskynsel van die "educated woman". In sommige families is die ouers gelykwaardig opgelei vir professionele, geskoolde of semi-geskoolde beroepe (Luthuli, 1981:62). In die huidige ondersoek in die Potchefstroom-ondersoek is daar in een geval 'n man en vrou gevind wat albei as onderwysers gekwalifiseerd is. Die vrou is ook die hoof van 'n skool. In die ondersoek is gevind dat die meeste respondente ten gunste daarvan is dat die vrou haarself bekwaam, al is hulle dit nie almal eens oor watter tipe bekwaamheid belangrik is of waarvoor nie. Een van die respondente voel dat vrouens vandag alles moet kan doen; sy het self al gehoor van vroulike trekkerdrywers. 'n Ander voel dat die meeste mans vandag geleerdheid probeer bekom, en as die vrou nie bybly nie, is die kanse goed dat haar man gaan begin rondkyk na ander wat dit wel het. Twee van die respondente voel dat 'n vrou met geleerdheid beter daaraan toe is en een woon daarom 'n aandskool in Ikageng by. 'n Ander voel dat deur geleerdheid 'n beter werk bekom kan word en dus ook meer geld. Een respondent is 'n ouderling en voel dat mans wat nie daarvan hou dat sy die posisie beklee nie, net jaloers is.

Daar was een respondent wat voel dat haar seun moet leer, maar dis vir die dogter onnodig. Al die dogters wat weggaan, kom in elk geval terug "met 'n maag". Nog 'n ander sê dat alle plekke nie vir die vrou ook bedoel is nie. Daar is ook 'n paar wat self nog sou wou studeer, maar omstandighede laat dit nie toe nie. Nog een se siening is dat 'n opgeleide persoon soos 'n onderwyseres meer in die lewe weet as 'n onopgeleide een.

Die beskouinge oor die hantering van die finansies in die huishouding is ook betekenisvol. Dit word meestal deur die vrou behartig (Möller, 1974:7). In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat die vrou wat 'n alleen-ouer is haar eie finansies hanteer. Die weduwee en die vrou wie se man haar alleen los met die kinders moet self sien en kom klaar. By sommige gee die mans vir haar geld

om klere vir die kinders te koop en help soms om skoolgeld te betaal. Een het gesê dat haar vriend haar glad nie finansieel bystaan nie, dus kom sy self klaar. Een manlike respondent wie se vrou in een van die nasionale state woon, neem vir haar geld as hy huis toe gaan. Sy gaan koop egter self die kos en klere. In 'n ander geval help die vriend finansieel en gaan ook saam as vir die kinders klere gekoop word. Daar is van die vrouens wat dan ook hulle eie spaarrekeninge het, onder andere by 'n bouvereniging. Een van die respondente sê dat hy en sy vrou saam die finansies bespreek en hy vra dan haar opinie, oor byvoorbeeld hoeveel sy nodig het vir kos en ook of hulle nie dalk iets kan spaar nie. 'n Ander respondent sê dat hy en sy vrou albei hulle eie spaarrekeninge het en verder gee hy ook aan sy kinders sakgeld. In gevalle waar die vrou en man apart woon, help die man gewoonlik deur geld te gee waarmee die vrou dan moet kos koop en skoolgeld betaal. In gevalle waar die kind by 'n ouma groot word, stuur albei soms geld en in een van die respondente se geval sê sy dat die man haar niks help nie. In 'n ander waar die ouma die kind grootmaak, neem die "vader" klere saam as hy gaan kuier, maar niks geld nie. In 'n ander geval help die man die vrou inkopies doen, maar soms gee hy net geld en sy moet dan alleen gaan.

3.7.3.3 Die vader as opvoeder

Wat die rol van die vader betref, is daar ook veranderinge in die half-verwesterste situasie. Volgens Luthuli (1981:62) was die vader in die tradisionele opset die meeste van die tyd by die huis, terwyl hy vandag die meeste van die tyd weg is van die huis. Sy posisie as hoof van die huis het verander. Vandag bring hy slegs glimpse van die onbekende en van die uitdagings na die huis. In een geval woon die vader in 'n hostel en gaan so een keer elke twee maande huis toe.

Möller (1974:76) beweer dat dit voorkom asof die vader tradisioneel baie min aandag aan sy kinders gegee het. Die kinders word aan die ma oorgelaat terwyl die pa sy eie koers inslaan. Dit is ook in die huidige ondersoek in Potchefstroom aangetref, hoewel die teendeel ook gevind is. In een geval sê die moeder dat die pa meestal by die shebeen is en eers laat huis toe kom. In nog 'n geval waar die man en vrou apart woon, is dit nie eens belangrik dat hulle vir hom gaan kuier nie. Hy sê hulle eet meestal saam met die ouma en hy sal vir hulle kyk hoe hulle dans op musiek van die radio. 'n Ander respondent dink haar vriend verlang soms na die kind, want hy gaan kuier so een maal elke twee maande vir die kind. Nog 'n ma sê dat sy vir haar seuns alles leer wat

hulle moet weet want die pa het haar "gedrop" (in die steek gelaat).

Volgens die ma's en die manlike respondente wat ondervra is, weet sommige van die pa's nie wat met hulle kinders aangaan nie. Een respondent sê dat haar vriend na sy kind verlang, maar sy sien nie dat hy eintlik belangstel nie. Daar is egter vaders wat ten volle op die hoogte is met alles aangaande die kinders.

Twee van die respondente, opvallend taamlik verwesterste persone, weet presies wat hul kinders doen en hoe hulle presteer op skool. Tog is daar ook byvoorbeeld diegene wat, wanneer daar uitgevra word oor hulle kinders se doen en late, antwoord: "hy dink die kind doen dit en dat, hy weet nie eintlik nie".

Volgens een van die respondente bespreek die ouers sake aangaande die kinders as laasgenoemde nie by is nie. Hulle gesels albei met hulle kinders oor skoolsake en dies meer. 'n Ander respondent sê dat die gesin na aandete as gesin bymekaar kom en dan vra hy hulle uit oor die dag se bedrywighede.

'n Ander respondent sê dat hulle albei na hul kinders verlang en die pa sê soms dat hy wonder hoe dit met hulle gaan. Nog 'n respondent wat een keer elke twee maande huis toe gaan, neem lekkers saam want hy "worry" (bekommer) oor sy kinders.

Wat hul vrouens betref of vrouens in die algemeen, voel twee respondente dat die vrou ook onbeperk kan opgang maak en bestuursposisies kan beklee - "kyk dan vir Margaret Thatcher". 'n Ander voel weer dat sulke posisies nie vir die vrou bedoel is nie.

3.7.3.4 Ouer-kindverhouding

Volgens Schapera (1956:381) is daar ook 'n merkbare verandering in die verhouding tussen ouer en kind in die half-verwesterste situasie. Die periodieke migrasie van die mans na die dorpe om werk te soek ontneem die kinders "from paternal authority for months on end. The decline of ancestor-worship has deprived the father of his traditional role of family priest, formerly a powerful sanction for his authority."

Die verandering in die ekonomiese rol van die gesin en familie "in economic

relations between its members - together with such factors as the loosening of kinship ties and the decline of the patrilineally extended household - has had important consequences for husband-wife and parent-child-relationships" (Dubb, 1974:458).

Dit skyn of die aansien van die ouers in die oë van die kinders aan die verlaag is: skryf en lees en die aanleer van vreemde tale in die formele Westerse tipe skool, plaas die kind 'n trappie voor die ouer uit die oogpunt van kennis gesien. Kennis van die geheime van die nuwe Westerse kultuur werk minagting teenoor die ouer in die hand en die kinders beskou laasgenoemde as "backward and unenlightened" (Vilakazi, 1965:129). Dit is baie nadelig vir die ouer-kindverhouding.

In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat daar ouers is wat minderwaardig voel teenoor hulle kinders of wat in elk geval nie baie gelukkig voel oor die ouer-kinderverhouding nie. Een respondent se kinders wil weet hoekom sy nie kan lees nie en dit pla haar, en in 'n ander geval wil die kinders weet hoekom die ouers dan op die plaas aangebly het as daar nie geleentheid was vir skoolgaan nie. Daar is selfs een van die vrouens wat voel dat haar man dom is, want hy het nie geleer nie. Een man het gelag toe hy sê dat sy vrou maar dom is; sy kind help partykeer haar ma wat 'n aandskool bywoon.

Jonger mense sien nie meer op na hul ouers vir leiding nie, maar doen al hoe meer soos wat hulle dink. Migrasie (trekarbeid) het tot gevolg gehad dat daar ontvlugtingskans geskep word as ouerkontrole te erg word.

Aan die ander kant maak dit die ouer weer afhanklik van sy werkende kind vir dié se inkomste waarmee finansiële verpligtinge soos belasting en ander benodigdhede nagekom word. Op sy beurt veroorsaak dit weer 'n onafhanklikheid by die kind sodat hy byvoorbeeld nie meer langer sy ouers toelaat om vir hom 'n huweliksmaat te kies nie. In plaas van om by die ouers in te woon na die huwelik, verkies hulle hulle eie huishoudings (Schapera, 1956:382).

Tussen die ouers en kinders was die verhouding tradisioneel formeel - in die patriargale stelsel waarin die vader gehoorsaamheid en ontsag van sy kinders verwag het. Daar is in die Potchefstroom-ondersoek gevind dat daar tog vaders is wat 'n meer intieme verhouding met hulle kinders het. Volgens 'n paar respondente is die vader van die huis (getroud of ongetroud) in die algemeen begaan oor die welsyn van sy kinders. Hy verlang na hulle en druk hulle graag

as hy hulle sien, veral die kleintjies. By die moeders is gevind dat hulle in die algemeen graag hulle kinders vashou en druk. Met die grotes is dit egter vir hulle moeilik. Een respondent sê dat hy lief is vir sy kinders en dat hy graag met hulle speel.

Volgens een ouer gee kinders baie moeite, maar dit gee die ouers 'n gesamentlike belang - hulle kan dan vir mekaar sê "kyk hoe doen hy dit of dat".

### 3.7.4 Samevatting

Dit is duidelik dat met verwysing na die ekonomie, godsdienstige lewe, politieke betrokkenheid, en baie ander gebiede van die menslike lewe, die rol van die swart volwassene in die gemeenskap duidelik verskil van die "indigenous African tribal man whose personal life was dissolved in collective activity". 'n Volwasse lid van die gemeenskap het vandag 'n individuele rol om te speel in die Westerse tipe industrie. Sy doel is om wins te maak en hy alleen is verantwoordelik vir sy gesin (Luthuli, 1981:42).

Albei die ouers is in die algemeen besig met bedrywighede buite die huis en in die meeste gevalle word die kinders aan hulleself oorgelaat. Waar daar ouer kinders in 'n huis is, help hulle omsien na die jongeres en soms woon 'n ouma in. Wat egter onstellend is, is dat die gesinslede oor die algemeen versprei is tussen familielede, werkgewers en so meer. Daar is dus vermoedelik weinig sprake van gesinsopvoeding in die ware sin van die woord.

Verder is gevind dat die moeder in die algemeen redelik nou saam met haar kinders lewe alhoewel diegene wat klaarblyklik minder verwesters is, nie baie op die hoogte is met hul kinders se doen en late nie, veral wat die skool betref. Wat die vader betref, is die op die oog af meer verwesterste vader betrokke by sy kinders terwyl die ander se betrokkenheid nie veel verder gaan as lekkers uitdeel wanneer hy hulle sien nie, geld aan die moeder gee en nou en dan 'n besoek aflê (as hy nie by die moeder inwoon nie).

## 3.8 DIE SKOOL

### 3.8.1 Tradisioneel

In nie-gespesialiseerde kulture soos dié van die tradisionele swartman ontbreek skole in die Westerse sin van die woord geheel en al. Formele onderwys in

sulke gemeenskappe is beperk tot bepaalde tydperke op bepaalde stadiums in 'n persoon se lewe.

Die innige verweefdheid van die opvoedingselemente met die algemene gemeenskapslewe en -kultuur het verseker dat daar geen wanverhouding tussen opvoeding, onderwys en die tradisionele handels- en beroepsmoontlikhede ontstaan nie. Die opvoeding en onderwys het 'n algehele betrokkenheid by die nasionale samelewing beteken. Alle kinders het in die onderwys gedeel wat gratis en verpligtend was. Die werklikheid is dan ook volledig ontsluit vir die jeug na die eise van die tradisionele kultuur (Badenhorst, 1978:45).

Volgens Krige (1956:106) woon elke tradisionele swartkind in aanvulling van die opvoeding tuis ontvang, wat hom in staat stel om in sy behoeftes te voorsien, ten minste een en soms meer as een skool by. Die funksie van elke skool verskil, maar elke skool is 'n voorbereiding vir 'n nuwe trap in die lewe van die individu waar 'n poging aangewend word om hom van kennis te voorsien wat nodig is vir die nuwe fase.

Sommige Tswanastamme hou twee skole, 'n "wit bogwera", en 'n "swart bogwera". Volgens Eiselen (1929:40-41) duur die bogwera-kursus 'n jaar. Daar is 'n skeidingsritus, hare word geskeer en ou klere word weggegooi. Die nuwe kleredrag bestaan uit 'n rokkie, 'n grasmasker, 'n grasskild en grasvlegsels om die arms en bene. 'n Spesiale hut word vir hulle opgerig waar hulle snags slaap. Gedurende die dag is hulle buite in die veld. Die bogwera-jaar word ingelei met 'n rituele handeling analoog met die besnydenis van die "koma". Sodra die kursus verby is, vorm hulle 'n regiment wat 'n spesiale naam van die kaptein ontvang.

Onder die Lobedu is die "koma" 'n reënritueel sowel as 'n skool. Die hoofvak van die skool is om die seuns in die diepste geheime van die stam in te lei (Krige, 1956:103-104). Volgens Eiselen (1929:52) word die seuns by al die "Bantoestamme" van Suider-Afrika toegelaat tot die skool eers nadat hulle puberteit bereik het. Orals moet hulle as toelatingsfooi vir die kaptein werk, òf voor òf gedurende die kursus, wat altyd in die wintermaande plaasvind. In die skoolkraal is daar drie groepe mans: die kandidate self, die jongste regiment van die stam wat as wagters optree en 'n klompie ouer mans wat verantwoordelik is vir die verloop van sake. Die werksaamhede van die skool is 'n geheim vir die oningewydes. Oral bestaan die skoolprogram uit die volgende

onderdele: jag, opleiding in stamwetenskap en stamreligie, militêre opvoeding en onderwys aangaande seksuele dinge (Eiselen, 1929:53).

Onderrig in die skole is omtrent nooit direk nie en gewoonlik simbolies. 'n Algemene metode van onderrig is die verkryging van kennis deur middel van liedere en mimiek.

3.8.2 <u>In die half-verwesterste toestand</u>

Swart gemeenskappe is besig om sterk onder die invloed van industrialisasie te kom. Op industriële gebied speel die skryfkuns en die vaardigheid daarin 'n belangrike rol. Daarom word voorkeur aan die Westerse tipe formele skool gegee. Volgens Bruwer (1963:91) bestaan die ou stamopvoeding in die tuisgebiede indertyd (1963) nog, maar moderne opvoedingsfasiliteite is oral vir die swartman beskikbaar in die vorm van skole, opleidingsinrigtings en universiteite.

Een van die redes waarom die Westerse tipe skool inslag gevind het, is volgens Hellman (1956:416) dat vir die stedelike swartkind die skool die plaasvervanger geword het vir die geleidelike en "pervasive system of informal tribal training". Die skool verteenwoordig vir alle praktiese doeleindes die "open sesame" tot die Europese (Westerse) kultuur, tot vooruitgang en ekonomiese vordering, en word as essensieel beskou vir sukses in die toekomstige lewe. Volgens Möller (1972b:33) bring die skool onbekende wêrelde sowel as nuwe statussimbole wat groot betekenis in enige gemeenskap kan hê.

Industrialisasie het ook veranderinge meegebring ten opsigte van die swartman se tradisionele arbeidsgewoontes. Die stam- of inisiasieskool is staties en maak geen voorsiening vir industriële vaardighede nie.

Volgens Rhenoster (1971:113-114) het die inisiasieskole in 1971 nog nie uitgesterf nie en waardeer die gemeenskap beide skole, te wete die tradisionele asook die skool volgens die Westerse patroon. Du Plessis (1944:104) het egter gevind dat seremonies verbonde aan die stamskole min betekenis het vir die swartes vandag. Die skole vind nog plaas, maar het nou meer 'n geldmakery vir die betrokke stamowerhede geword.

As gevolg van die verandering in lewensomstandighede het die Westerse skool voorrang begin geniet bo die stamskool. Krige (1956:106) verwys hierna wanneer

sy sê dat die kwaliteite wat volgens die tradisionele swartman nodig was vir sukses in die volwasse lewe in die stamskole beklemtoon word, naamlik die vermoë om kinders te baar, die deugde van krag en moed. Die eise vir die verwesterste swartman het egter verander.

Volgens Schapera (1956:377) kan baie swartmense nie meer werk kry by hulle huise in die spesifieke vaardighede waarin hulle opgelei is nie; hulle gaan dus stad toe en beweeg weg van die stam. "But those who received more advanced education become far more noticeably dissatisfied with the old form of tribal life."

Wat ouerbetrokkenheid by die skole betref, is die swart ouer nie besonder betrokke by die formele onderwys van die kind nie. In die verstedelikte opset word hierdie neiging voortgesit, maar die onbetrokkenheid word vererger deurdat die swart ouer toenemend vind dat hy nie die skoolwerk en ander aktiwiteite kan begelei nie (Van der Walt, 1984:12).

In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat die meeste ouers die probleem ondervind dat hul kinders verder gevorderd op skoolgebied is as hulle. In die algemeen is die respondente bewus daarvan dat hulle kinders byvoorbeeld tuiswerk kry, maar hulle is nie bevoeg om hierby hulp te verleen nie. Daar is egter een wat gesê het dat hy in staat is om hulle te help en hy kontroleer ook hulle werk om te sien of hulle op datum is. 'n Ander sê die hulp strek so ver as prente soek. In die meeste gevalle is dit 'n ouer broer of suster wat hier help. Daar is egter ook diegene wat voel hulle kan help, maar omdat hulle (die ma's) so laat by die huis kom, kan hulle nie.

Wat onderrigmedium betref, is al die ouers in die Potchefstroom-ondersoek dit eens dat hulle verkies dat sowel wit en swart onderwysers hulle kinders moet onderrig. Die mees algemene rede is omdat die kinders dan leer om Afrikaans te praat. Ander redes hiervoor is dat die wit onderwyser hulle kinders beter leer; wit onderwysers handhaaf 'n hoër standaard en het ook meer ondervinding in vakke soos Wiskunde. Een respondent voel dat daar reeds op skoolvlak kontak moet wees tussen swart en wit, sodoende sal die aanpassing later tussen die twee groepe nie so groot wees nie. Verder moet die mense eendag ook saamwerk en as die swartman reeds op skool met die witman te doen het, sal hy agterkom dat laasgenoemde ook maar 'n mens is, net soos hy.

Volgens Schapera (1956:378) is een van die merkbare resultate van die Westerse

tipe onderwys die verspreiding van kennis aangaande Engels en Afrikaans as spreektale; Afrikaans egter in 'n mindere mate as Engels. Klem word in die laer standerds gelê op onderrig in die moedertaal: "...more emphasis has been laid in the schools on instruction in the vernacular, to the general disgust of the Natives, who realize the economic value of a European language to men who will afterwards have to seek work in the towns", merk Schapera in 1956 op.

Ouers in die Potchefstroom-omgewing wil in die algemeen hê dat hulle kinders van die tradisionele Tswanataal en -gewoontes in skole moet leer of bewus gemaak moet word. Redes wat hulle hiervoor aanvoer, is onder andere dat kinders moet weet hoe hulle oumas en oupas gelewe het. Kinders is vandag aan ander dinge gewoond en as hulle nie daarvan leer nie, sal hulle nie weet hoe dinge was en watter veranderinge plaasgevind het nie. Nog een hou daarvan dat haar kind hiervan leer, want dan sal sy kan sien dat sy tans beter daaraan toe is. 'n Ander voel weer dat 'n mens darem moet weet waar jy vandaan kom. Op die vraag of die kinders wel in die skool van die tradisionele Tswanataal en -gewoontes leer, kon slegs twee positief antwoord; die ander weet nie en daar is dan ook een wat nie omgee of hulle hieroor ingelig word nie.

Wat buitemuurse skoolaktiwiteite betref, kan by Möller (1974:189) aangesluit word. "Sport is so een van die sosiale aktiwiteite waarin die opkomende stand meer as die ander belangstel." Dit is dan ook gevind dat die ouers in die Potchefstroom-ondersoek in die algemeen wil hê dat hulle kinders aan sportaktiwiteite en ander buitemuurse bedrywighede moet deelneem.

Van die ouers voel dat die kinders 'n "bietjie moet bal speel, want hulle kan nie net leer nie". Ook hou dit die kinders besig; as hulle op 'n Saterdag speel, hou dit hulle uit die kwaad uit. Een respondent voel dat dit die kinders "vars hou" as hulle aan sport deelneem. 'n Ander voel deur middel van sport leer mens ander mense ken en ook "community behaviour". Daar is ook een wat sê dat sport kinders se gedagtes kans gee om te rus en ook maak dat kinders nie so pieperig is nie. Daar is ook diegene wat voel dat die wit kinders krieket speel, ensovoorts - hoekom kan hulle nie ook nie?

In die algemeen gee die respondente in die Potchefstroom-omgewing ten opsigte van die stamskool uiteenlopende antwoorde. Een van die respondente het nie geweet waarvan die ondersoeker praat nie. Twee van hulle weet daarvan, maar was nooit self in een nie. 'n Ander voel dat dit 'n gebruik onder die Xhosas

is, en nog een sê dat dit ander mense se gewoontes is. Dan is daar een wat dit self bygewoon het. Sy voel egter dat dit tóé 'n goeie gewoonte was maar vandag nie meer nodig is nie. Een van die respondente praat van die "buiteskole" en voel dat die dinge wat daar gedoen word, vandag in 'n hospitaal gedoen kan word. Sowat 80% van die respondente stel nie belang om hulle kinders 'n stamskool te laat bywoon nie. Twee van die respondente se kinders word egter by die grootouers groot en hulle het die finale sê in hierdie opsig. Nog een sê egter dat die kinders moet gaan, want dis die swartmense se gewoonte. Diegene wat nie so 'n skool bygewoon het nie, weet nie waaroor dit gaan nie. Een het gesê as jy dit nie bywoon nie, sal jy 'n klein seuntjie bly.

Ouerbetrokkenheid in die Potchefstroom-ondersoek wissel vanaf totale betrokkenheid tot absolute onbetrokkenheid. Daar is ouers wat byvoorbeeld presies weet watter vakke hulle kinders neem, waarin hulle goed presteer en waarmee hulle sukkel. Dan is daar egter diegene wat glad nie eens weet watter vakke hulle kinders neem nie. Hulle dink dit moet seker Engels en Afrikaans wees. Sommige van die respondente gaan skool toe om met die onderwysers oor hulle kinders te praat. Twee van hulle gaan egter glad nie en 'n ander sê dat as sy daar kom, dan vertel hulle vir haar dit gaan goed. Nog een voel dis die onderwyser se plig om haar in te lig as daar probleme is.

Daar is ook ouers wat met hulle kinders gesprekke voer aangaande die skool, maar daar is ook diegene wat nie eens weet of hulle kinders van die skool hou of nie. 'n Ander sê sy probeer hulle vra, maar hulle vertel haar niks nie. Nog 'n respondent sê dat haar kinders haar kom vertel wat by die skool gebeur, maar sy praat nie saam as hulle lelik van die onderwysers praat nie.

Daar kan gesê word dat waar die vader sowel as die moeder in die huidige situasie albei die meeste tyd vanaf die huis weg is "the school with specially trained educators is to an increasing extent becoming the sole authority in the life of a child" (Luthuli, 1981:62). Ouers in die Potchefstroom-omgewing voel in die algemeen dat die skool nie alleen die verantwoordelikheid vir hulle kinders se opvoeding moet hê nie.

Beperkinge op die Westerse tipe skool is daar egter ook. Die Westersgeoriënteerde skool is dikwels geneig om 'n pedagogiese eiland te word, onder andere weens 'n oorbeklemtoning van die outonomie en die soewereiniteit van die skool ten koste van die ander samelewingsverbande (Van der Walt, 1986:6). Die

tradisionele swart inisiasieskole van die swart gemeenskap was daarteenoor daarop ingestel om die opvoedingsoogmerke van die gemeenskap te bereik. Die breë familiegroep is egter aan die verdwyn; die enkelgesin word ontwrig deur lang reise werk toe en terug en deur buitenshuise werk waardeur die kinders sonder toesig gelaat word. Dit is vir die swart gemeenskap belangrik dat dit wat in die skool gebeur 'n deel sal vorm van die opvoedende onderwysgebeure in die ouerhuis en die breë familiegroep, anders kan die skoolse aktiwiteit as irrelevant deur die leerlinge gesien word. In die lig van die toenemende verwaarlosing van die breë familiegroep by verstedeliking, skyn dit toenemend te gebeur dat die skool nie as deel van die gesins-familie-bemoeienis met die kind gesien word nie (Van der Walt, 1986:8-9).

Die Westerse tipe skoolvoorsiening het beslis tekortkominge. Motsueyana (1979:5-6) sê byvoorbeeld: "The African teachers who would come to this farm school were barely literate and had no formal qualifications. Our parents struggled under difficult circumstances to scrape together some money to pay their salaries, but the teacher would just leave for another place and we would have no school for months."

Mnr. David Tsingsing het op die dorpsraad van Mangang se maandelikse byeenkoms gesê dat daar by een Tswanaskool in die gebied meer as 100 kinders per klaskamer is. "This is hardly conducive to learning and these crowded conditions must be most uncomfortable and frustrating for pupils and teachers." Dit was dus nie onverwags dat hy dringend vir twee sekondêre skole in die gebied aansoek gedoen het nie (Anon, 1984:12).

Soms word die skool ook in 'n ander opsig as negatief ervaar: "Schooling too takes the child out of his environment and teaches him facts and values often in direct contradiction to tradition. Employment in the Western industrial sector means that traditional training for economic roles is totally inadequate, and the absence of a large percentage of men from the rural areas for long periods (as gevolg van indertydse migrasie-patrone - VG) of time has caused a marked increase of unruly even delinguent behaviour in the youth, who openly flout the authority of the women and elderly who remain the main source of discipline in the rural areas." (Van der Vliet, 1974:212).

Jones (1967:189) sluit hierby aan as hy sê: "Deprived of the wholesome influences of homelife through overcrowding; excluded from the training and discipline of education because of poverty and the lack of room in the schools;

unable to secure employment because of national policy (indertyd - VG) and the general depression, he is isolated from those agencies that could most effectively equip him for a selfrespecting and serviceable life."

Finansies speel ook ten opsigte van skole 'n rol. Daar kan by Möller (1972b:74) aangesluit word wanneer hy sê dat 'n rede vir skoolverlating is dat ouers nie altyd die nodige kostes kan dra nie. In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat sommige van die ouers voel dat die skoolfonds te hoog is. Daar is diegene wat voel dat dit nie te veel is nie, dit is net dat hulle dit nie kan bekostig nie.

Volgens De Villiers (1947:70) woon 'n groot aantal kinders skole by. Naas die tradisionele eertydse eenvormige opvoedingstelsel staan nou die Westerse onderwysmetodes. Laasgenoemde is besig om, soos in die Potchefstroom-ondersoek gevind is, die tradisionele te vervang. Menige ouerpaar, volgens De Villiers (1947:74), se oogmerk is om die kinders te laat aanpas by die gewoontes van die blanke, en dit kan hulle regkry indien hulle hul kinders na skole stuur wat op die Europese lees geskoei is.

### 3.8.3 Samevatting

Daar kan gesê word dat, hoewel ouers nie voel dat die skool hul ouerlike taak moet oorneem nie, daar by die ouers in die Potchefstroom-omgewing 'n positiewe gevoel teenoor die skool bestaan. Die Westerse tipe skoolopvoeding word deur die ouer as essensieel beskou vir sy kind se toekoms en daarom is daar by die ouers so 'n begeerte dat hul kinders hul skoolloopbaan moet voltooi.

## 3.9 DISSIPLINE EN GESAGSUITOEFENING

### 3.9.1 Tradisioneel

"Kulturele vergoeding of straf word deur die tradisionele Bantoe-opvoeder aangewend om die opvoedingspoging mee te versterk." (Van der Walt & Postma, 1987:105).

Die besondere gesagshiërargie by die tradisioneel-georiënteerde swartmense is in hulle lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings gegrond. Die swartman se beskouing oor die samelewing bepaal dus volgens Van der Walt (1984:33) sy siening van gesag. Die afleiding kan gemaak word dat die swartmense geglo het

dat die vader (en elke gesagsdraer binne die hiërargie) sy gesag van buite en "groter mense" as die mense ontvang het. Die gesagstruktuur het vir die tradisioneel-georiënteerde swartmens 'n sosiale patroon wat vir hom persoonlike leefbetekenis gehad het, ongeag die beginsels en norme wat dit onderlê het (Nel, 1978:61).

Volgens Schapera (1971b:38) is die mense in die familielewe geregtig op respek van diegene wat jonger is as hulleself, en laasgenoemde se dienste kan vrylik opgekommandeer word. Kinders word geleer om hul ouers te eer en te gehoorsaam "and may be severely chastised for insolence or undue familiarity". In die algemeen word verwag dat 'n mens enige persoon moet respekteer en gehoorsaam en verbreking van die reël "is a penal offence in tribal law" (Nxumalo, 1984:44). Hy sê verder dat 'n kind gedurende sy jeug geleer word dat daar van hom verwag word om volwassenes en sy seniors te respekteer en om hoflikheid teenoor sy maats te betoon. Deur hierop klem te lê hoop hulle dat die kind die nodige dissipline sal ontwikkel "to deal with the exerting demands of life".

In die portuurgroep leer die seun om gesag te respekteer - hy doen wat besluit is, wat tradisioneel is, sonder om vrae te stel of teenstand te toon. As hy nie wil saamwerk nie, word hy gestraf en daar is "no recourse to appeal". Sodanige dissipline is veral nodig wanneer hy lid van die regiment of 'n soldaat is (Nxumalo, 1984:48).

Vir die swartman bestaan daar nie iets soos individuele vryheid nie, aangesien die swartman nie beskou word as op sigself staande nie. Die gesag setel in die kerkleier of politieke leier wat geadviseer word ten opsigte van die sosiale aspirasies. Sy gesag is altyd totalitêr van aard en die sosiale orde is op navolging ingestel (Peters, 1985:38). In die tradisionele tye is die stamhoof as die hoogste gesagsfiguur erken (Immelman, 1982:171).

Ook ten opsigte van die dissipline speel verwantskap 'n rol. Die groep maak voorsiening vir 'n gesagstruktuur wat gebaseer is op die geslag van die persoon en sy senioriteit in die afkomslinie. Dispuut oor leierskap van 'n groep is in teorie tot die minimum beperk; die stelsel maak voorsiening vir 'n streng kontrolering van die gedrag van die lede van die groep. Die *jongeling* word streng gekontroleer in sy optrede ten einde sy opvoedingsproses te voltooi, sodat hy volwassenheid kan bereik en die groep geen skade kan berokken nie (Immelman, 1982:31).

Kinders is tradisioneel bang gemaak wanneer hulle stout is met stories oor monsters wat volgens "Bantoe-volksverhale" ongehoorsame kinders kom haal en wegdra (Krige, 1956:96).

Ten opsigte van lyfstraf sê Van der Vliet (1974:224) die volgende: "Adults, peers or older children may all threaten a child with a beating in cases of disobedience, but these threats are generally not carried out."

### 3.9.2 In die half-verwesterste toestand

Die koms van die blankes het aanleiding gegee tot 'n veranderde gesagstruktuur. 'n Beperking is op die beweging van stamme geplaas en die grondgebied van die stamme is op 'n ander wyse gedefinieer (Immelman, 1982:171).

Die geografiese verspreiding van die swartman het, as gevolg van die trek na die stede en die kontak met die blankes, belangrike veranderings vir die swartman buite hulle tuisgebiede meegebring. Enkelinge sowel as gesinne beweeg weg van die onmiddellike invloedsfeer van die verwantskapsgroep en die stamowerheid. Die gebondenheid van die organiese stamlewe word deur 'n meer individuele bestaan vervang (Bruwer, 1963:187).

Volgens Möller (1972b:34) bring die stadslewe met sy nuwe potensialiteite nuwe geleenthede mee. Baie meer mense word ontmoet, ook van ander kulture, wat die druk op eie lewenswyse en kultuurgoedere laat toeneem. Die nuwe potensialiteite en geleenthede van die stad gaan gepaard met 'n soort bevryding. Dit bring vir die swartman 'n losmaking van gesag van die tradisionele politieke stamstruktuur mee, terwyl ook die gesinsgesag oor 'n jongman wat stad toe gaan, verswak.

In die huidige Potchefstroom-ondersoek is gevind dat daar steeds, soos Du Plessis (1944:75) dit in 1944 gestel het, 'n volstrekte gehoorsaamheid van die kinders aan hulle ouers verwag word. Die kind ontvang nie veel mondelinge onderrig nie, maar word, wanneer die geleentheid hom voordoen, gewys op sy pligte, vermaan en ook gestraf. Volgens hom was die volwassene van vandag nog aan stamdissipline onderhewig toe hulle jonk was; hulle het nog ontsag vir gesag maar dit sal nie sonder meer die geval wees met die opgroeiende geslag nie.

Al die respondente is dit eens dat kinders gehoorsaam aan hulle ouers moet

wees, eintlik aan alle volwassenes. Volgens een moet kinders respek betoon en mag nie terug antwoord nie. 'n Ander sê weer alle kinders moet na die grootmense luister want 'n volwassene is 'n ouer vir alle kinders.

Wat lyfstraf betref, sê een respondent dat sy haar kind geslaan het toe hy klein was maar noudat hy groter is (ongeveer elf), doen sy dit nie meer nie. Die ouma slaan glad nie aan hom nie; sy sê hy is te klein. In drie ander gesinne slaan die ouers albei die kinders. Volgens die pa's is die ma's kwaaier as hulle. Een sê selfs dat hy met haar praat as sy te erg te kere gaan. Hulle slaan òf met die plat hand, òf met "bande" of met 'n lat. Volgens een respondent sal hy 'n gordel gebruik as dit nodig is.

In die meeste gevalle is dit die ma wat die dissipline toepas, aangesien die kinders meestal by haar is. Een van die manlike respondente sê dan ook dat hy nie voel om met die kinders te raas as hulle so nou en dan vir hom kom kuier nie.

Meestal mag ouer broers en susters raas maar nie aan die kleintjies slaan nie. Die meeste ouers luister na rede. Een manlike respondent sê dat hy nie sommer aan sy kinders slaan nie - hy sal byvoorbeeld sy kind inroep en vir hom sê dat hy sy sokkies moet optrek as hy swak gedoen het in sy skoolwerk. Een van die weduwees roep die hulp van haar broer in as sy dissiplinêre probleme het met haar kinders.

Volgens nog 'n respondent in die Potchefstroom-ondersoek sal hy wel sy kinders slaan, maar nie altyd nie, want as jy aan hulle moet slaan elke keer as hulle stout is, sal jy heeldag slae uitdeel. 'n Ander slaan sy kinders tot hulle so vyftien jaar oud is, maar in elk geval luister die kinders beter vir die ma want sy is kwaaier as hy.

In teenstelling met die tradisionele bangmaak deur middel van stories (vergelyk 3.9.1), is daar in die Potchefstroom-ondersoek net een ouer gevind wat sê dat sy vir haar kinders sê dat die thikoloshe hulle sal kom vang as hulle stout is. Daar is diegene wat as straf hulle kinders sonder kos bed toe sal stuur maar een van die weduwees is bang dat die pa vir haar uit die hemel uit sal kyk as sy so-iets doen. Hulle straf ook soms deur kinders van die kyk van televisie te weerhou. 'n Ander sê weer dat haar kind sekere dinge nie mag kry voordat hy weer soet is nie. 'n Ander stuur wel haar kinders bed toe sonder

kos as daar verbrou is met 'n kosbeurt. Een beweer selfs dat sy hulle buite sal laat slaap vir straf.

Waar die kinders aan 'n familielid gegee word om grootgemaak te word is dit vanselfsprekend dat die kommunikasie tussen ouer en kind swakker gaan wees. Dit bring mee dat ouers se invloed op hulle kinders veral wat dissipline in die later jare betref, veel te wense oorlaat. In die Potchefstroom-ondersoek is gevind dat heelparty van die ouers wat byvoorbeeld hulle kinders een maal per maand sien, sê dat hulle nie sommer met hulle kinders sal raas nie, want hulle sien hulle te min. In 'n ander geval slaan die ma nie aan haar groot kinders nie; sy is bang hulle slaan terug. 'n Ander respondent voel dat sy geregtig is om haar groot kinders te slaan want as hulle volwasse was, sou hulle nie so opgetree het nie.

'n Aspek wat ouergesag beïnvloed, is die feit dat kinders meer skoolgeleerdheid het as die ouers en gevolglik word die beskouing van die ouer nie altyd met respek gehanteer nie (Möller, 1974:76).

Volgens een respondent in die Potchefstroom-ondersoek dink sy kinders nie hulle ouers is dom omdat hulle nie matriek het nie, maar as hulle geleerde mense sien, sê hulle: "Ons wens ons pa's was so". 'n Tweede respondent sê dat haar kinders wel dink sy is dom. Sy besef ook sy kan nie vir hulle voorskryf nie want hulle weet meer as sy. By een is die gevoel gekry dat sy minderwaardig voel teenoor haar kinders, daarom stel sy belang in hulle doen en late sodat hulle nie so dom sal wees soos hul ongeletterde ma en pa nie.

Die meeste respondente sê verder dat hulle nie net hulle kinders berispe oor swak gedrag nie, maar ook erkenning gee vir goeie gedrag. Vyf respondente het gesê dat hulle vir hul kinders sê dat hulle bly is as hulle hul goed van hul taak gekwyt het. 'n Ander gee soms geld as beloning, maar nie altyd nie, want dit kan hulle bederf. 'n Ander sê weer dat sy nie altyd positief reageer as sy tevrede is nie, of die kind altyd prys nie aangesien hy nie aanhoudend gaan probeer as sy hom te veel prys nie.

### 3.9.3 Samevatting

Daar kan by Bruwer (1963:204) aangesluit word wanneer hy sê dat diegene wat buite die tradisionele gebiede gebore is en grootgeword het, nie meer die

tradisionele stamlewe en -stelsel ken nie. Die trek van die swartes na die stede het ook nuwe politieke aspirasies meegebring. Vir baie is die stamowerhede nie meer aanneemlik nie (Bruwer, 1963:193). Die veranderinge wat ingetree het ten opsigte van die familie- en gesinslewe het die gesagstruktuur in die gemeenskap verder beïnvloed. Dit is dus nou nie vreemd dat ouers probleme met kinders ondervind en soms nie weet na wie hulle hulle moet wend om gesag af te dwing nie.

## 3.10 SAMEVATTENDE OORSIG

Op grond van die filosofiese grondslae wat in hoofstuk 2 neergepen is, is in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die opvoedingsgedagtes van die halfverwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing, soos hierdie gedagtes na vore kom in die literatuur en in die onderhoude wat met werklike opvoeders gevoer is. Hierdie filosofiese grondslae sowel as die vermelde opvoedingsteorie wat daarop berus, word nou in die volgende hoofstuk aan 'n waardering onderwerp.

# 4. WAARDERENDE BESKOUING OOR DIE GRONDSLAE VAN DIE OPVOEDINGSFILOSOFIE EN DIE OPVOEDINGSFILOSOFIE VAN DIE HALF-VERWESTERSTE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die verskillende aspekte van die half-verwesterste Tswana-ouer se opvoeding en die grondslae daarvan in die Potchefstroom-omgewing wat in die vorige hoofstukke beskryf is, vanuit 'n Christelike fundamenteel-opvoedkundige perspektief toegelig en waardeer.

## 4.2 DIE GRONDSLAE VAN DIE OPVOEDINGSGEDAGTES VAN DIE HALF-VERWESTERSTE TSWANA-OUER IN DIE POTCHEFSTROOM-OMGEWING

### 4.2.1 Godbeskouing

Volgens Van der Walt en Postma (1987:109) kom die swartman deur verwestering in aanraking met die Christendom, en dus onder die besef van die bestaan van die ware God wat Hom in die Skrifgeworde Woord aan die mens geopenbaar het.

Die gesekulariseerde Westerse kultuur bevat nog reste van die verering van die God van die Bybel. Daar het egter nou grootskaalse sekularisasie ingetree wat nie nuwe gode soos welvaart, vooruitgang, wetenskap en tegniekverafgoding uitsluit nie (Van der Walt, 1990:27). Heerskappy oor die (fisiese) natuur beteken vir die Westerling beskerming. Die klem verskuif vir hom ook nou van die konstante (die tradisionele) na die veranderende natuur.

Die uiteindelike en diepste betekenis van die lewe lê vir die ware Christen in God wat nie alleen ewigblywend is nie, maar wat alles sinvol gemaak het en dit nog steeds in stand hou en bestuur (Pistorius, 1978:160). Die Bybel stel dat God die enigste en ware God is, almagtig en universeel. Hy is die Skepper van alle dinge; daarmee is sy liefde ook die enigste ware band tussen mense (Pistorius, 1978:220).

Vir die half-verwesterste Tswana in die Potchefstroom-omgewing is die God van die Bybel soms 'n persoonlike God en soms 'n veraf, onbetrokke opperwese soos dié van die tradisionele Afrika-mens, wat nie van die mens regstreeks verantwoordelikheid eis vir alles wat hy doen nie (vgl. Van der Walt, 1990:13).

Vir sommige van die respondente is daar geen skeiding tussen die godsdiens en die alledaagse lewe nie (vgl. ook Van der Walt & Postma, 1987:117). Tog is daar diegene wie se lewens nie deur hulle godsdiens bepaal word nie. Hoewel daar van die respondente is wat bewus is van Jesus Christus se versoeningswerk en die ware God van die Bybel, is daar respondente wat in vrees lewe vir die God van die Bybel terwyl dit nie nodig is nie (2.2.1.1).

Uit 'n Christelike oogpunt gesien is daar egter van die respondente in die Potchefstroom-omgewing wat nie heeltemal bewus is van die God van die Bybel nie, hulle dra nie genoeg kennis van Hom nie, die Bybel spreek hulle nie aan nie, dis maar net daar om gelees te word of soos in sommige gevalle net daar; niemand lees eens daaruit nie (2.2.1.2).

### 4.2.2 Werklikheidsbeskouing

Die Christen neem volgens Gunter (1970:29) sy uitgangspunt in die openbaring van God in Christus; hy kan dit nêrens anders neem nie. Mens en wêreld kan slegs vanuit die openbaring verstaan word, omdat hulle hul aansyn in die openbaring ontvang.

Die Christen se uitgangspunt is dat God die Skepper is van alles wat bestaan, ook van die materie. Pistorius (1978:221) vervolg verder deur te sê dat God die mens oproep om deur middel van sy arbeid mee te werk aan die voortsetting en voltooiing van die skepping.

Uitgangspunt van die Christen-denker ten opsigte van die ontologie, is Gods openbaring in Jesus Christus as die Woord van God; die Goddelike Openbaring wat hy louter deur Gods genade aanvaar en alleen kan ken deur die geloof, in die sin van 'n positiewe bestaansrelasie tot God (Gunter, 1970:28). God het die wêreld geskape. God het die wêreld in aansyn geroep, en Hy onderhou dit elke oomblik in sy voorsienigheid (Gunter, 1970:31).

Die geskiedenis (in kontras met die tradisionele heidense visie) is nie net God se bemoeienis met die skepping en die mens in die besonder nie, maar ook die mens se stamelende antwoorde daarop. Verder is daar ook doel en sin in die geskiedenis. Die geskiedenis is die geskiedenis van die koms van Christus en die komende ryk sal 'n gekome ryk wees. Dis nie bloot 'n voortsetting van die geskiedenis nie, dis 'n heerlike vernuwing (Van der Walt, 1990:44).

Die half-verwesterste Tswana in die Potchefstroom-omgewing (vgl. 2.2.2.2) skryf die ontstaan van dinge aan die Here toe. Sommige skryf moontlike veranderinge ook aan die Here toe, maar daar is diegene wat Hom nie betrek by sodanige vraag nie. Sommige half-verwesterste Tswanas begin ook lewe met 'n toekomsperspektief en nie alleen 'n blik op die hede en die verlede nie.

### 4.2.3 Mensbeskouing

Volgens Gunter (1970:34) gaan 'n Christelike antropologie uit van die openbaring van God deur sy Woord. "D.w.s., die menslike spreke oor die mens is gegrond in die spreke van God tot die mens in Sy Woord waarvan die Skrif die getuienis is."

Vir Pistorius (1978:222) skep God die mens na sy beeld; Hy sorg vir hom; gee hom opdragte; leer hom; maak met hom 'n verbond; bemoei Hom met eindelose geduld met die mens; en sy Seun sterf selfs vir hom. Volgens hierdie siening is mens en God op mekaar gerig en die menslike bestaan kan nie afsonderlik van sy relasie tot God gedink word nie.

Om God se beeld te vertoon, beteken dus dat die mens met al sy gawes, talente, tyd, kragte en middele God se gebooie moet uitleef en so sy medemens en die hele skepping moet dien (Van der Walt, 1990:15).

Die Christelike mensbeskouing sien die mens in sy volle omvang van wat hy is en wat hy kan word (Pistorius, 1978:261). "Die Bybel teken hom met strakke realisme: pateties en verwerplik in sy sondevuil, magteloos om self maar net die diepte van sy ellende te besef; maar daarteenoor oneindig groots in die ongelooflike moontlikhede waartoe God hom deur Sy genade en die verlossing deur Christus roep: medewerker, heerser, bo alle begrip gelukkig, vry en verantwoordelik, gekom tot die volle grootte van Christus." (Pistorius, 1978:261).

Gees of siel is nie iets in of aan die mens nie. Die mens het ook nie 'n siel of gees nie, maar is siel en gees (Van der Walt, 1990:7). Die half-verwesterste Tswana sien die mense egter meestal as 'n tweeledige wese bestaande uit 'n liggaam en 'n siel. Vir sommige gaan die siel hemel toe. Vir die meeste van die half-verwesterste Tswanas in die ondersoek bly die siel voortleef na die dood (2.2.2.3).

'n Groot persentasie van die half-verwesterste Tswanas sien God as die bewerker

van voorspoed en sukses, maar die seën van die voorvaders is nie noodwendig hierby uitgesluit nie (vgl. 2.2.3.2).

Die half-verwesterste Tswana in die Potchefstroom-omgewing skryf die ontstaan van die mens toe aan die Here (vgl. 2.2.3.2).

Uit die ondersoek kon nie afgelei word dat die mens vir sy wel en wee altyd van God afhanklik is en altyd Godgerig is nie. Hoewel daar respondente is wat nie hul lewens sonder God kan voorstel nie, is daar diegene vir wie die invloed van voorouers en magie nie buite rekening gelaat word nie (vgl. 2.2.3.2).

### 4.2.4 Samelewingsbeskouing

Die Christen erken dat die mens 'n individuele sowel as 'n sosiale wese is, dat daar bepaalde samelewingsverbande (ouerhuis, skool, kerk en staat) deur God in aansyn geroep is, en dat die verbondskind as geroepe individuele sowel as sosiale wese God en sy naaste moet dien binne en buite alle samelewingsverbande (Van der Walt & Postma, 1987:168).

Ook die half-verwesterste Tswana begin insien dat alles nie noodwendig om die samelewing draai nie (vgl. 2.2.4.2). Hulle begin die mens erken as 'n individuele en sosiale wese.

### 4.2.5 Kennisleer

Vir die Christen is God nie net die Almagtige nie, maar ook die Alwetende en dus die bron van alle kennis. Deur Christus en die werking van die Heilige Gees is God die mens se ware leermeester of opvoeder. In sy woord openbaar Hy noodsaaklike en fundamentele kennis waartoe die mens uit sy eie nie kan kom nie en waarsonder sy eie wete nie op 'n vaste fondament sou staan nie. Hierdie wysheid is nie 'n toevoeging tot menslike kennis nie, maar is vir die mens die basis waarop hy moet voortbou (Pistorius, 1978:241).

Hierdie basis is nog nie teenwoordig by die half-verwesterste Tswana in die Potchefstroom-omgewing nie (vgl. 2.2.5). Vir hom/haar gaan dit oor kennis wat hy moet bekom om homself verder te bekwaam. Die belangrikste plek waar sodanige kennis verkry kan word, is in die Westerse tipe skool. Die meeste respondente voel dan dat dit belangrik is dat hul kinders die skoolvakke moet kan bemeester om 'n plek in die samelewing te kan bekom. Dit is nie in die

ondersoek afgelei dat die Woord 'n belangrike rol in kennisverkryging speel nie. Die meeste respondente dra kennis van die feit dat hul kinders Bybelonderrig op skool het, maar dit is sover hul kennis hiervan strek.

### 4.2.6 Doelleer

Die mens is vir die gelowige bo alles 'n religieuse wese wat die grond van sy bestaan alleen vind in die feit dat God die Skepper van hemel en ook van die mens self is. Die vernaamste uiteindelike doel van die menslike lewe is dan om God te ken wat die mens geskape het, sodat die mens Hom kan verheerlik (Van der Walt & Dekker, 1982-83:218).

Vir die half-verwesterste Tswana gaan dit in die algemeen soos dit tradisioneel die geval was, oor 'n goeie lewe op aarde, en om in vrede met jou naaste te lewe. Finansiële gemoedsrus word egter by sommige van die doelstellings gevoeg.

## 4.3 OPVOEDINGSFILOSOFIE

### 4.3.1 Doel van opvoeding

Vir die Christen is die oorkoepelende doel van die ganse bemoeienis van die opvoeder met die opvoedeling om hom, deur alles wat hy doen, al sy vakke, al sy aktiwiteite, na God te lei (Schoeman, 1979:100). Hy vervolg (vgl. ook Van der Walt & Dekker, 1982-83:218) dat dit die doel van elke Christenopvoeder behoort te wees om die kind op te voed in die vrese van die Here.

Die opvoedingsdoelstelling van die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-ondersoek is ingestel op sy kind se toekomstige lewe as volwassene waarvan 'n kind van die Here een van die fasette van die opvoedingsdoelstelling is.

Vir die half-verwesterste Tswana-ouer (3.2.2) word 'n goeie beroep, finansiële gemoedsrus net so belangrik geag as dat die kind 'n kind van die Here moet wees. Vir die meeste van hulle is dit eintlik nie 'n duidelike begrip nie, aangesien om kerk toe te gaan amper genoeg is om te voldoen aan die eis van Christenskap (3.2.2).

Vir die half-verwesterste Tswana-ouer is om Christen te wees net een van die

fasette van die opvoedingsdoelstellings ten opsigte van sy kind, dit is nie 'n algehele uiteindelike doel nie.

### 4.3.2 Inhoud

Volgens Van der Stoep (1972:133) is inhoude vir die Christen normatief bepaald ooreenkomstig God se Skrif-openbaring, sodat laasgenoemde die eerste, aanvaarde kennisbron oor sowel die oorsprong as die sin van die werklikheid is. Gunter (1970:30) meen dat kennis geen "immanente" selfgenoegsame principia het nie, maar in sy feitelikheid en in sy inhoud, onties en ontologies aangewese is op Gods Woord.

Vir die half-verwesterste Tswana is opvoedingsinhoude wat sy kind in staat stel om sy plek in 'n Westerse samelewing vol te staan belangrik (vgl. 3.4.2). Leerinhoude moet nou sodanig wees dat dit sal aanpas by die nuwe rol wat die swartman in die land se politiek, ekonomie, kerk ensovoorts moet speel. Dit word nou belangriker om die skool se kurrikulum te volg as om te leer jag en om beeste op te pas.

Sodanige kennis is nie noodwendig tot en in diens van God soos wat dit vir die Christenopvoeder behoort te wees nie. Die Bybel word nie gesien as die enigste ware kennisbron nie; slegs een respondent het genoem dat daar belangrike lesse vir jou kinders in die Bybel kan voorkom.

### 4.3.3 Metode

Van der Walt en Dekker (1982-83:242) is van oordeel dat 'n metode 'n verantwoordelike en beplande wyse van handeling, gerig op 'n bepaalde doel, is. Omdat die beginpunt sowel as die doel van opvoeding religieus bepaald is, kan metodes nooit neutraal wees nie. Die opvoeder op wie se hart die Christelike religie beslag gelê het, het 'n besondere siening van die opvoeding (beginpunt) en 'n besondere doel wat eie is aan die Christelik-religieuse ingesteldheid. By die Christelike opvoeder sal daar dus sprake wees van 'n Christelike metode.

Vir die half-verwesterste Tswana (vgl. 3.5.2) verskuif die klem van informele opvoeding na formele opvoeding soos dit in die skool plaasvind, hoewel daar egter nog informele opvoeding tuis plaasvind. Daar is egter by die half-

verwesterste ouer elemente van die tradisionele en Christelike geloof en daardeur is sy metodes nog nie gekoppel aan 'n opvoedingsdoelstelling wat deursuur is met 'n Christelike gees nie.

### 4.3.4 Opvoedeling

Die Christen sien die mens as 'n unieke wese (Van der Walt & Dekker, 1982-83:221). Van der Walt en Dekker sê verder (1982-83:222) dat die opvoedeling op die drumpel van die lewe is, as die "nie-volwassene", onontslotene en onmondige. Hy het die taak en roeping van Godsweë om as "volwassene", ontslotene en mondige sy roeping te vervul deur God en sy naaste lief te hê en die kosmos te ontgin tot eer van God en tot beswil van die mens in diens van God.

Die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing sien ook die kind geleidelik as 'n individu met individuele moontlikhede. Sommige van hulle sien ook die kind as die persoon wat vir hul ouers op dié se oudag moet sorg, m.a.w. hulle is waardevol in die sin dat hul as sekuriteit vir hulle ouers dien.

In die algemeen is die kind vir die half-verwesterste Tswana-ouer belangrik en spreek sommige die hoop uit dat hul kinders kinders van die Here sal wees.

### 4.3.5 Opvoeder

Van der Walt en Dekker (1982-83:224) wys daarop dat die kind in die Christelike huisgesin 'n verbondskind is. Derhalwe moet die ouer die doopgelofte aflê, waarin hy hom verplig om die kind in die leer van die Heilige Skrif na sy vermoë te onderrig of te laat onderrig. Die ouer bly dus in die laaste instansie steeds hiervoor aanspreeklik voor God. Volgens Schoeman (1979:111) is die ouer in die eerste plek aanspreeklik vir die omhoogleiding van die kind en mag hy nooit die verantwoordelikheid afsweer of aan die skool oordra nie. In die laaste instansie is God self die ware opvoeder vir die Christen. (Pistorius, 1978:261).

Vir die Christen-prostestantse opvoeder is die kinders tydelik aan hulle toevertrou onder Goddelike opdrag. Beide ouers en onderwysers staan onder die doopgelofte.

Die Christelike opvoeder weet dat die kind 'n kind van God is en hy help dan ook om die kind daardie bestemming te laat bereik. Dit beteken dat hy en die kind deelneem aan die opvoedingsgebeure tot eer van God. Hy moet die kind deur die opvoedingsgebeure help met sy betekening, inspanning, genormeerdheid, waagmoed, dankbaarheid, aanspreeklikheid, hoop, ontwerp, agting, selfbegryping, en vryheid in ooreenstemming met God se gebod (Landman, 1972:54-56).

Die Christenopvoeder sien raak dat die kind reg het om anders te wees as ander kinders en ook sien hy raak waarin die andersheid van elke kind geleë is. Hy weet deur begrypende ontmoeting met steeds toenemende duidelikheid hoe ver elke kind gevorder het op die weg na sy bestemming as volwassene (Landman, 1972:76).

Die Christenopvoeder het hoë agting vir die waardigheid van die kind; hy is verbondskind, as medewerker opgeneem in God se genadeverbond met die mens (Pistorius, 1978:409).

In die ondersoek is gevind dat nie al die ouers die doopgelofte afgelê het nie (2.2.1.2) en dus geen wesenlike verpligting voel om die kind in die vrese van die Here te onderrig of te laat onderrig nie.

Die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing beskou homself as die primêre opvoeder van sy kind. Hoewel die kind in die sorg van onderwysers ook verkeer, kan hy nie die opvoeding van sy kinders aan die onderwyser alleen oorlaat nie. Wat egter wel plaasvind, is dat die skoolgeleerdheid van die kind veroorsaak dat respek teenoor sy ouers as opvoeder skipbreuk begin ly (3.7.3.4).

Ouers beskou hulleself as verantwoorelik vir hul kinders se optrede omdat 'n kind nie lelik kan wees as hy dit nie by sy ouer gesien het nie (3.6.2).

### 4.3.6 Gesag

Vir die Calvinis is opvoeding as omhoogleiding nie moontlik sonder gesag nie. Sy gesagsopvatting fundeer hy as't ware in die Skepper self; God is die enigste, absolute en ware Gesag, en die ganse skepping staan onder sy Wet (Schoeman, 1975b:195).

Vir Pistorius (1978:254-255) bly gesag egter altyd in wese God se gesag en mag

dit dus nooit willekeurige dwang word nie. Die ouer eis dus van die kind nie gehoorsaamheid aan homself nie, maar aan die gesag voor wie hy self ook moet buig.

Die Christenopvoeder weet dat die opvoedingsgesag waaroor hy beskik, verleende gesag is (Landman, 1972:74). Vir die Christenopvoeder is daar geen gesag wat nie van God afkomstig is nie en daarom moet alle gesag in sy diens gebruik word. Die kind behoort aan God en is te kosbaar om aan homself oorgelaat te word.

Die mens het nie uit homself enige gesag nie, maar dis afgelei van God - dus Goddelike gesag (Van der Walt, 1990:52). Die korrekte visie is dat elke mens kragtens sy beroep deur 'n mandaat van God gesag kan besit.

Die half-verwesterste Tswana-ouer in die Potchefstroom-omgewing bevind hom in 'n situasie waar nuwe geleenthede gepaard gaan met 'n nuwe soort bevryding (vgl. 3.9.2). Gesinsgesag oftewel ouergesag word aan geweldige eise onderwerp.

Die afleiding is egter gemaak dat ouers poog om dissipline regverdig toe te pas. Strafmaatreëls word dan ook toegepas sodat die kind moet weet dat onaanvaarbare gedrag nie geduld sal word nie. Beloning vir goeie gedrag kom egter ook voor.

## 4.4 SAMEVATTING

Wat die Christen betref, is daar net een ware God en dit is die ewige drie-enige God van die Bybel.

Aangesien die Tswana-ouer wat in die Potchefstroom-ondersoek gevind is in 'n toestand van half-verwestering te verkeer, is dit moeilik om 'n oordeel uit te spreek oor hulle beskouinge in die algemeen. Daar is diegene wat die Bybel neem en daaruit vir hule kinders probeer onderrig en dan is daar diegene wat nie eens een besit nie.

Van die half-verwesterste Tswana-ouers gebruik die Bybel om hul kinders daarvolgens te onderrig en dan is daar diegene wat, hoewel hul 'n Bybel besit, blykbaar nie 'n behoefte het om daaruit te lees nie. Hul wil almal hê dat hul kinders kinders van die Here moet wees maar dit is nie die belangrikste opvoedingsdoelstelling wat hul in gedagte het nie. Kinders moet in staat wees

om finansieel vir hulself te sorg en moet 'n beroep kan beoefen. Dit wat geleer moet word, word bepaal deur watter beroep sodanige kind beoefen en dit wat in die Bybel staan is nodig om te weet maar is nie noodwendig die vertrekpunt vir wat die kind behoort te weet nie. In die algemeen is die ouers toegewyd aan die opvoeding van hul kinders, al word die taak soms aan mede-familielede oorgelaat; hulle beskou hulself as blywend verantwoordelik vir die opvoeding van hul kinders; gesag sowel as beloning word as deel van die opvoeding beskou hoewel dit nie altyd noodwendig tot eer van God gedoen word nie.

In die volgende hoofstuk word hierdie navorsingsverslag (verhandeling) afgerond met die verskaffing van die bevindings wat uit die ondersoek vloei, enkele gevolgtrekkings en 'n paar aanbevelings.

# 5. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Na aanleiding van die ondersoek wat in die Potchefstroom-omgewing uitgevoer is, kan sekere bevindings gestel, en gevolgtrekkings gemaak word.

## 5.2 BEVINDINGS

As gevolg van kontak met die Westerse kultuur en Christendom, is die Tswana in die Potchefstroom-omgewing wat in die ondersoek betrek is, in een of ander stadium van verwestering (1.2).

### 5.2.1 Die voor-teoretiese en teoretiese grondslae.

#### 5.2.1.1 Godbeskouing

Wat hul Godbeskouing betref, kom hulle, soos Van der Walt en Postma (1987:109) dit stel, onder die besef van 'n ware God wat Hom in die Skrifgeworde Woord aan die mens geopenbaar het. Almal behoort aan die een of ander kerk (2.2.1.2).

Daar is egter diegene wat slegs 'n lidmaat is en verder nie veel belang by die kerk het nie, en dan is daar diegene wat hulle ten volle uitleef deur selfs op die kerkraad te dien. Sommige doen moeite om hul kinders die Sondagskool te laat bywoon en dan is daar byvoorbeeld diegene wie se kinders maar enige kerk se kategese kan bywoon. Met uitsondering van twee is almal se kinders in die kerk gedoop (2.2.1.2).

Die gebruik van die Bybel varieer vanaf diegene wat 'n Bybel besit en nie daaruit lees nie tot dié wat hul kinders uit die Bybel probeer onderrig. Sommige ouers wat nie kan lees nie, laat hulle kinders daaruit lees, ander sê net "ons kan nie lees nie". (2.2.1.2).

Die begrip "Christen" is vir sommige 'n moeilike begrip om te beskryf, ander kan weer sê dat die Christen "'n goeie mens is" (2.2.1.2). Hier kan aangesluit word by Van der Walt (1990:19) wat sê dat die Christendom in Afrika hom laat dink aan 'n breë maar ook baie vlak rivier; die aantal gelowiges vermeerder vinnig, maar die diepte ontbreek in hulle geloofslewe.

Wat betref die siening van God wissel die meeste respondente se standpunt van liefde tot vrees as gevolg van die feit dat hulle nie weet hoe Hy lyk of wat Hy kan doen nie. Tog is daar diegene (egter baie weinig) wat kennis geneem het van die Bybelse/Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus in gemeenskap met die Heilige Gees (2.2.1.2).

Voorouerverering word nog deur sommige van die respondente beoefen, maar daar is ook respondente wat sê dat 'n mens nie vir 'n dooie mens iets kan vra nie (2.2.1.2).

Magie word steeds beoefen in geval van siekte waar die hulp van 'n toordokter ingeroep word naas die hulp van die Westerse medici (2.2.1.2).

5.2.1.2 Werklikheidsbeskouing

Die Here word deur die respondente in die Potchefstroom-omgewing beskou as die Skepper van die aarde en die aardse dinge (2.2.2.2).

Volgens Van der Walt en Postma (1987:110), en soos ook aangetref in die Potchefstroom-omgewing, begin die swartman deur aanraking met die Westerse kultuur gaandeweg afsien van sy geneigdheid tot animisme, 'n piramidale kosmologie, die gedagte van beperkte kosmiese goed, ensovoorts. Om 'n huis te besit is vir die meeste van die respondente, wat nie reeds een het nie, 'n belangrike doelstelling. Slegs een stel nie belang om haar eie woning te hê nie. Ook kan almal opnoem watter meubels hulle in hul huise het en wat hulle nog graag sou wou hê. Sommige beoog ook aanbouings aan hulle huise (2.2.2.2).

Volgens sommige kan die werklikheid 'n verandering ondergaan; oor die vraag: deur wie, is daar verskeidenheid van opinie. Daar is egter ook diegene wat geen verandering in die vooruitsig sien nie (2.2.2.2).

Geld speel 'n belangrike rol. By al die respondente is gevind dat dit 'n groot faktor in hulle alledaagse lewe is. As gevolg van nuwe lewenstandaarde wat deur die Westerling daargestel word, is dit vir die meeste van hulle 'n worsteling om in alle behoeftes te voorsien (2.2.2.2).

'n Mens vind dat hulle nou soos die Westerling besittings versamel vir eie gebruik. Die enkeling kan dus nou ryk word. Armoede is, soos Van der Walt

(1990:35) dit stel, wanneer jy nie 'n mooi huis, meubels, motor, groot salaris het nie (2.2.2.2).

Die tradisionele sosiale lewe is noodwendig hierdeur aangetas. Ander mense kan nie nou sonder meer gehuisves word of kos gegee word nie. Tog is daar een respondent wat sê dat die Here in die vorm van so 'n kuiergas aan jou kan verskyn, dus kan jy so 'n persoon nie jou huis of kos weier nie. Die teenoorgestelde hiervan is 'n respondent wat voel dat kos vir diegene is wat dit kan bekostig. Die swartman bevind homself in die situasie dat hoewel hy graag mededeelsaam wil wees, dit nie altyd moontlik is nie (2.2.2.2).

Al die respondente is onder die besef van die Westerse manier van tydsberekening. Tyd is nou geld. "This new economy introduces the concept of time as a commodity to be sold and bought; it involves also earning and spending money with all the dangers, temptations, difficulties and risks that go with it." (Mbiti, 1969:220). Almal werk en leef volgens tyd. Die skool, 'n werksdag, die huurmotor, bus, ensovoorts is almal horlosie-georiënteerd (2.2.2.2).

Waar die tradisionele swartman nie baie bekommerd was oor die dag van môre nie, is toekomsbeplanning deel van die Tswana in die Potchefstroom-omgewing se leefwyse. Kos, geld word gebêre, want jy weet nie of jy dit dalk môre gaan nodig kry nie (2.2.2.2).

Daar is gevind dat hoe verder 'n persoon op die pad van verwestering verkeer, hoe meer raak hy Westers-georiënteerd ten opsigte van die tyd, ekonomie en besittings (2.2.2.2).

5.2.1.3 Mensbeskouing

Die Christendom leer dat die mens 'n ewige bestemming as burger van die koninkryk van God het en dat hy nie slegs in die heugenis van die nog-lewendes voortleef na sy dood nie (Van der Walt & Postma, 1987:111). Waar die mens tradisioneel as 'n tweeheid gesien is, word hy vandag gesien as 'n eenheid (Van der Walt, 1990:33) (Vergelyk 2.2.3.2).

Almal is dit eens dat die mens uit 'n liggaam en siel bestaan. Oor wat met die siel gebeur ná die mens se dood is nie eenstemmigheid verkry nie; vir sommige

gaan die siel hemel toe en vir ander bly die siel op die aarde omdat die "vleis" deel is van die aarde (2.2.3.2).

Alle respondente wil graag dat hul mense in 'n begraafplaas begrawe word as hulle doodgaan (2.2.3.2).

Die meeste aanvaar dat God die mens geskape het en dat Hy vir 'n mens kinders gee. Tog is daar ook diegene wat nie weet waar 'n mens se kinders vandaan kom nie; daar is ook dié wat die man daarvoor verantwoordelik hou (2.2.3.2).

Die meeste van die respondente voel dat 'n mens verantwoordelik is vir jou dade en die gevolge daarvan. Voorspoed en sukses hang daarvan af of die Here jou wil help of nie. Vir sommige is die seën van die voorouers egter nie uitgesluit nie (2.2.3.2).

Die begrip "slegte mense" het meestal te doen met disrespek, moord, immoraliteit, ongehoorsaamheid, ensovoorts (2.2.3.2).

Wat sondevergifnis en straf betref, is almal nie seker, met uitsondering van een respondent, of God hierby betrokke is nie (2.2.3.2).

Siekte word in die Potchefstroom-ondersoek toegeskryf aan natuurlike oorsake hoewel daar tog nog diegene is vir wie siekte nie van religie skeibaar is nie (2.2.1.2). Daar is ook nog respondente wat hulle na magie wend wanneer dit lyk asof die gewone medici nie aan hulle behoeftes kan voldoen nie (2.2.1.2).

Sommige respondente in die Potchefstroom-omgewing voel nog dat hulle deel is van die familie waar hulle oorspronklik vandaan kom. Ander voel egter weer dat hulle deel is van Ikageng aangesien hulle nog hul lewe lank daar woonagtig is (2.2.3.2).

Die Westerse tipe skool word nou verantwoordelik gehou vir die ontwikkeling van die mens (2.2.3.2).

Wat hul sosiale lewe betref, voel die respondente in die Potchefstroom-omgewing dat hul graag dinge met ander mense belewe. Hulle kuier graag ná kerk, kom in die shebeens bymekaar, ensovoorts. Tog is daar diegene wat sê dat hulle nie tyd het vir kuier nie aangesien hulle gedurende die week werk en naweke hulle huise in orde moet kry. Een voel dat sy nie behoefte aan ander

mense het nie en twee het genoem dat hulle eintlik spesiale vriende het by wie hul graag hul vrye tyd deurbring (2.2.3.2).

5.2.1.4 <u>Samelewingsbeskouing</u>

Soos in 2.2.4.2.1 aangetoon is, is die tradisionele stam- en familie-opset van die swartman aan die uitsterf en begin hulle in toenemende getalle na die stedelike gebiede stroom. Die tradisionele lewenswyse moet nou plek maak vir nuwe situasies waarin die swartman hom nou bevind.

In die Potchefstroom-ondersoek is daar geen tekens van die tradisionele uitgebreide familie nie. Die respondente is almal deel van 'n "gesin", hoewel al die lede nie noodwendig onder een dak woon nie. In 'n paar gevalle is die ma en pa getroud, in ander gevalle nie. Soms woon die hele gesin saam en in ander gevalle is hulle versprei tussen familielede. Daar is ook voorbeelde waar ander familielede by so 'n "gesin" inwoon, soms tot veertien lede in een huis (2.2.4.2.1).

In die Potchefstroom-ondersoek is voorbeelde gevind van respondente wat sê dat hul familie nog steeds daar is wanneer hulle hulp nodig het. Daar is egter ook diegene wat sê dat elkeen nou sy eie lewe het om te lei (2.2.4.2.1).

Gereelde besoeke aan familie is as gevolg van afstande, geld en werksomstandighede nie so dikwels moontlik as wat tradisioneel die geval was nie (2.2.4.2.1).

Vir sommige respondente het die gewoonte dat kinders vir hul ouers moet voorsiening maak op laasgenoemde se oudag, nie uitgesterf nie. Daar is egter diegene wat voel dat 'n mens self vir jou oudag moet voorsiening maak (2.2.4.2.1).

Daar is in die Potchefstroom-ondersoek bevestiging gekry vir Murray (1980a:112) se bevinding, naamlik dat daar aanduidings is van beide "conservation and of change". Wat behuising betref, is daar diegene wat voel dat die tradisionele nie verwerp kan word nie terwyl daar weer respondente is wat niks daarmee te doen wil hê nie (2.2.4.2.2).

Ekonomiese toestande veroorsaak dat daar in een huis nie noodwendig net 'n gesin saamgegroepeer is nie. Die sedelike lewe ly geweldig onder die feit dat

geslag en ouderdom nie 'n oorweging is by waar wie moet slaap nie (2.2.4.2.2).

Tradisionele eetgewoontes maak nou plek vir maaltye wat aan 'n tafel met mes en vurk genuttig word. Dit is egter nie die geval met al die respondente nie. Daar is diegene wat slegs op 'n stoel sit en eet, of met die hand, maar in die meeste gevalle met lepels. Dit is ook nie altyd 'n geleentheid waarby die hele gesin betrokke is nie; soms vind ouers dit moeilik om al die gesinslede bymekaar te kry en daar is ook gevalle waar dit nie eintlik saak maak nie (2.2.4.2.3).

Hoofsaaklik word drie maaltye per dag genuttig. In die algemeen is die stapelvoedsel pap en brood. Ander kossoorte soos groente, vleis, word gekoop, afhangende van die broodwinners se inkomste. Sommige spreek die wens uit dat hulle graag ander voedselsoorte soos vrugte ensomeer sou wou koop aangesien hulle dink dit is gesonder (2.2.4.2.3).

Huwelikskontrakte word al hoe meer individuele aangeleenthede en die twee betrokke persone word nou belangriker, eerder as die "concern of families and communities as in tribal solidarity" (Mbiti, 1969:225). Ook is daar nou gemengde huwelike in die sin dat die meeste van die respondente nie omgee of hulle kinders wel met Tswanas trou of nie (2.2.4.2.4).

Wettige ekskeiding is nie gevind nie, wel gevalle waar die man eenvoudig net geloop het en alle verpligtinge aan die vrou oorgelaat het (2.2.4.2.5).

Lobola is vir sommige 'n gewoonte wat nooit sal uitsterf nie; ander beskou dit as iets wat deel is van hulle lewe (2.2.4.2.6).

Werksdifferensiasie bring mee dat die tradisionele plig van die man en vrou nie noodwendig meer vandag onderskei word nie. Waar die vrou tradisioneel kos voorberei het, word dit vandag gedoen deur diegene wat by die huis is, ongeag die geslag (2.2.4.2.7).

Wat gesag betref, word die man soos tradisioneel die geval was, nog steeds as die hoof van die huis beskou. Sommige van die respondente voel egter dat die vrou ook 'n plek het en dat hy ook na haar moet luister. Sy mag hom ook aanspreek as sy dink dat sy optrede nie geregverdig is nie (2.2.4.2.8).

5.2.1.5 Kennisleer

Dit is vir al die respondente belangrik om skoolgeleerdheid te bekom. Sommige probeer om aandskole by te woon om hul verder te bekwaam (2.2.5.2).

5.2.1.6 Doelleer

Om 'n goeie lewe te hê, finansieel nie te sukkel nie en in vrede met jou naaste te lewe is die mees algemene doelstelling wat gevind is (2.2.6.2).

5.2.2 Opvoedingsfilosofie

5.2.2.1 Wese en doel

Wat betref die wese van die half-verwesterste Tswana se opvoedingsfilosofie kan by Van der Vliet (1974:211) aangesluit word. Die algemene aard van opvoeding is dié van sosialisering - die kind moet geleer word om die samelewing waarin hy grootword, te aanvaar en te waardeer. Die verskillende doelstellings, metodes ensovoorts sal egter wissel afhangende van die behoeftes van so 'n gemeenskap. Sosialisering in 'n heterogene, tegnologies-ingewikkelde gemeenskap sal dus sekerlik verskil van 'n meer statiese en stabiele gemeenskap.

Die half-verwesterste swartman in die Potchefstroom-omgewing bevind hom nou in situasies wat totaal verskil van sy tradisionele lewensomstandighede. Om hierby aan te pas, moet hy dus self aanpassings maak (3.2.2).

Waar die doelstelling van die tradisionele swartman was om gehoorsaamheid, dissipline en algemene goeie gedrag by die kinders tuis te bring, verskuif die doelstelling nou meer na persoonlike prestasie (Van der Walt, 1990:35). Kompetisie veroorsaak dat dit nou belangriker word om te presteer en sukses te behaal. Vir die ouer in die Potchefstroom-omgewing word dit dus nou belangrik dat sy kind se individuele moontlikhede ontwikkel. Sommige wil hê dat hul kinders, indien moontlik, moet matriek maak, ander stel universiteitsopleiding in die vooruitsig. Dan is daar diegene wat net praat van "mooi leer" (3.2.2).

Die afleiding kan hier gemaak word dat hulle nie juis kennis dra van boekgeleerdheid nie. Van die respondente stel ook beroepe soos dié van predikant, onderwyser, prokureur in die vooruitsig. Dan is daar ook die een wat wil hê

haar kind moet 'n verpleegster word (3.3.2).

Finansiële vergoeding is vir die meeste van die respondente belangrik, al is dit net sodat hulle eendag by hul kinders kan geld leen. Tog verlang hulle dit sodat hulle kinders nie moet sukkel nie (3.3.2).

Verder sou hul graag wil hê dat hul kinders mooi kinders moet wees en respek teenoor ander mense moet betoon; ook noem sommige dat hul graag sou wou hê dat hul kinders kinders van die Here moet wees (3.3.2).

Ouers in die ondersoek voel ook trots as hulle kinders deur hul optrede respek by ander mense afdwing (3.3.2).

5.2.2.2 Inhoud

In die tradisionele swartopvoeding bestaan daar geen vaste en uitgewerkte opvoedingsinhoude nie. In die nie-gespesialiseerde gemeenskap of kultuur soos dié van tradisionele swartman is die opvoedingsinhoude direk relevant aan die rolle wat die kinders as volwassenes moet vervul (Van der Walt & Postma, 1987:102).

Ouers in die Potchefstroom-ondersoek besef dat kennis en vaardighede wat tradisioneel nodig was vir 'n eenvoudige leefwyse in die huidige tydsgewrig nie meer voldoende is nie. Die inwin van kennis wat 'n persoon in staat sal stel om 'n verbetering in sy leefwyse - gemeet aan Westerse standaarde - te bewerkstellig, word nou 'n essensiële vereiste (3.4.2).

5.2.2.3 Metode

Informele opvoeding vind in die Potchefstroom-ondersoek nog steeds plaas. Nuwe beroepe in 'n Westerse samelewing het egter tot gevolg dat formele opvoeding soos die Westerse tipe skool bied, nou belangriker word om die kind voor te berei vir sy rol as volwassene. Daarom dring die meeste van die respondente op skoolopleiding aan (3.5.2).

Dogters in die Potchefstroom-ondersoek leer nog steeds huishoudelike take aan deur die moeder dop te hou en na te boots (3.5.2).

Geslagsnabootsing vind moeilik plaas omdat daar, in die seun se geval, selde 'n

vader tuis is wat nagevolg kan word. Wat wel gebeur, is dat seuns nou hul deel bydra tot huishoudelike take (3.5.2).

Wat tydverdryf betref, speel die radio en veral die televisie 'n groot rol (3.5.2).

Tradisioneel leer die kind sonder om doelbewus onderrig te word. Metode berus op aktiewe deelname eerder as op die beginsel dat die kind moet opneem wat aan hom oorgedra word. "Most education might better be called training, given in rather random fashion, quite incidental to other survival activities and the regular duties of family and tribe." (Wilds & Lottich, 1970:17). Die Westerse samelewing word daarteenoor gekenmerk deur langer tydperke wat 'n kind in opvoedingsinrigtings deurbring. Die klem van onderrig verskuif nou vanaf byvoorbeeld nabootsing na mondelinge onderrig vir die ontwikkeling van vaardighede (3.5.2).

Die formele skool met sy gepaardgaande metodes vervang geleidelik die informele opvoeding wat tuis plaasvind (3.5.2).

Daar is in die ondersoek gevind dat in sommige huishoudings die gesin byvoorbeeld ná aandete bymekaar kom, of anders vind daar individuele gesprekvoering plaas waar ouers hul kinders uitvra aangaande hul skoolbedrywighede. Ouers druk en soen oor die algemeen graag hul kinders (3.5.2).

5.2.2.4 Opvoedeling

Waar die tradisionele swartman se rykdom gemeet word aan die grootte van sy kraal, is daar in die Potchefstroom-ondersoek die teendeel gevind. Die half-verwesterste Tswana in die ondersoek is huiwerig om groot gesinne te hê as gevolg van die finansiële implikasies daarvan. Daar is egter uitsonderinge soos die moeder wat genoeg kinders wil hê sodat daar vir haar en vir die Here kinders is (3.6.2).

Kinders word nie noodwendig gekry sodat hulle hul ouers kan versorg wanneer dié oud is nie. Daar is diegene wat nog hierdie mening huldig, maar daar is ook respondente wat voel dat hulle nie hulle verantwoordelikheid op die kinders moet afskuif nie (3.6.2).

Ouers aanvaar verantwoordelikheid vir hul kinders; sommige voel dat "jy nooit

klaar is met jou kind nie". Kinders word soms weggestuur sodat hulle van 'n skoolopleiding verseker kan wees (3.6.2).

In die meeste gevalle word swak optrede aan die ouer se voorbeeld toegeskryf. Hoewel die skool toenemend die onderrigtaak oorneem, beskou die ouers nie die skool as alleen-verantwoordelik vir hul kinders se opvoeding nie (3.6.2).

5.2.2.5 Opvoeders

Wat die opvoeders betref, kan aangesluit word by Mbiti (1969:225): "The education of children is increasingly being passed on from parents and the community to teachers and schools..." In die tradisionele stamlewe werk almal mee om 'n ideale lid van die samelewing daar te stel terwyl in die Westerse samelewing, soos ook in die Potchefstroom-ondersoek gevind is, hierdie onderrig oorgelaat word aan diegene wat spesifiek daarvoor opgelei is (3.7.3.1).

Die posisie van die vrou verskil ten opsigte van haar tradisionele voorganger in die sin dat sy nou ook ekonomies aktief word. Hierdeur neem haar selfvertroue en verantwoordelikheid toe en is sy minder gretig om haar aan die gesag van haar man te onderwerp (3.7.3.2).

Ook is gevind dat daar by sommige van die respondente 'n begeerte is om hulself wat geleerheid betref, verder te bekwaam en daarom is dit ook dan by hulle 'n behoefte dat hul dogters dieselfde paadjie volg. Daar is egter ook een respondent wat voel dat geleerdheid nie nodig is vir die vrou nie (3.7.3.2).

Die meeste van die vroulike respondente behartig die finansies of is hul mans behulpsaam daarmee, aangesien hulle almal ook geld huis toe bring aan die einde van die maand (3.7.3.2).

Die vader in die Potchefstroom-ondersoek is in die algemeen nie baie betrokke by die opvoeding van sy kinders nie. Daar is egter twee wat op die hoogte van hul kinders se doen en late is en ook hulle bedrywighede kontroleer. Die vader wat weg werk van sy huis is bekommerd oor sy kinders en verlang na hulle (3.7.3.3).

Wat die ouer-kindverhouding betref, is daar huishoudings waar die ouers minderwaardig voel teenoor hulle kinders aangesien laasgenoemde meer geletterd is as hulle (3.7.3.4).

5.2.2.6 Skool

Aangesien die inisiasieskool aan die uitsterf is en vir die meeste respondente 'n vae begrip is, word die Westerse tipe skool nou belangrik (3.8.2).

Ouers is nie baie betrokke by hul kinders in die skole nie aangesien hulle nie verstaan wat hul kinders doen nie. Daar is egter verskeie wat moeite doen om byvoorbeeld 'n ouerdag of -aand by te woon (3.8.2).

Almal verkies wit sowel as swart onderwysers omdat hulle kinders moet leer om onder andere Afrikaans te praat en hulle by die blanke moet leer aanpas (3.8.2).

Hulle sou nie graag wou hê dat hul kinders van die tradisionele lewenswyse moet vergeet nie, 'n mens moet darem weet waar jy vandaan kom (3.8.2).

Sportaktiwiteite geniet hoë prioriteit hoewel almal nie dieselfde redes daarvoor het nie. Sommige voel dat hul kinders hierdeur uit die kwaad gehou word en ander besef dat 'n kind liggaamlik ook moet ontwikkel (3.8.2).

Finansieel is dit vir die meeste van die ouers 'n probleem om hul kinders op die skoolbanke te hou. Sommige van hulle sê dat die skoolgeld nie te veel is nie, dit is net dat hulle dit nie kan bekostig nie (3.8.2).

Daar is ook fisiese beperkinge ten opsigte van die skool gevind. Ouers vind dit byvoorbeeld onbevredigend dat hulle nie hul kinders by 'n skool kan kry nie, en daarom moet hulle by familielede inwoon waar die skool makliker bereikbaar is. Hierdeur kom daar verwydering tussen ouer en kind. Ook bring die kind glimpse van 'n Westerse wêreld in inhoude huis toe wat vir die ouer soms onverstaanbaar is en gevolglik raak die verwydering groter (3.8.2).

5.2.2.7 Gesag

Wat gesag betref (3.9.2), is ouers dit nog eens dat ouer mense respek moet afdwing van die jongeres.

Die meeste van die vroulike respondente gee hul kinders lyfstraf terwyl die pa's wat ondervra is dit ook aan die vrou oorlaat. Die afleiding is gemaak dat die moeder hoofsaaklik die een is wat straf uitdeel. Verder is strawwe soos

"nie televisie kyk" nie uitgesluit nie (3.9.2). Ouer broers en susters mag raas maar nie lyfstraf toedien nie (3.9.2).

Wat gesag betref, kan by Mbiti (1969:225) aangesluit word wanneer hy sê dat die gesag en respek wat ouers tradisioneel geniet tans as't ware uitgedaag word deur 'n jonger generasie. Die verbrokkeling van onder andere die tradisionele stamlewe, die uitsterf van die uitgebreide familie, is almal faktore wat lei tot die uitsterf van die tradisionele siening van gesag.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Die logiese afleiding uit voorgaande bevindings sou wees dat hoe meer 'n persoon op sy pad na verwestering is, hoe meer verwesters sal sy siening aangaande God, mens, werklikheid, kennis en samelewing wees. In die ondersoek is egter gevind dat daar wel respondente is wat volgens hulle uiterlike as 'n Westerling geklassifiseer sou kon word, maar terselfdertyd is hulle siening ten opsigte van byvoorbeeld voorouerverering en lobola gelykstaande aan dié van die tradisionele Tswana. Na aanleiding van die ondersoek kan tot die slotsom gekom word dat die respondente in die Potchefstroom-ondersoek almal in een of ander stadium van verwestering verkeer. Sommige is verder gevorder as die ander in sekere opsigte, maar selfs by die mees nie-verwesterste ("tradisionele") persoon is kenmerkende Westerse sienings gevind.

Wat die opvoedingsfilosofie betref, kan daar nie tot 'n definitiewe gevolgtrekking gekom word nie. Ouers voel in die algemeen dat skoolgaan belangrik is; die graad van belangrikheid wat daaraan geheg word, verskil egter. Vir sommige is dit 'n moet, vir ander (die minder verwesterste ouer) is dit minder belangrik. Hoe meer verwesters die ouer, hoe belangriker word naskoolse opleiding vir hom en hoe meer besef hy ook die waarde daarvan vir 'n moontlike beroep. Die grootste persentasie ouers spreek die hoop uit dat hul kinders hulself verder sal bekwaam as wat hul ouers is, sodat dit met hul beter sal gaan.

In die ondersoek is gevind dat al die respondente besef dat hulle in 'n ander wêreld as die tradisionele lewe en dat hul kinders noodwendig aan ander vereistes moet voldoen om te kan oorleef. Daarom is die Westerse tipe skool vir hulle die antwoord op hulle kinders se toekoms - en die formele opvoeding van die skool alleen is dus voldoende.

Hoewel die meeste besef dat die kinders in die hande van onderwysers oorgelaat is, beskou die ouers egter nie die onderwyser as plaasvervanger vir hulleself nie. Die meeste respondente is egter in die situasie dat hulle almal buitenshuis werk, en die tye wat hul met hul kinders kan deurbring, is baie beperk. Daar is ouers wat as't ware kontak met hul kinders verloor het as gevolg van die verskillende wêrelde waarin hulle leef en hierdeur word ook die gesagsposisie van die ouer benadeel. Tog wil ouers graag dat hul kinders gehoorsame en mooi kinders moet wees en besef dat strafmaatreëls deel van die opvoedingstaak is om aan die opvoedingsdoelstellinge te kan voldoen.

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Aanbevelings oor die opvoeding deur die half-verwesterste Tswana-ouer

Aangesien die Westerse tipe skool so 'n belangrike rol begin speel in die opvoedingsfilosofie van die half-verwesterste ouer, sou dit miskien goed wees as ouers meer betrokke by die skole kon wees. Baie wend wel 'n poging hiertoe aan, maar aangesien die meeste minder geletterd as hul kinders is, voel hulle minderwaardig as hulle in die skoolomgewing betrokke raak.

Dit sou miskien help om aan ouers ook beroepsvoorligting te kon verskaf sodat hul miskien hul kinders kan motiveer. Geleerdheid is vir die ouers belangrik maar dis uit die ondersoek afgelei dat dit nie altyd vir die kinders hoë prioriteit geniet nie.

Behalwe twee ouers wat in 'n onderwyshoedanigheid aan 'n skool gekoppel is, is die ander (party in 'n mindere mate, ander meer) totaal oningelig omtrent dit wat by 'n skool gebeur. As die kinders niks by die huis kom oordra nie, is dit twyfelagtig of hulle sal weet wat hul kinders bedags by die skool doen. Dit sou miskien die ouers motiveer, byvoorbeeld ten opsigte van tuiswerk.

### 5.4.2 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing

Aangesien daar nog betreklik weinig navorsing gedoen is oor die opvoedingsfilosofieë van die verskillende groepe swartmense (naas die Tswana) word aanbeveel dat ondersoeke hieroor uitgevoer word.

## 5.5 SAMEVATTING

Na aanleiding van die ondersoek wat in hierdie verslag gerapporteer is, is dit moontlik om die gevolgtrekking te maak dat al die respondente in die Potchefstroom-ondersoek in 'n toestand van half-verwestering verkeer. Vir persone wat in 'n Westerse tipe huis leef, Westerse tipe klere dra en selfs 'n Westerse skoolopleiding geniet het, is fasette soos lobola, voorouerverering ensovoorts nie noodwendig iets van die verlede nie.

Wat sodanige mense se opvoedingsfilosofie betref, is daar 'n duidelike vermenging van tradisionele en Westerse opvoedingsidees. Hoewel die meeste nie graag van die tradisionele sou wou vergeet nie, is almal onder die besef dat skoolopleiding en dit wat die Westerse tipe skool vir hul kinders kan bied belangrik is vir die toekoms van hul kinders.

**BIBLIOGRAFIE**

ANON. 1984. Action needed. The Friend: 12, April 7.

ASHTON, E. 1937. Notes on the political and judicial organization of the Tswana. Cape Town : University of Cape Town.

BADENHORST, D.C. 1978. Vergelykende Opvoedkunde, B.Ed. Studiegids I (OVO 402). Pretoria : UNISA.

BOOTH, A.R. 1983. Swaziland: tradition and change in a South African Kingdom. Colorado : Westview Press.

BOOYENS, J.H. 1984. 'n Etnografie van geselekteerde aspekte van etnomedisyne onder Tswanasprekende stedelinge. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Phil.) - PU vir CHO.)

BROWN, J.T. 1969. Among the Bantu nomads. New York : Negro Universities.

BRUWER, J.P. 1963. Die Bantoe van Suid-Afrika. Hersiene uitgawe. Johannesburg : Afr. Pers-Boekhandel.

COMAROFF, J.L. & ROBERTS, S. 1981. Rules and processes: the cultural logic of dispute in an African context. Chicago : University of Chicago.

DE VILLIERS, A.J. 1947. Die Westerse kultuur en die Bakgatla. Stellenbosch. (Verhandeling (M. Ed.) - US.)

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L.de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A., 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban : Butterworths.

DOOYEWEERD, H. 1935. De wijsbegeerte der wetsidee. Boek 1. Amsterdam : H.J. Paris.

DUBB, A.A. 1974. The impact of the city. (In Hammond-Tooke, W., ed. The Bantu-speaking peoples of Southern Africa. London : Routledge & Kegan Paul. p. 441-472.)

DU PLESSIS, H. 1944. Bantoejeuglewe. Bloemfontein : Nasionale Pers. (Kennis vir almal, no. 26.)

DU PREEZ, A.B. 1928. Die etiese uitkyk van die Basoetoes. Stellenbosch. (Verhandeling (M.A.) - US.)

EISELEN, W. 1929. Stamskole in Suid- Afrika. Pretoria : Van Schaik.

EISELEN, W.M. & SCHAPERA I. 1956. Religious beliefs and practices. (In Schapera I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 247 - 270.)

ERASMUS, O.C.O. 1970. Godsdienstige begrip en uitlewing in 'n Tswana-gemeenskap. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Phil.) - PU vir CHO.)

FOX, D.J. 1969. The research process in education. New York : Holt, Rinehart and Winston.

GEBER, B.A. & NEWMAN, S.P. 1980. Soweto's children: the development of attitudes. London : Academic Press.

GUNTER, C.F.G. 1964. Opvoedingsfilosofieë. Stellenbosch : Universiteits-uitgewers.

GUNTER, C.F.G. 1970. 'n Christelik georiënteerde opvoedingsfilosofie. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers.

HAMMOND-TOOKE, W.D. 1974. World view I: A system of beliefs. (In Hammond-Tooke, W.D., ed. The Bantu-speaking peoples of Southern Africa. London : Routledge & Kegan Paul. p. 318 - 343.)

HAT
kyk
ODENDAL, F.F. red.

HELLMAN, E. 1956. The native in the towns. (In Schapera, I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 405 - 434.)

HOERNLé, A.W. 1956. Social organization. (In Schapera I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 67 - 94.)

HUTT, W.H. 1967. The economic position of the Bantu in South Africa. (In Schapera I., ed. Western civilization and the natives of South Africa. London : Routledge and Kegan Paul. p. 195 - 237.)

IDOWU, E.B. 1973. African traditional religion. London : SBM Press.

ILSON, R., ed. 1984. Reader's Digest great illustrated dictionary. Versailles, Kentucky, USA : Rand McNally.

IMMELMAN, J.L. 1982. Die gesindheid van die Tswana-matrikulant teenoor sy tradisionele kultuur. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

JONES, J.D.R. 1967. Social and economic condition of the urban native. (In Schapera I., ed. Western civilization and the natives of South Africa. London : Routledge & Kegan Paul. p. 159 - 192.)

JUNOD, H.A. 1913. The life of a South-African tribe. London : MacMillan.

KOOIJMAN, K.F.M. 1978. Social and economic change in a Tswana village. Leiden : Afrika-Studentesentrum.

KRIEL, A. 1984. Roots of African thought. Cape Town : Balkema.

KRIGE, E.J. 1956. Individual development. (In Schapera, I., ed. The Bantu speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 95 - 118.)

LANDMAN, W.A. 1972. Leesboek vir die Christen-opvoeder. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

LESTRADE, G.P. 1956a. Domestic and communal Life. (In Schapera, I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 119 - 130.)

LESTRADE, G.P. 1956b. Traditional literature. (In Schapera, I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 291 - 308.)

LUTHULI, P.C. 1981. The philosophical foundations of Black education in South Africa. Durban : Butterworths.

LYE, C. 1980a. Response to colonialism. (In Lye, C. & Murray, W.F., ed. Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho. Cape Town : David Philip. p. 74 - 87.)

LYE, C. 1980b. Transitions. (In Lye, C. & Murray, W.F., ed. Transformations on the Highveld : the Tswana and Southern Sotho. Cape Town : David Philip. p. 58 - 73.)

MALAO, I. 1983. Planning and educational system for Bophuthatswana. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

MARITZ, C.J. 1976. Enkele politieke gevolge en implikasies van die akkulturasieproses vir Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Reeks F3 nr. 4.)

MBITI, J.S. 1969. African religions and philosophy. London : Heinemann.

MöLLER, H.J. 1972a. Die Lewens- en wêreldbeskouing van die stedelike Bantoe met besondere verwysing na sy opvattinge betreffende kerk en offers. Pretoria. (Proefskrif (D.Phil.) - UP.)

MöLLER, H.J. 1972b. Stedelike Bantoe en die kerk Deel 1. Bantoe in die stad: metodes van navorsing en agtergrond. Pretoria : RGN.

MöLLER, H.J. 1974. Stedelike Bantoe en die kerk. Deel V. Kerk en samelewing by die stedelike Bantoe. Pretoria : RGN.

MOTSHOLOGANE, S.R. 1974. Influence of urbanization on the role and status of husband and wife in the Tswana family. Pietersburg. (Dissertation (M.A.) - University of the North.)

MOTSUEYANA, S.M. 1979. A Tswana growing up with Afrikaners. Pasadena, Calif. : Institute of Technocology.

MURRAY, W.F. 1980a. Kinship: Continuity and change. (In Lye, C. & Murray, W.F., ed. Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho. Cape Town : David Philip. p. 106 - 121.)

MURRAY, W.F. 1980b. The Political community: From tribe to nation. (In Lye, C. & Murray, W.F., ed. Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho. Cape Town : David Philip. p. 88 - 105.)

MURRAY, W.F. 1980c. The Tswana and Southern Sotho people. (In Lye, C & Murray, W.F., ed. Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho. Cape Town : David Philip. p. 9 - 23.)

NEL, A. 1978. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 3: Die opvoeding van die swartkind. Pretoria : RGN. (Verslag nr. 0 - 74.)

NXUMALO, O.E.H.M. 1984. Man image and child image in traditional education in Southern Africa. Paidonomia : Journal of the Faculty of Education (University Zoeloeland), 12(1): 37 - 51, June.

ODENDAL, F.F., red. 1985. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OXFORD ENGLISH DICTIONARY. 1989. Volume 18. Oxford : Clarendon Press.

PARRINDER, G. 1954. African traditional religion. Westport, Connecticut: Greenwood Press.

PARRINDER, G. 1969. Religion in Africa. Harmondsworth : Penguin Books.

PAUW, B.A. 1980. The second generation: A study of the family among urbanized Bantu in East London. Cape Town : Oxford University Press.

PELSER, J.J. 1974. Die invloed van die heersende kulturele milieu op die ontwikkeling van entrepeneurskap onder die Tswana in die distrikte Bafokeng en Mankwe. Pretoria : RGN. (Instituut vir Mannekragnavorsing. Nr. mm-51.)

PETERS, F.W. 1985. 'n Kritiese uiteensetting van en evaluering van 'n bepaalde nie-Christelike opvoedingsbeskouing, naamlik van die Swart Christo-Paganisme. Potchefstroom. (Referaat (B.Ed.) - PU vir CHO.)

PISTORIUS, P. 1978. Padlangs met die pedagogiek. Potchefstroom : Pro Rege Pers.

PRESTON-WHYTE, E. 1974. Kinship and marriage. (In Hammond-Tooke, W.D., ed. The Bantu-speaking peoples of Southern Africa. London : Routledge & Kegan Paul. p. 177 - 210.)

RAY, B.C. 1976. African religions. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

READER'S DIGEST GREAT ILLUSTRATED DICTIONARY
kyk
ILSON, R.

REDELINGHUYS, H.J. 1974. Gesindheid van manlike Tswana-werksoekers in die Rustenburg-area ten opsigte van soort werk, toesig en werkgebied. Pretoria : RGN. (Instituut vir Mannekragnavorsing. Nr. mm-49.)

RHENOSTER, J.C. 1971. Skool-gemeenskapverhouding: 'n sosiologies-pedagogiese ondersoek met spesiale verwysing na die Tswana volks-eenheid in Wes-Transvaal en Noord-Kaapland. Pietersburg. (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van die Noorde.)

ROBERTS, S. 1972. Restatement of African law 5: Botswana v.1. Tswana family law. London : Sweet & Maxwell.

ROSENTHAL, E. 1965. Encyclopaedia of Southern Africa. London : Frederick Warne.

SCHAPERA, I. 1956. Cultural changes in tribal life. (In Schapera, I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 357 - 387.)

SCHAPERA, I. 1970. Tribal innovators: Tswana chiefs and social change 1795-1940. New York : Humanities Press.

SCHAPERA, I. 1971a. Rainmaking rites of Tswana tribes. Leiden : Afrika Studiesentrum.

SCHAPERA, I. 1971b. The Tswana. London : International African Institute.

SCHAPERA, I. & GOODWIN, A.J.H. 1956. Work and wealth. (In Schapera, I., ed. The Bantu-speaking tribes of South Africa. Cape Town : Maskew Miller. p. 131 -171.)

SCHOEMAN, P.G. 1975a. Grondslae en implikasies van 'n Christelike opvoedingsfilosofie. Bloemfontein : Sacum.

SCHOEMAN, P.G. 1975b. Grondtrekke van die fenomenologiese pedagogiek in Suid-Afrika. Bloemfontein : Sacum.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die wysgerige pedagogiek. Pretoria : Sacum.

SCHOEMAN, P.G. 1983. Wysgerige pedagogiek. Pretoria : Sacum.

SETILOANE, M. 1976. The image of God among the Sotho-Tswana. Rotterdam : Balkema.

STRAUSS, D.F.M. 1971. Wetenskap en werklikheid. Bloemfontein : Sacum.

TEMPELS, P.P. 1946. Bantoe-filosofie. Antwerpen : De Sikkel.

TYRELL, B. 1968. Tribal peoples of Southern Africa. Cape Town : Books of Africa.

VAN DER STOEP, F. 1972. Didaskein. Johannesburg : McGraw-Hill.

VAN DER VLIET, V. 1974. Growing up in traditional society. (In Hammond-Tooke, W.D., ed. The Bantu-speaking peoples of Southern Africa. London : Routledge & Kegan Paul. p. 211 - 245.)

VAN DER WALT, B.J. 1976. Bantoedenke in vergelyking met Westerse denke. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Reeks F3 nr. 4.)

VAN DER WALT, B.J. 1978a. Heartbeat. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER WALT, B.J. 1978b. Horizon. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Om mens te wees. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L. 1980. Opvoedkunde as lewende wetenskap. Pretoria : Butterworths.

VAN DER WALT, J.L. 1982. Navorsingsmetode van die fundamentele opvoedkunde. Koers 47 (1): 28 - 44.

VAN DER WALT, J.L. 1984. Differensiasie in die onderwys op grond van lewensbeskoulike verskille tussen groepe mense in die RSA. (Navorsingsverslag wat 'n onderdeel vorm van die RGN/PU vir CHO-navorsingsprojek "Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys" van die departement Fundamentele Opvoedkunde, PU vir CHO.)

VAN DER WALT, J.L. 1986. Die relevansieprobleem van die skool in die Swart gemeenskap in die RSA. (Referaat gelewer by geleentheid van die SAVBO-kongres, RAU Johannesburg, Jan. 1986.)

VAN DER WALT, J.L. 1987. Refrain from frontal attacks on Afrikaner educational theory: a plea. Matlhasedi, 6 (1/2): 5.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1982-1983. Fundamentele opvoedkunde vir onderwystudente. Silverton : Promedia Publikasies.

VAN DER WALT, J.L. & POSTMA, W. 1987. Strominge in die opvoedingsteorie. Hillcrest : Owen Burgess Uitgewers.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN WYK, J.H. 1977. Inleiding tot die fundamentele opvoedkunde. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WATEREN, H. 1976. Bantoefilosofie? Enkele opmerkings. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Reeks F3 no. 4.)

VAN ROOY, J.A. 1978. The traditional world view of Black people in Southern Africa. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Reeks F1 nr. 130.)

VAN VUUREN, J.C.G. 1976. Oriëntering in die pedagogiek. Pretoria : Unisa.

VILAKAZI, A. 1965. Zulu transformations. Pietermaritzburg : University of Natal.

WILDS, E.H. & LOTTICH, K.V. 1970. The foundations of modern education. New York : Holt, Rinehart & Winston.

WILSON, M. 1969. Changes in social structure in Southern Africa: the relevance of kinship studies to the historian. (In Thompson, L., ed. African societies in Southern Africa. London : Heinemann. p. 71 - 85.)

WILSON, M. 1969. Co-operation and conflict: the Eastern Cape frontier. (In Wilson, M. & Thompson, L., ed. Oxford history of South Africa 1 (South Africa to 1870). Oxford : Clarendon Press. p. 233-271.)

WOUDSTRA, M.W. 1973. Opvoeding en grondmotief by die Tswana: 'n vergelykende studie van enkele onderwysaspekte. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Unisa.)

BYLAE A

## 1. BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

U naam?

Manlik/Vroulik?

U ouderdom?

U adres?

Wat is u huwelikstaat?

Hoeveel geld verdien u per maand?

Hoeveel kinders het u?

Hoe is u gesondheid?

Aan watter kerk behoort u?

Aan watter stam/volk behoort u?

Hoeveel tale kan u praat?

Watter tale is dit?

Watter werk doen u eggenoot?

In watter soort huis bly u?

Hoe kom u by die werk?

Gaan u kinders skool toe?

Hoe oud is hulle?

Lees u koerant?

Luister u radio?

Kyk u TV?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 2. FISIESE OMSTANDIGHEDE

### 2.1 Slaap

Kry u kinders genoeg slaap (ongeveer 8 uur per nag)?

Hoe vroeg staan hulle op?

Waar slaap hulle?

Hoeveel slaap saam?

Slaap hulle saam met ouers/ander familie?

Is genoeg slaap belangrik vir kinders?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

### 2.2 Eet

Eet u en u huismense 3x per dag?

Wat eet u?

Eet u en u huismense gesond?

Is u kinders gesond?

Watter soorte kos dink u moes hulle nog kon eet?

Eet hulle met 'n mes en vurk?

Wie het hulle so leer eet?

Koop u graag vir u kinders lekkers en koeldrank?

Dink u dis sommer geldmors?

Sit u en u huismense aan 'n tafel as u eet?

Moet almal daar wees as u eet?

Eet u elke ete saam?

Wie dek die tafel?

Wie maak die kos?

Kry die kinders ook 'n geleentheid om te help met die kosmaak?

Wie was die skottelgoed?

Kan die seun ook daarmee help of is dit nie sy tipe werk nie?

Brou u familie graag hulle eie bier?

Koop u dit liewers in die winkel?

Verkies u brandewyn en ander soort sterk drank?

Gaan u in 'n biersaal en drink daar saam met ander?

Is dit vir u lekkerder om saam met ander te drink?

Kan 'n mens siek word van tradisionele bier?

Kan 'n mens siek word van die witmense se bier?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

2.3 <u>Klere</u>

Is u kinders ordentlik aangetrek?

Kry hulle warm in die winter?

Waar kry u al hulle klere?

Watter tipe klere wil u graag aantrek?

Het u al 'n lid van u stam gesien met tradisionele drag soos grasrompe, krale, ensovoorts?

Hou u daarvan?

Beskou u dit as outyds?

Wens u dat die Tswana dit meer moet dra om te wys dat hulle trots is op hulle tradisies?

Dink u dat dit slegs op feestelike geleenthede gedra moet word wat 'n tradisionele karakter het?

Het u al so 'n uitrusting self gedra?

Wie sorg dat die kinders se klere skoon is?

Wie maak stukkende klere reg?

Moet die ouer kinders vir die jongeres se klere sorg?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 2.4 Huis

In watter tipe huis woon u:
- 'n ronde hut met 'n grasdak?
- 'n steenhuis met 'n sinkdak?

As u 'n ronde huis sien met 'n grasdak beskou u dit as:
- outyds?
- armoedig?
- die besitting van mense wat trots is op hulle Tswana-erfenis?

Het u 'n lapa?

Hoeveel vertrekke is daar in u huis?

Is daar 'n stoof?

Het elkeen 'n bed?

Is daar vir almal eetgerei?

Watter vertrekke se meubels het u?

Het u 'n tuin?

Wie werk in die tuin?

Wie maak die huis skoon?

Watter werk moet die seuns doen?

Wie maak kos?

Het u 'n radio?

Luister u daarna?

Waarna luister u graag?

Het u 'n televisie?

Mag u kinders na enigiets kyk?

Het u al agtergekom dat daar swak en goeie programme is?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 2.5 Skool

Hoe vroeg gaan u kinders skool toe?

Hoeveel van u kinders is in die skool?

In watter standerds is hulle?

Leer hulle mooi?

Sukkel u dat hulle hul huiswerk moet doen?

Kry hulle tyd om huiswerk te doen?

Kry hulle huiswerk?

Wat betaal u?

Kan u dit bekostig?

Koop u self die boeke?

Pas hulle die boeke op?

Het hulle goeie onderwysers?

Wit of swart onderwysers?

Wat verkies u?

Neem hulle aan sport deel?

Dink u dis nodig dat hulle aan sport deelneem?

Het hulle ander buitemuurse bedrywighede?

Watter vakke neem hulle op skool?

Van watter vakke hou hulle die meeste?

Watter vakke is vir u die belangrikste?

Wil u graag hê dat u kinders skool toe moet gaan?

Moet u elke dag met hulle raas om skool toe te gaan?

Hoekom wil u hê dat u kind moet skool toe gaan?

Wil u hê dat u kinders matriek moet maak?

Leer kinders enigiets van die Tswana-tradisies in die skool?

Sal u graag wil hê dat hulle meer van die tradisies moet leer?

Behoort 'n persoon soveel as moontlik te wete te kom van sy tradisies en gebruike?

'n Persoon wat geïnisieer is, kan trots voel dat hy ten volle volwasse is - stem u saam?

'n Tswana wat geïnisieer is weet meer van Tswana-tradisies as een wat nie is nie - stem u saam?

As 'n seun nie 'n insisiasieseremonie bygewoon het nie, moet hy na 'n ander instansie gestuur word sodat hy voorberei kan word vir volwassenheid?

Hou u kinders van die skool?

Waarvan hou hulle nie?

Plus ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

2.6 Godbeskouing

Aan watter kerk behoort u?

Gaan u gereeld kerk toe?

Is u 'n volle lidmaat/dooplidmaat/aanhanger?

Was u voorheen lidmaat van 'n ander kerk?

Is u as 'n Christen gebore?

Wanneer was u laas in die kerk?

Is Christene goeie mense?

Hoekom het u van lidmaatskap verander?

Watter van die volgende maniere van huweliksbevestiging geniet u voorkeur:

- 'n Huwelik in die kerk?
- Voor die magistraat?
- Geen huwelik, net saamwoon?

Glo u nog aan lobola?

As u daaraan glo, hoekom?

Wie is modimo:

- Die almagtige wat in die Bybel beskryf word?
- 'n Heerser oor die bestemming van die mens?
- die kontroleerder van die weer wat in geen opsig verbind word met die Almagtige van die Christelike geloof nie?

Wie is God?

Hoe lyk Hy?

Werk God in u lewe?

Ken u 'n moruti?

Het God al met u gepraat?

Glo u in u voorvaders?

Glo u aan u stamgode?

Is daar 'n Bybel in u huis?

Lees u die Bybel of laat u iemand dit voorlees?

Kan die Here 'n mens siek maak?

Kan die Here 'n mens gesond maak as mens siek is?

Indien ja, hoe weet 'n mens dat jou voorvaders jou siek gemaak het?

Kan 'n towenaar 'n mens siek maak?

Hoe lank gelede was daar iemand in u huis wat siek geword het omdat hy getoor is?

Hoe lank gelede was daar iemand in u huis siek omdat die voorvaders hom siek gemaak het?

Indien u siek sou word of 'n ander probleem sou hê, sou u dit oorweeg om 'n toordokter te raadpleeg?

Dui een faktor aan wat u sou aandui as die oorsaak van siektes:
- Die Here
- Toordery
- Voorouers
- Kieme
- Te min kos
- Die weer
- Ongebalanseerde dieet

Sal u dit oorweeg om 'n Westerse dokter te raadpleeg?

As u al by een was, het sy medisyne u gesond gemaak?

Indien u al in 'n hospitaal opgeneem is, het die behandeling die siekte genees?

Indien 'n kind siek word, wie besluit deur wie hy behandel moet word:

- Pa?
- Ma?
- Pa en ma?
- Ander verwante?

Beskou u u voorvaders as persone tot wie u u kan wend as dinge verkeerd loop?; of
as mense wat dood is en dus tot die verlede behoort?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 3. WERKLIKHEIDSBESKOUING

Is daar iemand wat bo is en iemand wat onder is in u lewe?

Bêre u u geld vir môre?

Spaar u u geld?

Bêre u kos?

As u 'n skaap present kry, sal u alles met een slag opeet of sal u dit bêre?

Wat koop u elke maand?

Bêre u geld vir iets wat u graag wil koop?

Koop u goed en betaal dit elke maand?; of

Spaar u liewer geld en koop dit dan?

Wie dink u het alles in die wêreld gemaak?

Gaan die wêreld altyd so bly?

Verander dinge?

Het u 'n siel?

Is die siel in die liggaam?

Wie verander dit?

Behoort kos aan almal?

Is eiendom almal s'n?

As u 'n bed het, is dit net u s'n?

Waar wil u graag 'n huis hê:
- In Bophuthatswana?
- In Ikageng?
- In die RSA?
- In die wit woongebied?

Wil u graag u eie huis hê?

Maak dit saak as u dit met iemand anders moet deel?

As enigiemand anders nie plek het om te bly nie, sal u dat hy/sy by u kom bly?

Kan hy verniet bly?

Plus ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 4. MENSBESKOUING

Is dit lekker om alleen te wees?

Speel, drink, kuier u graag saam met ander mense?

Deel u graag met ander mense?

Hoe lyk die mens?

Het u 'n siel?

Is die siel in die liggaam?

Kan hy uit die liggaam gaan?

As die mens doodgaan, gaan sy siel ook dood?

Waar gaan hy heen as hy doodgaan?

Is die mens sleg/goed?

Wie het die mens gemaak?

Is u bang vir God?

Is u bang vir die thikoloshe?

Is u lief vir God?

Is dit belangrik om 'n familie te hê?

Is dit belangrik om saam met ander mense kerk te hou?

Is die mense wat op ander plekke gaan werk nog deel van die mense op die plek waarvandaan hulle oorspronklik kom?

Is dit belangrik om iemand te begrawe as hy doodgaan?

Hoekom word 'n mens siek?

Na wie toe gaan u as u siek geword het?

## 5. KENNISLEER

Het u van skool gehou?

Het u daarvan gehou om goed te leer?

Is u slim/dom?

Hoekom sê u so?

Het u gesukkel op skool?

Tot watter standerd het u geleer?

Van watter vakke het u gehou?

Is dit lekker om goed te leer wat mens hard laat dink?

Hoe leer u - alles uit die kop, of lees u dit net oor?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 6. SAMELEWING

Kan u die name noem van al die lede in u familiegroep?

Bly u in noue kontak met u familie?

Glo u dat die man die hoof van die huishouding moet wees?

Het elkeen 'n spesifieke taak in die huishouding?

Wie doen die veewerk?

Wie maak die vuur?

Wie kyk na die vee?

Kan u u totem noem?

Behoort 'n ware Tswana sy totem te ken?

Behoort meer vrouens in die regering te dien?

Die seuns van 'n hoofman behoort 'n plek van eer te kry - stem u saam?

'n Opgeleide vrou soos 'n verpleegster of onderwyseres weet meer van die lewe in die algemeen, as die een wat geen opleiding gehad het nie - stem u saam?

Sal u geaffronteerd voel as 'n kind wat jonger is as u, u nie met respek behandel nie?

Betoon u altyd respek teenoor persone ouer as uself?

Wie is verantwoordelik vir die kos in die huis?

Moet u omsien na u eie gesin of is daar ander mense ook vir wie u moet help?

As u nie werk het nie, wie moet u help?

As u sien iemand sukkel, help u hom graag of moet elkeen maar vir homself sorg?

As dit kom by 'n huweliksmaat, wie se opinie moet in ag geneem word:
- Die familie s'n?
- U eie gevoelens?

Watter een van die twee s'n is die belangrikste?

Wie van die volgende is 'n ideale huweliksmaat:
- 'n Tswana?
- 'n Lid van enige ander stam?
- Enige swartman of -vrou?
- 'n Witman of -vrou?

Plus nog ander inligting wat spontaan gevind/gelewer word.

## 6. DOELLEER

Wat is u doel in die lewe?

## 7. OPVOEDINGSFILOSOFIE

### 7.1 Aard en wese

Probeer u u kinders mooi grootmaak?

Is daar kinders wat lelik/mooi grootword?

Wanneer is 'n kind vir u lelik?

Wat probeer u met u kinders doen?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

## 7.2 Doel

Hoe wil u hê moet u kind wees?

Moet hy 'n goeie werk hê?

Moet hy van sy ma/pa hou?

Moet hy self 'n goeie ouer word?

Moet hy mooi maniere hê?

Watter tipe werk moet hy doen?

Moet die mense van hom hou?

Moet hy 'n goeie kind van die Here wees?

Moet hy goed kan praat met ander mense?

Moet hy baie geld kry?

Wat sien u die graagste in 'n jongman/jongvrou?

Wat is die belangrikste en benydenswaardigste posisie in die samelewing?

Wanneer sal u trots voel op u seun?

En op u dogter?

Wanneer gaan u skaam kry vir u seun se part?

En vir u dogter?

Wat haat u die meeste:
- 'n dief, suinigheid, leuenaar?

Wat wil u nie graag genoem word nie:
- suinig, praatsiek, bakleier, opgevoed, nie-opgevoed?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

7.3 Metodes

Wat doen u met u kind dat hy moet leer?

Soen u u kind baie?

Druk u hom?

Wys u vir hom hoe om iets te doen of moet hy kyk hoe u dit doen?

Is inisiasie belangrik vir u?

Wat leer die kinders daar?

Hoe leer hulle dit?

Hoe leer kinders dinge in die veld of is dit nie meer belangrik om dit te weet nie?

Hoe leer hy sy eie naam en dié van die ander mense ken?

Hoe leer u 'n kind as u wil hê hy moet u help in die huis?

Sê u vir hom as hy iets mooi gedoen het?

Wat doen u as hy nie doen wat u vir hom gesê het om te doen nie?

Gee u net klere en kos?

Slaan u hom as hy nie wil leer nie?

Moet die skool die kind grootmaak?

Wanneer praat u met u kind?

Kyk u dat hy/sy huiswerk doen?

Praat u met die onderwysers oor u kind?

Raas u met hom as hy nie mooi werk nie?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

7.4 <u>Opvoeder</u>

Wie werk met die kinders?

Wie leer die seun/dogter wat hulle moet weet?

Hoe ver het die pa/ma in die gesin geleer?

Werk die pa weg van die huis?

As dit die geval is, stuur hy sy geld huis toe?

Het hy verder niks met die kinders te doen nie?

As die ma en die pa werk, wie kyk na die kinders by die huis?

Woon die kleintjies 'n kleuterskool by?

Wie kyk dat hulle by die skool kom?

En die groter kinders: wie sien na hulle om?

Wat vertel die pa vir julle as hy by die huis kom (indien hy weg werk)?

Verlang hy na julle?

Is hy bekommerd oor julle?

Is hy bang julle ly honger?

Dink u kind u is dom?

Wil hy nie vir u luister nie, omdat hy dink u weet te min?

Wie behartig die opvoeding:
- Pa/ma?
- ander kinders?
- groter kinders?

Wie gee kos?

Wie koop hulle klere?

Kan hulle sê watter klere hulle wil hê?

Werk die skool alleen met die kinders?

Wie kyk na die kind as hy 'n baba is?

Plus ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

7.5 <u>Opvoedeling</u>

Is u kind soet/stout/mooi/lelik?

Wou u u kind gehad het?

Wou u man die kind hê?

Wil u nog kinders hê?

Hoekom wil u kinders hê?

Moet u kind vir u sorg as u oud is?

Het u kinders sodat hulle vir u kan sorg?

Wie gee vir u 'n kind?

Kan u met u kind maak wat u wil as hy klein is?

As 'n kind doodgaan as hy nog baie klein is, begrawe u hom?

Wanneer is u kind vir u groot?

Moet 'n kind doen wat u vir hom sê of mag hy vra hoekom moet hy dit doen?

Kan 'n kind sonde doen?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

7.6 Tug

Wie straf die kinders?

Raas u met hulle?

Wanneer raas u met hulle?

Kry hulle slae?

Waarmee slaan u hulle?

Hoekom slaan u hulle?

Gee u ander straf soos sonder kos gaan slaap of vroeër gaan slaap?

Moet alle kinders vir 'n grootmens luister of net jou eie?

Kan u met enige kind raas as hy stout is?

Moet u respek hê vir enigeen as hy ouer is as u?

Al is dit 'n slegte mens, persoon om na te luister?

Wanneer is 'n kind stout?

Wanneer moet hy gestraf word?

Plus nog ander inligting wat spontaan gelewer/gevind word.

---oOo---